Eenjarige en nieerjarige blomplante, kruidagtige pot- en glashuisplante, vetplante, kaktusse, groenteplante en akkerbou- en weidingsgewasse/Annual and perennial flowering plants, herbacious pot and glass house plants, succulents, cacti, vegetable transplants and field and pasture crops	Acanthaceae (slegs die genera/only the genera *Acanthus, Fillonia, Peristrophe*), Actinidiaceae Agavaceae, Aizoaceae, *Amarantaceae*, Aphyllanthaceae, Apocynaceae (die genus/the genus *Amsonia*), Araceae, Asclepiadaceae (die genus/the genus *Caralluma*), Balsaminiaceae, Begoniaceae, Bierbersteiniaceae, Boraginaceae (slegs die genera/only the genera *Borago, Cynoglossum, Myosotidium, Brunnera, Mertensia, Myosotis, Omphalodes, Moltkia, Onosma, Lithospernum, Pulmonaria, Symphytum, Anchusa, Pentaglottis, Echium*), Bromeliaceae, Byblidaceae, Cactaceae, Campanulaceae (slegs die genera/only the genera *Campanula, Adenophora, Symphyandra, Apeculania, Codonopsis, Platycoden, Wahlenbergia, Edraianthus, Michayxia, Phyteuma, Jasione*), Caricaceae, Carlemanniaceae, Carophyllaceae, Centrolepidaceae, Chenopodiaceae (slegs die genera/only the genera *Beta, Kochia, Spinacia*), Chloranthaceae, Circaesteraceae, Cistaceae, Cleomaceae, Cneoraceae, Commeliaceae, Compositae, Convolvulaceae, Coridaceae, Corsiaceae, Costaceae, Crassulaceae, Croomiaceae, Cruciferae, Cucurbitaceae, Cyrnodoceaceae, Diaspensiaceae, Dioneophyllaceae, Dipsacaceae, Donatiaceae, Droseraceae, Dysphaniaceae, Eriocaulaceae, Erythropalaceae, Euphorbiaceae (slegs die genera/only the genera *Euphorbia, Pedilanthus*), Euriplaceae, Flagellariaceae, Francoaceae, Frankeniaceae, Geraniacea, Gesneriacea, Gleicheniaceae, Gramineae, Grammatidaceae, Haemodoraceae, Halophytaceae, Hectorelliaceae, Hydrophyllaceae, Hypecoaceae, Hypoxidaceae, Juncaceae, Kingdoniaceae, Leguminosae (slegs die genera/only the genera *Lathyrus, Vicia, Pisum, Lens, Abrus, Cicer, Arachis, Hippocrepis, Onobrychis, Lespedeza, Desmodium, Alysiocarpus, Petatostemon, Swainsonia, Clycyrrhiza, Galega, Astrolagus, Lupinus, Crotolaria, Anthyllis, Lotus, Clitoria, Apios, Kennedya, Psophocarpus, Pachyrrhizus, Phaseolus, Dollchos, Stizolobium, Pueraria, Canavalia, Glycine, Baptisia, Thermopsis, Chorizema, Trifolium, Medicago, Trigonella, Melilotus*), Lepuropetalaceae, Linaceae, Loasaceae, Lobeliaceae (slegs die genera/only the genera *Pratis, Downinguic*), Malesherbiaceae, Malvaceae (slegs die genera/only the genera *Malva, Calirrhoë, Molope, Gossypium*), Marantaceae, Maregraviaceae, Martyniaceae, Musaceae, Nelumbonaceae, Nyctaginaceae (slegs die genera/only the genera *Mirabllis, Abromia*), Nymphaceceae, Onagraceae, Orchidaceae, Oxalidaceae, Papaveraceae, Parnassiaceae (die genus/the genus *Parnassia*), Passifloraceae, Penaeaceae, Penthoraceae, Peperomiaceae, Periplocaceae, Philydraceae, Phrymataceae, Plantaginaceae, Plumbaginaceae (die genus/the genus *Armeria*), Podostemaceae, Polemoniaceae (slegs die genera/only the genera *Polemomium, Gilia, Collonia, Phlox, Cobeae*), Polygalaceae, Portulacaceae, Posidoniaceae, Primulaceae, Pteridophyllaceae, Pyrolaceae, Rapateaceae, Rubiaceae (slegs die genera/only the genera *Galium, Asperula, Crucianella, Richardia, Nertera, Michella, Houstonia*), Ruscaceae, Sarraceniaceae, Saxifragaceae (slegs die genera/only the genera *Francoa, Nitella, Tolmeic, Peltiphyllum, Henchera, Heucherella, Tiarella, Bergenia, Boykinia, Astilbe, Saxifraga*), Scrophulariaceae, (slegs die genera/only the genera *Calceolaria, Wulfenia, Synthyris, Verenicastrum, Chelone, Celsia, Rehmannia, Pendicularis, Erinus, Digitalis, Lisoplexis, Anarrhinum, Maurandya, Antirrhinum, Cymbalaria, Linaria, Chaenorrhinum, Zaluzianskya, Torenia, Collensia*), Selaginellaceae, Solanaceae (slegs die genera/only the genera *Solanum, Lycopersicum, Capsicum, Physalis*), Sphenocleaceae, Spegeliaceae, Stackhousiaceae, Stenmonaceae, Streptochaetaceae, Stylidiaceae, Taccaceae, Tetrachondraceae, Tetraganiaceae, Thurniaceae, Tovariaceae, Tremondraceae, Tribelaceae, Trichopodaceae, Trigeniaceae, Tropaeolaceae, Umbellifera, Urticaceae, Vahliaceae, Valerianaceae, Verbenaceae (die genus/the genus *Phyla*), Violaceae, Vivianiaceae, Wellstediaceae, Welwitschraceae, Xanthorrhoeaceae, Zingerberaceae.

IN LUMINE TUO VIDE SIMU LUME University of Pretoria Together in Excellence

No. R.1064] [23 May 1980

PLANT IMPROVEMENT ACT, 1976 (ACT 53 OF 1976)

REGULATIONS RELATING TO ESTABLISHMENTS, VARIETIES, PLANTS AND PROPAGATING MATERIAL

The Minister of Agriculture and Fisheries has made the following regulations under section 34, read with sections 4, 7, 9, 12, 13, 16, 18, 20, 21, 22, 25, 26, 30 and 32, of the Plant Improvement Act, 1976 (Act 53 of 1976):—

ARRANGEMENT OF REGULATIONS

		Regulation
Definitions		1
Chapter I:	Registration of establishments	2– 4
Chapter II:	Requirements relating to establishments	5– 8
Chapter III:	Records to be kept at establishments	9–15
Chapter IV:	Recognition of varieties	16–20
Chapter V:	Requirements relating to seed	21–29
Chapter VI:	Requirements relating to plants and propagating material excluding seed	30–32
Chapter VII:	Containers of propagating material	33–34
Chapter VIII:	Marking and labelling of plants and propagating material	35–40
Chapter IX:	Importation of plants and propagating material	41–45
Chapter X:	Inspection and sampling of seed	46–48
Chapter XI:	Inspection and sampling of plants and propagating material excluding seed	49–51
Chapter XII:	General	52–58

SCHEDULES

Schedule A:	Application for registration as an establishment
Schedule B:	Application for renewal of registration as an establishment
Schedule C:	Application for recognition of a variety
Schedule D:	Declaration relating to propagating material submitted in respect of a variety
Schedule E:	Declaration relating to imported seed
Schedule F:	Inspection report
Schedule G:	Sampling certificate in respect of seed
Schedule H:	Certificate of analysis in respect of seed
Schedule I:	Sampling certificate in respect of plants and propagating material excluding seed
Schedule J:	Certificate of analysis in respect of plants and propagating material excluding seed
Schedule K:	Application for a certificate in respect of particulars/copy of a document

TABLES

Table 1:	Fees payable
Table 2:	Provisions relating to the recognition of varieties
Table 3:	Particulars relating to varieties to be published
Table 4:	Provisions relating to seed and seed samples
Table 5:	Ports of entry and addresses for submission of declarations
Table 6:	Prohibited weed seed

DEFINITIONS

1. Unless the context otherwise indicates, words and expressions in these regulations have the meaning assigned thereto in the Act, and—

"agricultural remedy" means an agricultural remedy registered in terms of the Fertilizers, Farm Feeds, Agricultural Remedies and Stock Remedies Act, 1947 (Act 36 of 1947);

"container"—

(i) in the case of a plant, means the container in which such plant grows or is packed; and

(ii) in the case of propagating material, means the container

No. R.1064] [23 Mei 1980

PLANTVERBETERINGSWET, 1976 (WET 53 VAN 1976)

REGULASIES MET BETREKKING TOT ONDERNEMINGS, VARIËTEITE, PLANTE EN VOORTPLANTINGSMATERIAAL

Die Minister van Landbou en Visserye het die volgende regulasies kragtens artikel 34, saamgelees met artikels 4, 7, 9, 12, 13, 16, 18, 20, 21, 22, 25, 26, 30 en 32, van die Plantverbeteringswet, 1976 (Wet 53 van 1976), uitgevaardig:—

INDELING VAN REGULASIES

		Regulasie
Woordomskrywing		1
Hoofstuk I:	Registrasie van ondernemings	2– 4
Hoofstuk II:	Vereistes betreffende ondernemings	5– 8
Hoofstuk III:	Aantekeninge wat by ondernemings gehou moet word	9–15
Hoofstuk IV:	Erkenning van variëteite	16–20
Hoofstuk V:	Vereistes betreffende saad	21–29
Hoofstuk VI:	Vereistes betreffende plante en voortplantingsmateriaal uitgesonderd saad	30–32
Hoofstuk VII:	Houers van voortplantingsmateriaal	33–34
Hoofstuk VIII:	Merk en etikettering van plante en voortplantingsmateriaal	35–40
Hoofstuk IX:	Invoer van plante en voortplantingsmateriaal	41–45
Hoofstuk X:	Ondersoek en monsterneming van saad	46–48
Hoofstuk XI:	Ondersoek en monsterneming van plante en voortplantingsmateriaal uitgesonderd saad	49–51
Hoofstuk XII:	Algemeen	52–58

BYLAES

Bylae A:	Aansoek om registrasie as 'n onderneming
Bylae B:	Aansoek om hernuwing van registrasie as 'n onderneming
Bylae C:	Aansoek om erkenning van 'n variëteit
Bylae D:	Verklaring betreffende voortplantingsmateriaal wat ten opsigte van 'n variëteit ingedien word
Bylae E:	Verklaring betreffende ingevoerde saad
Bylae F:	Verslag van ondersoek
Bylae G:	Monsternemingsertifikaat ten opsigte van saad
Bylae H:	Ontledingsertifikaat ten opsigte van saad
Bylae I:	Monsternemingsertifikaat ten opsigte van plante en voortplantingsmateriaal uitgesonderd saad
Bylae J:	Ontledingsertifikaat ten opsigte van plante en voortplantingsmateriaal uitgesonderd saad
Bylae K:	Aansoek om 'n sertifikaat ten opsigte van besonderhede/afskrif van 'n dokument

TABELLE

Tabel 1:	Gelde betaalbaar
Tabel 2:	Bepalings betreffende die erkenning van variëteite
Tabel 3:	Besonderhede betreffende variëteite wat gepubliseer moet word
Tabel 4:	Bepalings betreffende saad en saadmonsters
Tabel 5:	Plekke van binnekoms en adresse vir indiening van verklarings
Tabel 6:	Verbode onkruidsaad

WOORDOMSKRYWING

1. Tensy uit die samehang and[illegible]k, het woorde en uitdrukkings in hierdie regulasies dieselfde[illegible]is as deur die Wet daaraan toegeken, en beteken—

„ander materiaal"—

(i) in die geval van verkorrelde saad, alle materiaal uitgesonderd die suiwer korrels wat daarin teenwoordig is;

(ii) in die geval van saad van 'n besondere soort wat nie

in which such propagating material is packed, but does not include a shipping container in which such propagating material is imported;

"insect" means any invertebrate member of the animal kingdom, irrespective of the stage of its development;

"lot" means a quantity of plants or propagating material of which the properties are homogeneous to the extent required by the Act and these regulations and, if applicable, the scheme concerned;

"lot number" means a code number which a person has allocated to a particular lot of plants or propagating material for purposes of identification and which differs from the lot number allocated by him to any other lot of plants or propagating material;

"mixture", in relation to seed, means a lot consisting of seed of various kinds and varieties of plants which, with a view to its usefulness for agricultural purposes, is obtained by mixing such propagating material in a particular proportion, but does not include a lawn mixture;

"other matter"—

(i) in the case of pelleted seed, means all matter excluding the pure pellets which are present therein;

(ii) in the case of seed of a specific kind which is not pelleted, means all matter, including other seed, which is present therein and is visually distinguishable from seed of the kind concerned; and

(iii) in the case of a mixture which is not pelleted, means all matter, including other seed, which is visually distinguishable from seed of the kinds comprising the mixture;

"other seed"—

(i) in the case of seed of a specific kind, means all seed, irrespective whether it is of a kind to which the Act applies, which is present therein and is visually distinguishable from seed of the kind concerned; and

(ii) in the case of a mixture, means all seed, irrespective whether it is of a kind to which the Act applies, which is present therein and is visually distinguishable from seed of the kinds which are specified on containers of that mixture or on labels attached to the containers concerned, as kinds comprising that mixture;

"pelleted seed" means seed which has been coated with some or other substance in order to facilitate planting or establishment;

"prohibited weed seed" means seed of the kinds of plants indicated in Table 6 hereto;

"port of entry" means a place through which plants and propagating material may be imported into the Republic in terms of section 26 of the Act;

"pure pellets", in relation to pelleted seed, means undamaged pellets, pellets with obvious cracks or fissures and damaged pellets larger than half the original size, irrespective of whether those pellets contain any seed;

"seed" means seed which is propagating material;

"the Act" means the Plant Improvement Act, 1976 (Act 53 of 1976);

"true to variety", in relation to—

(i) seed of a particular variety, means that all plants cultivated from the seed concerned correspond to the description of a plant of the variety concerned, and are clearly distinguishable from any other variety of the same kind of plant; and

(ii) plants and propagating material other than seed, of a particular variety, means that all plants correspond to the description of a plant of the variety concerned and are clearly distinguishable from any other variety of the same kind of plant.

CHAPTER I

REGISTRATION OF ESTABLISHMENTS

Application for registration

2. (1) An application for the registration of any premises in respect of a business shall be lodged in the form set out in Schedule A.

verkorrel is nie, alle materiaal, insluitende ander saad, wat daarin teenwoordig is en visueel onderskeibaar is van saad van die betrokke soort; en

(iii) in die geval van 'n mengsel wat nie verkorrel is nie, alle materiaal, insluitende ander saad, wat visueel onderskeibaar is van saad van die soorte waaruit die mengsel bestaan;

"ander saad"—

(i) in die geval van saad van 'n besondere soort, alle saad, ongeag of dit van 'n soort is waarop die Wet van toepassing is, wat daarin teenwoordig is en visueel onderskeibaar is van saad van die betrokke soort; en

(ii) in die geval van 'n mengsel, alle saad, ongeag of dit van 'n soort is waarop die Wet van toepassing is, wat daarin teenwoordig is en visueel onderskeibaar is van saad van die soorte wat op houers van daardie mengsel of op etikette wat aan die betrokke houers geheg is, aangedui is as soorte waaruit daardie mengsel bestaan;

"die Wet" die Plantverbeteringswet, 1976 (Wet 53 van 1976);

"houer"—

(i) in die geval van 'n plant, die houer waarin daardie plant groei of verpak is; en

(ii) in die geval van voortplantingsmateriaal, die houer waarin daardie voortplantingsmateriaal verpak is, maar nie ook 'n skeepsvraghouer waarin daardie voortplantingsmateriaal ingevoer word nie;

"insek" enige ongewerwelde lid van die diereryk, ongeag die stadium van sy ontwikkeling;

"landboumiddel" 'n landboumiddel wat ingevolge die Wet op Misstowwe, Veevoedsel, Landboumiddels en Veemiddels, 1947 (Wet 36 van 1947), geregistreer is;

"lot" 'n hoeveelheid plante of voortplantingsmateriaal waarvan die eienskappe homogeen is in die mate deur die Wet en hierdie regulasies en, indien van toepassing, die betrokke skema, vereis word;

"lotnommer" die kodenommer wat iemand vir doeleindes van identifikasie aan 'n besondere lot plante of voortplantingsmateriaal toegewys het, en wat verskil van die lotnommer wat deur hom aan enige ander lot plante of voortplantingsmateriaal toegewys is;

"mengsel", met betrekking tot saad, 'n lot wat uit saad van verskillende soorte of variëteite plante bestaan wat, met die oog op die bruikbaarheid daarvan vir landboudoeleindes, verkry is deur sodanige voortplantingsmateriaal in 'n besondere verhouding te vermeng, maar nie ook 'n grasperkmengsel nie;

"plek van binnekoms" 'n plek waardeur plante en voortplantingsmateriaal ingevolge artikel 26 van die Wet in die Republiek ingevoer mag word;

"saad" saad wat voortplantingsmateriaal is;

"suiwer korrels", met betrekking tot verkorrelde saad, onbeskadigde korrels, korrels met ooglopende barste of krake en beskadigde korrels wat groter as die helfte van die oorspronklike grootte is, ongeag of daardie korrels enige saad bevat;

"variëteitseg", met betrekking tot—

(i) saad van 'n bepaalde variëteit, dat alle plante wat van die betrokke saad verbou word, ooreenstem met die beskrywing van 'n plant van die betrokke variëteit en duidelik onderskeibaar is van 'n ander variëteit van dieselfde soort plant; en

(ii) plante en voortplantingsmateriaal anders as saad, van 'n bepaalde variëteit, dat alle plante ooreenstem met 'n beskrywing van 'n plant van die betrokke variëteit en duidelik onderskeibaar is van 'n ander variëteit van dieselfde soort plant;

"verbode onkruidsaad" saad van die soorte plante in Tabel 6 hiervan aangedui; en

"verkorrelde saad" saad wat met die een of ander stof omhul is ten einde plant of vestiging te vergemaklik.

HOOFSTUK I

REGISTRASIE VAN ONDERNEMINGS

Aansoek om registrasie

2. (1) 'n Aansoek om die registrasie van 'n perseel ten opsigte van 'n besigheid moet in die vorm in Bylae A uiteengesit, ingedien word.

(2) A separate application shall be lodged in respect of each separate premises and each such application shall—

(a) be accompanied by a locality sketch which clearly indicates where the premises concerned is situated; and

(b) be accompanied by the application fee specified in paragraph 1 of Table 1.

Renewal of registration

3. (1) An application for the renewal of a registration shall be lodged in the form set out in Schedule B.

(2) Such a form shall be accompanied by the renewal fee specified in paragraph 2 of Table 1.

(3) The additional fee which is payable in terms of section 9 (6) of the Act for the consideration of an application for the renewal of a registration received after 31 August but not later than 30 September, of any particular year, shall be 50 per cent of the fee payable in terms of subregulation (2) in respect of the application concerned.

Return of certificate of registration

4. The certificate of registration or fresh certificate of registration which was issued in terms of section 7 (3) *(a)* or 9 (4) of the Act, as the case may be, shall be returned to the registrar within 30 days of the date on which—

(a) a notice regarding the termination of the registration of the establishment concerned was issued in terms of section 11 of the Act; or

(b) the registration of the establishment concerned has lapsed in terms of section 12 (2) of the Act.

CHAPTER II

Requirements Relating to Establishments

Requirements for nurseries

5. A premises on which the business of a nursery is conducted may be registered as an establishment and the registration thereof be renewed if—

(a) the premises concerned is kept free from volunteer plants and effective weed control is practised;

(b) plants are kept or stored at the premises concerned in such a manner that—

(i) they are protected against damage or contamination by plant diseases, insects and rodents;

(ii) different kinds and varieties of plants are kept in separate groups so that access to each group can readily be obtained;

(iii) different kinds and varieties of plants are identified by means of suitable and clearly legible name boards or labels; and

(iv) in the case of plants and propagating material which are certified, the requirements relating to the keeping and storage thereof as determined in the scheme concerned, are complied with; and

(c) the place where plants are sold on the premises concerned—

(i) has efficient lighting so that any marks, printing or writing on containers of plants or on labels attached to plants or containers may readily be read; and

(ii) is kept in an orderly, tidy and clean condition at all times.

Requirements for businesses where propagating material is cleansed

6. A premises on which the business of the cleansing of propagating material for sale is conducted, may be registered as an establishment and the registration thereof be renewed if—

(a) the place where seed is stored and cleansed on the premises concerned—

(i) has a solid floor;

(ii) has efficient lighting so that any marks, printing or writing on containers of seed or on labels attached to such containers may readily be read;

(iii) has efficient ventilation so that excessive humidity and high temperatures which may detrimentally affect seed are prevented; and

(iv) is kept in an orderly, tidy and clean condition at all times;

(2) 'n Afsonderlike aansoek moet aldus ten opsigte van elke afsonderlike perseel ingedien word, en elke sodanige aansoek moet—

(a) vergesel gaan van 'n lokaliteitskaart wat duidelik aantoon waar die betrokke perseel geleë is; en

(b) vergesel gaan van die aansoekgeld in paragraaf 1 van Tabel 1 aangedui.

Hernuwing van registrasie

3. (1) 'n Aansoek om die hernuwing van 'n registrasie moet in die vorm in Bylae B uiteengesit, ingedien word.

(2) So 'n vorm moet vergesel gaan van die hernuwingsgeld in paragraaf 2 van Tabel 1 aangedui.

(3) Die addisionele geld wat ingevolge artikel 9 (6) van die Wet betaalbaar is vir die oorweging van 'n aansoek om die hernuwing van 'n registrasie wat na 31 Augustus, maar nie na 30 September nie, van 'n bepaalde jaar ontvang is, is 50 persent van die geld wat ingevolge subregulasie (2) ten opsigte van die betrokke aansoek betaalbaar is.

Terugsending van sertifikaat van registrasie

4. Die sertifikaat van registrasie of nuwe sertifikaat van registrasie wat ingevolge artikel 7 (3) *(a)* of 9 (4) van die Wet, na gelang van die geval, uitgereik is, moet aan die registrateur teruggestuur word binne 30 dae na die datum waarop—

(a) 'n kennisgewing in verband met die beëindiging van die registrasie van die betrokke onderneming ingevolge artikel 11 van die Wet uitgereik is; of

(b) die registrasie van die betrokke onderneming ingevolge artikel 12 (2) van die Wet verval het.

HOOFSTUK II

Vereistes Betreffende Ondernemings

Vereistes vir kwekerye

5. 'n Perseel waarop die besigheid van 'n kwekery voortgesit word, kan as 'n onderneming geregistreer en die registrasie daarvan hernieu word indien—

(a) die betrokke perseel vry gehou word van opslagplante en doeltreffende onkruidbestryding toegepas word;

(b) plante op so 'n wyse by die betrokke perseel gehou of opgeberg word dat—

(i) dit teen beskadiging of besmetting deur plantsiektes, insekte en knaagdiere beskerm word;

(ii) verskillende soorte en variëteite plante in afsonderlike groepe gehou word sodat toegang tot elke groep geredelik verkry kan word;

(iii) verskillende soorte en variëteite plante deur middel van geskikte en duidelik leesbare naamborde of etikette geïdentifiseer word; en

(iv) in die geval van plante en voortplantingsmateriaal wat gesertifiseer is, die vereistes betreffende die hou en opberging daarvan soos in die betrokke skema bepaal, nagekom word; en

(c) die plek waar plante op die betrokke perseel verkoop word—

(i) doeltreffende beligting het sodat enige merke, drukwerk of skryfwerk op houers van plante of op etikette wat aan plante of houers geheg is, geredelik gelees kan word; en

(ii) te alle tye ordelik, sindelik en skoon gehou word.

Vereistes vir besighede waar voortplantingsmateriaal skoongemaak word

6. 'n Perseel waarop die besigheid van die skoonmaak van voortplantingsmateriaal vir verkoop voortgesit word, kan as 'n onderneming geregistreer en die registrasie daarvan hernieu word indien—

(a) die plek waar saad op die betrokke perseel opgeberg en skoongemaak word—

(i) 'n soliede vloer het;

(ii) doeltreffende beligting het sodat enige merke, drukwerk of skryfwerk op houers van saad of op etikette wat aan daardie houers geheg is, geredelik gelees kan word;

(iii) doeltreffende ventilasie het sodat oormatige vogtigheid en hoë temperature wat die saad kan benadeel, voorkom word; en

(iv) te alle tye ordelik, sindelik en skoon gehou word;

University of Fort Hare
in Excellence

(b) the available facilities at the premises concerned are adequate and sufficient to ensure the satisfactory cleansing of kinds and varieties of seed which are normally handled there;
(c) seed is handled and stored at the premises concerned in such a manner that—
(i) it is protected against damage by insects and rodents;
(ii) cleansed seed is kept separate from uncleansed seed, screenings and from anything else by storing it in separate stores, or by dividing it by means of solid partitions, or by means of spaces at least one metre wide;
(iii) access to each lot of seed can readily be obtained; and
(iv) admixing of seed of different kinds of plants is prevented, except if it is done in order to make up a mixture or to add a pollinator;
(d) there are marked, printed or written on the containers of uncleansed seed at such establishment, or on labels attached to the containers concerned—
(i) the words "uncleansed seed" or "onskoongemaakte saad";
(ii) the kind and variety of the seed concerned; and
(iii) the name and address of the person from whom the seed concerned was received; and
(e) the applicable particulars which are required in terms of these regulations, are marked, printed or written on containers of cleansed seed, or on labels attached to the containers concerned.

Requirements for businesses where propagating material is prepacked

7. A premises on which the business of the prepacking of propagating material for sale is conducted, may be registered as an establishment and the registration thereof be renewed if—
(a) the place where propagating material is stored and prepacked on the premises concerned—
(i) has a solid floor;
(ii) has efficient lighting so that any marks, printing or writing on containers of propagating material or on labels attached to such propagating material or containers may readily be read;
(iii) has efficient ventilation so that excessive humidity and high temperatures which may detrimentally affect the propagating material are prevented; and
(iv) is kept in an orderly, tidy and clean condition at all times;
(b) the available facilities at the premises concerned are adequate and efficient to ensure the satisfactory prepacking of the kinds and varieties of propagating material which are normally handled there;
(c) propagating material is handled and stored at the premises concerned in such a manner that—
(i) it is protected against damage by insects and rodents;
(ii) it is kept separate from anything else by storing it in different stores, or by dividing it by means of solid partitions, or by means of spaces at least one metre wide;
(iii) access to each lot of propagating material can readily be obtained; and
(iv) admixing of propagating material of different kinds of plants is prevented, except if it is done in order to make up a mixture or, in the case of seed, to add a pollinator; and
(d) the applicable particulars which are required in terms of these regulations, are marked, printed or written on containers of propagating material, or on labels attached to the propagating material or containers concerned.

Requirements for businesses where propagating material is sold

8. A premises on which the business of the sale of propagating material is conducted, may be registered as an establishment and the registration thereof be renewed if—
(a) the place where propagating material is stored and sold on the premises concerned—
(i) has a solid floor;
(ii) has efficient lighting so that any marks, printing or

(b) die beskikbare fasiliteite by die betrokke perseel voldoende en doeltreffend is ten einde die bevredigende skoonmaak van die soorte en variëteite saad wat normaalweg daar hanteer word, te verseker;
(c) saad op so 'n wyse by die betrokke perseel hanteer en opgeberg word dat—
(i) dit teen beskadiging deur insekte en knaagdiere beskerm word;
(ii) skoongemaakte saad afsonderlik van onskoongemaakte saad, afval en enigiets anders gehou word deur dit in verskillende pakkamers op te berg of deur dit deur middel van soliede afskortings, of deur middel van ruimtes van minstens een meter wyd te skei;
(iii) toegang tot elke lot saad geredelik verkry kan word; en
(iv) bymenging van saad van verskillende soorte plante voorkom word, behalwe indien dit gedoen word ten einde 'n mengsel saam te stel of om 'n bestuiwer by te voeg;
(d) daar op die houers van onskoongemaakte saad by daardie onderneming, of op etikette wat aan die betrokke houers geheg is, gemerk, gedruk of geskryf is—
(i) die woorde „onskoongemaakte saad" of „uncleansed seed";
(ii) die soort en variëteit van die betrokke saad; en
(iii) die naam en adres van die persoon van wie die betrokke saad ontvang is; en
(e) die toepaslike besonderhede wat ingevolge hierdie regulasies vereis word, op houers van skoongemaakte saad, of op etikette wat aan die betrokke houers geheg is, gemerk, gedruk of geskryf is.

Vereistes vir besighede waar voortplantingsmateriaal voorafverpak word

7. 'n Perseel waarop die besigheid van die voorafverpakking van voortplantingsmateriaal vir verkoop voortgesit word, kan as 'n onderneming geregistreer en die registrasie daarvan hernieu word indien—
(a) die plek waar voortplantingsmateriaal op die betrokke perseel opgeberg en voorafverpak word—
(i) 'n soliede vloer het;
(ii) doeltreffende beligting het sodat enige merke, drukwerk of skryfwerk op houers van voortplantingsmateriaal of op etikette wat aan daardie voortplantingsmateriaal of houers geheg is, geredelik gelees kan word;
(ii) doeltreffende ventilasie het sodat oormatige vogtigheid en hoë temperature wat die voortplantingsmateriaal kan benadeel, voorkom word; en
(iv) te alle tye ordelik, sindelik en skoon gehou word;
(b) die beskikbare fasiliteite by die betrokke perseel voldoende en doeltreffend is ten einde die bevredigende voorafverpakking van die soorte en variëteite voortplantingsmateriaal wat normaalweg daar hanteer word, te verseker;
(c) voortplantingsmateriaal op so 'n wyse by die betrokke perseel hanteer en opgeberg word dat—
(i) dit teen beskadiging deur insekte en knaagdiere beskerm word;
(ii) dit afsonderlik van enigiets anders gehou word deur dit in verskillende pakkamers op te berg, of deur dit deur middel van soliede afskortings, of deur middel van ruimtes van minstens een meter wyd, te skei;
(iii) toegang tot elke lot voortplantingsmateriaal geredelik verkry kan word; en
(iv) bymenging van voortplantingsmateriaal van verskillende soorte plante voorkom word, behalwe indien dit gedoen word ten einde 'n mengsel saam te stel of, in die geval van saad, om 'n bestuiwer by te voeg; en
(d) die toepaslike besonderhede wat ingevolge hierdie regulasies vereis word, op houers van voortplantingsmateriaal of op etikette wat aan daardie voortplantingsmateriaal of houers geheg is, gemerk, gedruk of geskryf is.

Vereistes vir besighede waar voortplantingsmateriaal verkoop word

8. 'n Perseel waarop die besigheid van die verkoop van voortplantingsmateriaal voortgesit word kan as 'n onderneming geregistreer en die registrasie daarvan hernieu word indien—
(a) die plek waar voortplantingsmateriaal op die betrokke perseel opgeberg en verkoop word—
(i) 'n soliede vloer het;
(ii) doeltreffende beligting het sodat enige merke, drukwerk

writing on containers of propagating material or on labels attached to such containers may readily be read;
(iii) has efficient ventilation so that excessive humidity and high temperatures which may detrimentally affect propagating material are prevented; and
(iv) is kept in an orderly, tidy and clean condition at all times;

(b) propagating material is handled and stored at the premises concerned in such a manner that—
(i) it is protected against damage by insects and rodents;
(ii) it is kept separate from anything else by storing it in separate stores, or by dividing it by means of solid partitions, or by means of spaces at least one metre wide;
(iii) access to each lot of propagating material can readily be obtained; and
(iv) admixing of propagating material of different kinds is prevented, except if it is done in order to make up a mixture or, in the case of seed, to add a pollinator; and

(c) the applicable particulars which are required in terms of these regulations, are marked, printed or written on containers of propagating material, or on labels attached to the propagating material or containers concerned.

CHAPTER III

Records to be kept at Establishments

Records at nurseries

9. The owner or occupier of an establishment at which the business of a nursery is conducted shall, in respect of each lot of plants handled there, keep complete records of—

(a) the date on which the lot concerned was received or, in the case of plants which were grown at the nursery concerned, the date on which the lot concerned was made available for sale;
(b) the kind and variety of the plants in the lot concerned;
(c) the name and address of the person from whom the lot concerned was received;
(d) the number of plants in the lot concerned; and
(e) the lot number of the lot concerned and the number of the certificate issued in respect thereof if the plants in that lot were certified.

Records at businesses where propagating material is cleansed

10. The owner or occupier of an establishment at which the business of the cleansing of propagating material for sale is conducted shall, in respect of all seed handled there, keep complete records of—

(a) the date on which the seed concerned was received;
(b) the kind and variety of the seed concerned;
(c) the name and address of the person from whom the seed concerned was received;
(d) the total mass of the seed concerned and the number of containers in which it was contained;
(e) the total mass of the cleansed seed and the number of containers in which it was contained;
(f) the lot number of the cleansed seed, and if such seed was certified after cleansing, also the number of the certificate issued in respect thereof;
(g) the names and addresses of the persons to whom the cleansed seed was supplied;
(h) the mass of cleansed seed which was supplied to each such person; and
(i) the dates on which the cleansed seed was so supplied.

Records at businesses where propagating material is prepacked

11. The owner or occupier of an establishment at which the businesss of the prepacking of propagating material for sale is conducted shall, in respect of each lot of propagating material handled there, keep complete records of—

(a) the date on which the lot concerned was received;
(b) the kind and variety of the propagating material in the lot concerned: Provided that, in the case of a mixture, the names

of skryfwerk op houers van voortplantingsmateriaal of op etikette wat aan daardie houers geheg is, geredelik gelees kan word;
(iii) doeltreffende ventilasie het sodat oormatige vogtigheid en hoë temperature wat die voortplantingsmateriaal kan benadeel, voorkom word; en
(iv) te alle tye ordelik, sindelik en skoon gehou word;

(b) voortplantingsmateriaal op so 'n wyse by die betrokke perseel hanteer en opgeberg word dat—
(i) dit teen beskadiging deur insekte en knaagdiere beskerm word;
(ii) dit afsonderlik van enigiets anders gehou word deur dit in verskillende pakkamers op te berg, of dit deur middel van soliede afskortings, of deur middel van ruimtes van minstens een meter wyd, te skei;
(iii) toegang tot elke lot voortplantingsmateriaal geredelik verkry kan word; en
(iv) bymenging van voortplantingsmateriaal van verskillende soorte plante voorkom word, behalwe indien dit gedoen word ten einde 'n mengsel saam te stel of, in die geval van saad, om 'n bestuiwer by te voeg; en

(c) die toepaslike besonderhede wat ingevolge hierdie regulasies vereis word, op houers van voortplantingsmateriaal of op etikette wat aan daardie voortplantingsmateriaal of houers geheg is, gemerk, gedruk of geskryf is.

HOOFSTUK III

Aantekeninge wat by Ondernemings gehou moet word

Aantekeninge by kwekerye

9. Die eienaar of okkupant van 'n onderneming waar die besigheid van 'n kwekery voortgesit word, moet ten opsigte van elke lot plante wat aldaar hanteer word, volledige aantekeninge hou van—

(a) die datum waarop die betrokke lot ontvang is of, in die geval van plante wat by die betrokke kwekery gekweek is, die datum waarop die betrokke lot vir verkoop beskikbaar gestel is;
(b) die soort en variëteit van die plante in die betrokke lot;
(c) die naam en adres van die persoon van wie die betrokke lot ontvang is;
(d) die getal plante in die betrokke lot; en
(e) die lotnommer van die betrokke lot en die nommer van die sertifikaat wat ten opsigte daarvan uitgereik is indien die plante in daardie lot gesertifiseer is.

Aantekeninge by besighede waar voortplantingsmateriaal skoongemaak word

10. Die eienaar of okkupant van 'n onderneming waar die besigheid van die skoonmaak van voortplantingsmateriaal vir verkoop voortgesit word, moet ten opsigte van alle saad wat daar hanteer word, volledige aantekeninge hou van—

(a) die datum waarop die betrokke saad ontvang is;
(b) die soort en variëteit van die betrokke saad;
(c) die naam en adres van die persoon van wie die betrokke saad ontvang is;
(d) die totale massa van die betrokke saad en die getal houers waarin dit bevat is;
(e) die totale massa van die skoongemaakte saad en die getal houers waarin dit bevat is;
(f) die lotnommer van die skoongemaakte saad, en indien daardie saad na skoonmaak gesertifiseer is, ook die nommer van die sertifikaat wat ten opsigte daarvan uitgereik is;
(g) die name en adresse van die persone aan wie die skoongemaakte saad gelewer is;
(h) die massa skoongemaakte saad wat aan elke sodanige persoon gelewer is; en
(i) die datums waarop die skoongemaakte saad aldus gelewer is.

Aantekeninge by besighede waar voortplantingsmateriaal voorafverpak word

11. Die eienaar of okkupant van 'n onderneming waar die besigheid van die voorafverpakking van voortplantingsmateriaal vir verkoop voortgesit word, moet ten opsigte van elke lot voortplantingsmateriaal wat daar hanteer word, volledige aantekeninge hou van—

(a) die datum waarop die betrokke lot ontvang is;
(b) die soort en variëteit van die voortplantingsmateriaal in die betrokke lot: Met dien verstande dat in die geval van 'n

University of Pretoria
Tomorrow in Excellence

of the kinds and varieties present therein, as well as the percentage contents of each, shall be recorded;
(c) the name and address of the person from whom the lot concerned was received;
(d) the total mass or number of units of the propagating material in the lot concerned;
(e) the lot number of the lot concerned;
(f) the number of the certificate issued in respect of the propagating material in the lot concerned if that propagating material was certified; and
(g) the date on which prepacking of the lot concerned was completed.

Records at businesses where propagating material is sold

12. The owner or occupier of an establishment at which the business of the selling of propagating material is conducted shall, in respect of each lot of propagating material, excluding prepacked propagating material, which is handled there, keep complete records of—
(a) the date on which the lot concerned was received;
(b) the kind and variety of the propagating material in the lot concerned: Provided that in the case of a mixture the names of the kinds and varieties present therein, as well as the percentage contents of each, shall be recorded;
(c) the name and address of the person from whom the lot concerned was received;
(d) the total mass or number of units of the propagating material in the lot concerned and the number of containers in which it is packed;
(e) the lot number of the lot concerned;
(f) the number of the certificate issued in respect of the propagating material in the lot concerned if that propagating material was certified; and
(g) the date on which the lot concerned was sold out.

Keeping of combined records

13. Notwithstanding the provisions of regulations 10, 11 and 12, the records which are to be kept in terms of those regulations in respect of a lot of propagating material may, in so far as the nature thereof permits, be kept jointly if that lot is handled by separate businesses situated on the same premises.

Preservation of records

14. Records kept in terms of these regulations shall be preserved at the premises of the establishment concerned, or such other place as may on application be approved by the registrar, until at least three years after the date on which the lot concerned was removed, prepacked or sold out, as the case may be.

Submission of returns

15. The owner or occupier of an establishment shall, within 30 days of the date on which the registrar has in writing requested him to do so, submit a written return to the registrar in which is indicated—
(a) the required particulars regarding the contents of any records which he keeps in terms of these regulations; and
(b) the quantity or mass of plants or propagating material, as the case may be, of specified kinds and varieties which he has in stock or which have been sold during a specified period.

CHAPTER IV

Recognition of Varieties

Application for recognition of varieties

16. (1) An application for the recognition of a variety of a kind of plant specified in column 1 of Table 2, for entry in the varietal list shall—
(a) be lodged in the form set out in Schedule C; and
(b) be accompanied by the application fee specified in paragraph 3 of Table 1.

(2) If the registrar considers a denomination in respect of the variety concerned proposed in terms of section 17 (3) of the Act unsuitable, a translation thereof or some other suitable denomination

mengsel, die name van die soorte en variëteite daarin teenwoordig, asook die persentasie-inhoud van elk, aangeteken moet word;
(c) die naam en adres van die persoon van wie die betrokke lot ontvang is;
(d) die totale massa of getal eenhede van die voortplantingsmateriaal in die betrokke lot;
(e) die lotnommer van die betrokke lot;
(f) die nommer van die sertifikaat wat ten opsigte van die voortplantingsmateriaal in die betrokke lot uitgereik is indien daardie voortplantingsmateriaal gesertifiseer is; en
(g) die datum waarop die voorafverpakking van die betrokke lot voltooi is.

Aantekeninge by besighede waar voortplantingsmateriaal verkoop word

12. Die eienaar of okkupant van 'n onderneming waar die besigheid van die verkoop van voortplantingsmateriaal voortgesit word, moet ten opsigte van elke lot voortplantingsmateriaal, uitgesonderd voorafverpakte voortplantingsmateriaal, wat daar hanteer word, volledige aantekeninge hou van—
(a) die datum waarop die betrokke lot ontvang is;
(b) die soort en variëteit van die voortplantingsmateriaal in die betrokke lot: Met dien verstande dat in die geval van 'n mengsel, die name van die soorte en variëteite daarin teenwoordig, asook die persentasie-inhoud van elkeen, aangeteken moet word;
(c) die naam en adres van die persoon van wie die betrokke lot ontvang is;
(d) die totale massa of getal eenhede van die voortplantingsmateriaal in die betrokke lot en die getal houers waarin dit verpak is;
(e) die lotnommer van die betrokke lot;
(f) die nommer van die sertifikaat wat ten opsigte van die voortplantingsmateriaal in die betrokke lot uitgereik is indien daardie voortplantingsmateriaal gesertifiseer is; en
(g) die datum waarop die betrokke lot uitverkoop is.

Hou van gesamentlike aantekeninge

13. Ondanks die bepalings van regulasies 10, 11 en 12, kan die aantekeninge wat ingevolge daardie regulasies ten opsigte van 'n lot voortplantingsmateriaal gehou moet word, vir sover die aard daarvan dit toelaat, gesamentlik gehou word indien daardie lot deur afsonderlike besighede wat op dieselfde perseel geleë is, hanteer word.

Bewaring van aantekeninge

14. Aantekeninge gehou ingevolge hierdie regulasies moet by die perseel van die betrokke onderneming, of sodanige ander plek as wat die registrateur op aansoek goedkeur, bewaar word tot minstens drie jaar na die datum waarop die betrokke lot verwyder, voorafverpak of uitverkoop is, na gelang van die geval.

Verstrekking van opgawes

15. Die eienaar of okkupant van 'n onderneming moet binne 30 dae na die datum waarop die registrateur hom skriftelik aldus versoek het, 'n skriftelike opgawe aan die registrateur verstrek waarin aangedui word—
(a) die verlangde besonderhede betreffende die inhoud van enige aantekeninge wat hy ingevolge hierdie regulasies hou; en
(b) die hoeveelheid of massa plante of voortplantingsmateriaal, na gelang van die geval, van aangeduide soorte en variëteite wat hy in voorraad het of wat gedurende 'n bepaalde tydperk verkoop is.

HOOFSTUK IV

Erkenning van Variëteite

Aansoek om erkenning van variëteite

16. (1) 'n Aansoek om die erkenning van 'n variëteit van 'n soort plant in kolom 1 van Tabel 2 aangedui, vir aantekening in die variëteitslys moet—
(a) in die vorm in Bylae C uiteengesit, ingedien word; en
(b) vergesel gaan van die aansoekgeld in paragraaf 3 van Tabel 1 aangedui.

(2) Indien die registrateur 'n benaming ten opsigte van die betrokke variëteit ingevolge artikel 17 (3) van die Wet voorgestel, as ongeskik beskou, moet 'n vertaling daarvan of 'n ander geskikte

shall be submitted by the applicant concerned within two months of the date on which the registrar has directed him in writing to do so.

Consideration and examination of applications

17. (1) The examination fee payable in terms of section 18 (3) of the Act for the purposes of tests and trials with a variety of a kind of plant specified in column 1 of Table 2 shall be as specified in column 6 of the said Table opposite the name of the kind concerned: Provided that if an application for the grant of a plant breeder's right in terms of the Plant Breeders' Rights Act, 1976 (Act 15 of 1976), is made simultaneously with an application referred to in regulation 16 (1), and the appropriate fees in terms of the said Act have been paid, the examination fee payable for tests and trials shall be R1,00.

(2) The costs which are payable in terms of section 18 (4) and (6) of the Act shall be calculated at the rate of exchange between the monetary units of the Republic and the country concerned on the date of payment of such fee to the appropriate authority.

(3) The propagating material to be furnished in terms of section 18 (3) of the Act for the purposes of tests and trials with a variety of a kind of plant specified in column 1 of Table 2, shall—

(a) be seed unless the registrar requires otherwise;

(b) be accompanied by a declaration in the form set out in Schedule D; and

(c) have at least the mass specified in column 4 of the said Table opposite the name of the kind concerned: Provided that in the case of an evaluation in terms of section 22 of the Act, the mass thereof shall be as specified in column 5 of the said Table opposite the name of the kind concerned.

(4) The mass of propagating material referred to in subregulation (3) *(c)* shall be furnished for three consecutive years following the year in which tests and trials with a variety commenced, unless—

(a) the registrar directs otherwise; or

(b) the variety concerned is recognised in terms of section 20 of the Act before the expiry of the said period.

(5) The provisions of subregulation (3) *(a)* and *(b)* shall *mutatis mutandis* apply to propagating material furnished in terms of subregulation (4), and such propagating material shall during the consecutive years—

(a) be furnished before or on the date specified in column 3 of Table 2 opposite the name of the kind of plant concerned; and

(b) be from successive generations or combinations of the variety concerned.

Closing date for submission of examination fee and samples

18. If an application in terms of regulation 16 in respect of a variety of a kind of plant specified in column 1 of Table 2, is lodged in a particular year on or before the date specified in column 2 of the said Table opposite the name of the kind concerned, tests and trials with that variety may commence during the growing season immediately following such date only if the examination fee and propagating material required in terms of regulation 17 for the application concerned are paid and furnished on or before the date specified in column 3 of the said Table opposite the name of the kind concerned, and which date shall also precede the growing season concerned.

Recognition of varieties

19. (1) The period required in terms of section 20 (2) *(c)* (iii) of the Act for the recognition of a variety of a kind of plant indicated in column 1 of Table 2, which is being evaluated in terms of section 20 of the Act, shall be as specified in column 7 of the said Table opposite the name of the kind concerned.

(2) The particulars specified in paragraph 1 of Table 3 in regard to the recognition of a variety shall be published in terms of section 20 (3) of the Act.

Alterations in, supplementations to or deletions from varietal list

20. The appropriate particulars specified in paragraph 2 of Table 3 in regard to alterations in, supplementations to or deletions from the varietal list shall be published in terms of section 21 (3) of the Act.

benaming deur die betrokke applikant voorgelê word binne twee maande na die datum waarop die registrateur hom skriftelik aldus gelas het.

Oorweging en ondersoek van aansoeke

17. (1) Die ondersoekgeld wat ingevolge artikel 18 (3) van die Wet betaalbaar is vir die doeleindes van toetse en proewe met 'n variëteit van 'n soort plant in kolom 1 van Tabel 2 aangedui, is soos in kolom 6 van voormelde Tabel teenoor die naam van die betrokke soort aangedui: Met dien verstande dat indien 'n aansoek om die toestaan van 'n planttelersreg ingevolge die Wet op Planttelersregte, 1976 (Wet 15 van 1976), gelyktydig met 'n aansoek in regulasie 16 (1) vermeld, ingedien word en die toepaslike gelde ingevolge voormelde Wet betaal is, die ondersoekgeld wat vir toetse en proewe betaalbaar is, R1,00 is.

(2) Die koste wat ingevolge artikel 18 (4) en (6) van die Wet betaalbaar is, word bereken teen die wisselkoers tussen die geldeenhede van die Republiek en die betrokke land op die datum van betaling van sodanige geld aan die toepaslike gesag.

(3) Die voortplantingsmateriaal wat ingevolge artikel 18 (3) van die Wet voorsien moet word vir die doeleindes van toetse en proewe met 'n variëteit van 'n soort plant in kolom 1 van Tabel 2 aangedui, moet—

(a) saad wees tensy die registrateur anders vereis;

(b) vergesel gaan van 'n verklaring in die vorm in Bylae D uiteengesit; en

(c) minstens die massa in kolom 4 van vermelde Tabel teenoor die naam van die betrokke soort aangedui, hê: Met dien verstande dat in die geval van 'n evaluasie ingevolge artikel 22 van die Wet, die massa daarvan moet wees soos in kolom 5 van voormelde Tabel teenoor die naam van die betrokke soort aangedui.

(4) Die massa voortplantingsmateriaal in subregulasie (3) *(c)* vermeld, moet vir drie agtereenvolgende jare volgende op die jaar waarin toetse en proewe met 'n variëteit begin is, ingedien word tensy—

(a) die registrateur anders gelas; of

(b) die betrokke variëteit voor verstryking van vermelde tydperk ingevolge artikel 20 van die Wet erken word.

(5) Die bepalings van subregulasie (3) *(a)* en *(b)* is *mutatis mutandis* van toepassing op voortplantingsmateriaal wat ingevolge subregulasie (4) voorsien word, en sodanige voortplantingsmateriaal moet gedurende die agtereenvolgende jare—

(a) voor of op die datum in kolom 3 van Tabel 2 teenoor die naam van die betrokke soort plant aangedui, voorsien word; en

(b) van opeenvolgende generasies of samestellings van die betrokke variëteit wees.

Sluitingsdatum vir indiening van ondersoekgeld en monsters

18. Indien 'n aansoek ingevolge regulasie 16 ten opsigte van 'n variëteit van 'n soort plant in kolom 1 van Tabel 2 aangedui, gedurende 'n besondere jaar ingedien is voor of op die datum in kolom 2 van voormelde Tabel teenoor die naam van die betrokke soort aangedui, kan toetse en proewe met daardie variëteit gedurende die groeiseisoen eersvolgende op so 'n datum begin slegs indien die ondersoekgeld en voortplantingsmateriaal wat ingevolge regulasie 17 vir die betrokke aansoek vereis word, betaal en voorsien is voor of op die datum in kolom 3 van voormelde Tabel teenoor die naam van die betrokke soort aangedui, en wat ook die betrokke groeiseisoen voorafgaan.

Erkenning van variëteite

19. (1) Die tydperk wat ingevolge artikel 20 (2) *(c)* (iii) van die Wet vereis word vir die erkenning van 'n variëteit van 'n soort plant in kolom 1 van Tabel 2 aangedui, wat ingevolge artikel 20 van die Wet geëvalueer word, is soos in kolom 7 van vermelde Tabel teenoor die naam van die betrokke soort aangedui.

(2) Die besonderhede in paragraaf 1 van Tabel 3 aangedui aangaande die erkenning van 'n variëteit moet ingevolge artikel 20 (3) van die Wet gepubliseer word.

Wysigings of aanvullings aan of skrappings uit variëteitslys

20. Die toepaslike besonderhede in paragraaf 2 van Tabel 3 aangedui, aangaande wysigings aan, aanvullings tot of skrappings uit die variëteitslys moet ingevolge artikel 21 (3) van die Wet gepubliseer word.

CHAPTER V

REQUIREMENTS RELATING TO SEED

Maximum mass of lots of seed

21. The mass of a lot of seed of a kind of plant indicated in column 1 of Table 4 may not exceed the mass specified in column 9 of the said Table opposite the name of the kind concerned.

Requirements for seed which is not certified

22. Seed of a kind of plant specified in column 1 of Table 4, which has not been certified or prepacked may be sold without an authority referred to in section 13 of the Act if—

(a) the percentages of other matter and other seed in such seed—
  (i) in the case of pelleted seed, do not exceed 10 per cent and the percentage specified in column 4 of the said Table opposite the name of the kind concerned, respectively; and
  (ii) in the case of seed which is not pelleted, do not exceed those specified in columns 3 and 4, respectively of the said Table opposite the name of the kind concerned;
(b) the percentage germination of such seed is equal to or more than that specified in column 6 of the said Table opposite the name of the kind concerned;
(c) such seed is true to variety;
(d) no prohibited weed seed is present in such seed; and
(e) such seed is homogenous.

Requirements for seed mixtures

23. Seed which is a mixture of seed of different kinds of plants or of varieties of such kinds, which are not certified, may be sold without an authority referred to in section 13 of the Act if—

(a) in the case of a mixture of seed of the kinds of plants specified in column 1 of Table 4 of which the contents of seed of *Chloris gayana, Digitaria smutsii* Stent, *Paspalum dilatatum* Poir and *Setaria sphacelata* (Schumach) Stapf separately or jointly are 70 per cent or more, the percentages of other matter and other seed in such mixture do not exceed 40 per cent and 0,3 per cent, respectively;
(b) in the case of a mixture other than that referred to in paragraph *(a)*, the percentages of other matter and other seed in such mixture do not exceed 10 per cent and 0,3 per cent, respectively;
(c) the percentage germination of each of the kinds or varieties of seed present in such mixture is equal to or more than that specified in column 6 of the said Table opposite the name of the kind concerned;
(d) the seed of each of the varieties present in such mixture is true to variety;
(e) no prohibited weed seed is present in such mixture; and
(f) such mixture is homogenous.

Requirements for lucerne seed

24. Seed of *Medicago sativa* L. which is not certified or prepacked may, when it is packed in containers containing 50 kg or more, be sold without an authority referred to in section 13 of the Act if—

(a) a certificate has been issued in terms of regulation 28 to confirm that such seed—
  (i) complies with the requirements referred to in regulation 22 *(a)*, *(b)*, *(d)* and *(e)*; and
  (ii) complies with the requirements for maximum weed seed contents of Class A lucerne seed as indicated in Government Notice R.11 of 6 January 1967;
(b) such seed is true to variety and homogenous; and
(c) the containers of such seed are sealed in accordance with regulation 28 (3).

Requirements for prepacked seed

25. Seed of a kind of plant specified in column 1 of Table 4, which has been prepacked may be sold by the establishment where it was prepacked without an authority referred to in section 13 of the Act if, at the time of its sale—

HOOFSTUK V

VEREISTES BETREFFENDE SAAD

Maksimum massa van lotte saad

21. Die massa van 'n lot saad van 'n soort plant in kolom 1 van Tabel 4 aangedui, mag nie die massa in kolom 9 van voormelde Tabel teenoor die naam van die betrokke soort aangedui, oorskry nie.

Vereistes vir saad wat nie gesertifiseer is nie

22. Saad van 'n soort plant in kolom 1 van Tabel 4 aangedui, wat nie gesertifiseer of voorafverpak is nie, mag sonder 'n magtiging in artikel 13 van die Wet bedoel, verkoop word indien—

(a) die persentasies ander materiaal en ander saad in daardie saad—
  (i) in die geval van verkorrelde saad, onderskeidelik nie 10 persent en die persentasie in kolom 4 van voormelde Tabel teenoor die naam van die betrokke soort aangedui, oorskry nie; en
  (ii) in die geval van saad wat nie verkorrel is nie, onderskeidelik nie dié in kolomme 3 en 4 van voormelde Tabel teenoor die naam van die betrokke soort aangedui, oorskry nie;
(b) die persentasie ontkieming van daardie saad gelyk aan of meer is as dié in kolom 6 van voormelde Tabel teenoor die naam van die betrokke soort aangedui;
(c) daardie saad variëteitseg is;
(d) geen verbode onkruidsaad in daardie saad teenwoordig is nie; en
(e) daardie saad homogeen is.

Vereistes vir saadmengsels

23. Saad wat 'n mengsel van saad van verskillende soorte plante of van variëteite van sodanige soorte is, wat nie gesertifiseer is nie, mag sonder 'n magtiging in artikel 13 van die Wet bedoel, verkoop word indien—

(a) in die geval van 'n mengsel van saad van die soorte plante in kolom 1 van Tabel 4 aangedui, waarvan die inhoud van saad van *Chloris gayana, Digitaria smutsii* Stent, *Paspalum dilatatum* Poir en *Setaria sphacelata* (Schumach) Stapf afsonderlik of gesamentlik 70 persent of meer is, die persentasie ander materiaal en ander saad in daardie mengsel onderskeidelik nie 40 persent en 0,3 persent oorskry nie;
(b) in die geval van 'n ander mengsel as dié in paragraaf *(a)* vermeld, die persentasies ander materiaal en ander saad in daardie mengsel onderskeidelik nie 10 persent en 0,3 persent oorskry nie;
(c) die persentasie ontkieming van elkeen van die soorte of variëteite saad in daardie mengsel teenwoordig, gelyk aan of meer is as dié in kolom 6 van voormelde Tabel teenoor die naam van die betrokke soort aangedui;
(d) die saad van elkeen van die variëteite in daardie mengsel teenwoordig, variëteitseg is;
(e) geen verbode onkruidsaad in daardie mengsel teenwoordig is nie; en
(f) daardie mengsel homogeen is.

Vereistes vir lusernsaad

24. Saad van *Medicago sativa* L. wat nie gesertifiseer of voorafverpak is nie mag, wanneer dit in houers verpak is wat 50 kg of meer bevat, sonder 'n magtiging in artikel 13 van die Wet bedoel, verkoop word indien—

(a) 'n sertifikaat ingevolge regulasie 28 uitgereik is om te bevestig dat daardie saad—
  (i) aan die vereistes in regulasie 22 *(a)*, *(b)*, *(d)* en *(e)* vermeld, voldoen; en
  (ii) aan die vereistes vir maksimum onkruidsaadinhoud van Klas A-lusernsaad soos in Goewermentskennisgewing R.11 van 6 Januarie 1967 aangedui, voldoen;
(b) daardie saad variëteitseg en homogeen is; en
(c) die houers van daardie saad ooreenkomstig regulasie 28 (3) verseël is.

Vereistes vir voorafverpakte saad

25. Saad van 'n soort plant in kolom 1 van Tabel 4 aangedui, wat voorafverpak is, mag deur die onderneming waar dit voorafverpak is, verkoop word sonder 'n magtiging in artikel 13 van die Wet bedoel, indien, ten tye van die verkoop daarvan—

(a) the percentage of other matter and other seed in such seed—
  (i) in the case of pelleted seed, do not exceed 2 per cent and the percentage specified in column 4 of the said Table opposite the name of the kind concerned, respectively;
  (ii) in the case of seed which is not pelleted, do not exceed those specified in columns 2 and 4, respectively, of the said Table opposite the name of the kind concerned; and
  (iii) in the case of a mixture, are as indicated in regulation 23 (a) or (b), as the case may be;
(b) the percentage germination of such seed, or in the case of a mixture, of each of the kinds or varieties present therein, is equal to or more than that specified in column 5 of the said Table opposite the name of the kind concerned;
(c) such seed, or in the case of a mixture, the seed of each of the varieties present therein, is true to variety;
(d) no prohibited weed seed is present in such seed; and
(e) such seed is homogenous.

Requirements for seed which is certified

26. (1) Seed which has been certified may, without an authority referred to in section 13 of the Act, be sold with an indication that it has been thus certified if—
(a) such seed complies with the requirements for such seed in the scheme concerned; and
(b) the seller of such seed is in possession of documentary evidence substantiating the fact that such seed has been thus certified.

(2) If the provisions of subregulation (1) cannot be complied with in respect of seed which was certified, such seed shall only be sold without an authority referred to in section 13 of the Act if—
(a) it complies with the applicable provisions referred to in regulation 22 or 25, as the case may be; and
(b) prior to, at or after the sale of such seed no reference whatsoever is made of the fact that it was presented for certification or was thus certified.

Maximum mass of prepacked seed

27. The maximum mass of seed of a kind of plant specified in column 1 of Table 4 which may be prepacked per container, shall, with due observance of the provisions of the Trade Metrology Act, 1973 (Act 77 of 1973), not exceed the mass specified in column 7 of the said Table opposite the name of the kind concerned: Provided that a container in which pelleted seed has been prepacked shall not contain more than 50 000 pure pellets.

Approval of lucerne seed

28. (1) An application for a certificate referred to in regulation 24 in respect of seed of *Medicago sativa* L. which is packed in containers containing 50 kg or more shall be made to the registrar.

(2) Such a certificate shall only be issued in respect of a particular lot of seed after the registrar is satisfied that—
(a) a sample of such seed complies with the requirements referred to in regulation 24 (a); and
(b) the containers in which such seed is packed are sealed in terms of subregulation (3).

(3) The containers in which the seed of a particular lot is packed shall at the time when a sample referred to in subregulation (2) (a) is taken, be sealed with official seals by the officer taking the sample concerned.

(4) A seal referred to in subregulation (3) shall be affixed to the loose ends of the rope or twine used to sew up the container in which the seed concerned is packed.

Permissible tolerances in seed

29. Notwithstanding the provisions of regulations 22, 23, 24, 25, 26 and 28, a lot of seed shall be deemed to have the properties which are required by the Act and these regulations and, if applicable, the relevant scheme, if the difference between the properties thus required or, where applicable, as indicated on a container of the seed concerned or on a label attached to such container, and the result of a test, examination or analysis for each such property which is done

(a) die persentasie ander materiaal en ander saad in daardie saad—
  (i) in die geval van verkorrelde saad, onderskeidelik nie 2 persent en die persentasie in kolom 4 van voormelde Tabel teenoor die naam van die betrokke soort aangedui, oorskry nie;
  (ii) in die geval van saad wat nie verkorrel is nie, onderskeidelik nie dié in kolomme 2 en 4 van voormelde Tabel teenoor die naam van die betrokke soort aangedui, oorskry nie; en
  (iii) in die geval van 'n mengsel, is soos aangedui in regulasie 23 (a) of (b), na gelang van die geval;
(b) die persentasie ontkieming van daardie saad, of in die geval van 'n mengsel, van elkeen van die soorte of variëteite saad daarin teenwoordig, gelyk aan of meer is as dié in kolom 5 van voormelde Tabel teenoor die naam van die betrokke soort aangedui;
(c) daardie saad, of in die geval van 'n mengsel, die saad van elkeen van die variëteite daarin teenwoordig, variëteitseg is;
(d) geen verbode onkruidsaad in daardie saad teenwoordig is nie; en
(e) daardie saad homogeen is.

Vereistes vir saad wat gesertifiseer is

26. (1) Saad wat gesertifiseer is, mag sonder 'n magtiging in artikel 13 van die Wet bedoel, verkoop word met 'n aanduiding dat dit aldus gesertifiseer is indien—
(a) daardie saad aan die vereistes wat in die betrokke skema daarvoor bepaal is, voldoen; en
(b) die verkoper van daardie saad in besit is van skriftelike bewys ter bevestiging van die feit dat daardie saad aldus gesertifiseer is.

(2) Indien die bepalings van subregulasie (1) nie ten opsigte van saad wat gesertifiseer is, nagekom kan word nie, mag daardie saad sonder 'n magtiging in artikel 13 van die Wet bedoel, verkoop word slegs indien—
(a) dit aan die toepaslike bepalings in regulasie 22 of 25 vermeld, na gelang van die geval, voldoen; en
(b) geen melding van enige aard voor, tydens of na die verkoop van daardie saad gemaak word van die feit dat dit vir sertifisering aangebied is of aldus gesertifiseer is nie.

Maksimum massa van voorafverpakte saad

27. Die maksimum massa saad van 'n soort plant in kolom 1 van Tabel 4 aangedui, wat per houer voorafverpak mag word, mag, met inagneming van die bepalings van die Wet op Handelsmetrologie, 1973 (Wet 77 van 1973), nie die massa in kolom 7 van voormelde Tabel teenoor die betrokke soort aangedui, oorskry nie: Met dien verstande dat 'n houer waarin verkorrelde saad voorafverpak is, nie meer as 50 000 suiwer korrels mag bevat nie.

Goedkeuring van lusernsaad

28. (1) 'n Aansoek om 'n sertifikaat in regulasie 24 vermeld, ten opsigte van saad van *Medicago sativa* L. wat in houers verpak is wat 50 kg of meer bevat, moet by die registrateur gedoen word.

(2) So 'n sertifikaat ten opsigte van 'n bepaalde lot saad word slegs uitgereik nadat die registrateur oortuig is dat—
(a) 'n monster van daardie saad aan die vereistes in regulasie 24 (a) vermeld, voldoen; en
(b) die houers waarin daardie saad verpak is, ingevolge subregulasie (3) verseël is.

(3) Die houers waarin die saad van 'n bepaalde lot verpak is, moet ten tyde van die neem van 'n monster in subregulasie (2) (a) vermeld, met amptelike seëls verseël word deur die beampte wat die betrokke monster neem.

(4) 'n Seël in subregulasie (3) vermeld, moet aangebring word aan die los punte van die tou of lyn waarmee die houer toegemaak word waarin die betrokke saad verpak is.

Toelaatbare toleransies in saad

29. Ondanks die bepalings van regulasies 22, 23, 24, 25, 26 en 28 word 'n lot saad geag die eienskappe te hê wat in die Wet en hierdie regulasies en, indien van toepassing, die betrokke skema, vereis word indien die verskil tussen die eienskappe wat aldus vereis word of, waar van toepassing, soos aangedui op 'n houer van die betrokke saad of op 'n etiket wat aan daardie houer geheg is, en die uitslag van 'n toets, ondersoek of ontleding vir elke sodanige eienskap wat ingevolge artikel 25 (3) (d) van die Wet met 'n monster

in terms of section 25 (3) *(d)* of the Act with a sample of that lot, does not exceed the tolerance provided for such difference in the methods for the test, examination or analysis concerned.

VI

Requirements Relating to Plants and Propagating Material, other than Seed

Maximum number of certified plants in lots

30. The maximum number of certified plants in a lot of such plants shall in the case of plants of *Vitis* spp. not exceed 5 000, and in the case of plants of other kinds not exceed 3 000.

Requirements for plants which are not certified

31. (1) A plant of *Citrus limon* Burm f, *Citrus reticulata* Blanco, *Citrus paradisi* Macf. or *Citrus sinensis* Osbeck which has not been certified may be sold without an authority referred to in section 13 of the Act if—

(a) such plant—
- (i) and, where it has been grafted, the rootstock thereof, is true to variety;
- (ii) shows growth vigour and is of a dark green colour;
- (iii) where it has been grafted or budded, is covered with leaves from the graft or bud joint to the apex;
- (iv) does not have any leaves showing signs of nutritional deficiencies; and
- (v) is free of the insects and plant diseases to which the provisions of the Agricultural Pests Act, 1973 (Act 3 of 1973), have been declared applicable, as well as of all other visible insects and plant diseases;

(b) where such plant has been grafted or budded, the graft or bud joint is at least 20,0 cm above the ground and has grown together right around;

(c) no signs are visible on such plant of—
- (i) physiological damage;
- (ii) drying out;
- (iii) serious mechanical, hail or cold damage;
- (iv) citrus psylla damage;
- (v) foliage deformation caused by insects; and
- (vi) abnormalities in the growth and shape of the stems, roots and, if applicable, the graft or bud joint thereof;

(d) the roots of such plant—
- (i) are well-developed and not rootbound or damaged by fungi or other organisms;
- (ii) are spread in different directions; and
- (iii) if pruned, are not shorter than 20,0 cm; and

(e) the taproot of such plant is reasonably straight without a swan neck or kink near the ground.

(2) A plant of *Malus* spp. (other than decorative trees and shrubs), *Prunus armeniaca* L., *Prunus avium* L., *Prunus cerasus* L., *Prunus domestica* L., *Prunus persica* Batsch, *Prunus salinica* Lindl or *Pyrus communis* L. which is not certified may be sold without an authority referred to in section 13 of the Act if—

(a) such plant—
- (i) is true to variety;
- (ii) has a bole which is at least 50,0 cm high;
- (iii) shows growth vigour; and
- (iv) is free of the insects and plant diseases to which the provisions of the Agricultural Pests Act, 1973 (Act 3 of 1973), have been declared applicable, as well as of all other visible insects and plant diseases;

(b) where such plant has been grafted or budded—
- (i) the graft or bud joint has grown together right around; and
- (ii) the bole diameter, 5,0 cm above the graft or bud joint, is at least 0,8 cm;

(c) no signs of physiological damage, drying out or serious mechanical, hail or cold damage are visible on such plant;

(d) the roots of such plant—
- (i) are well-developed and not rootbound or damaged by fungi or other organisms;
- (ii) are spread in different directions; and
- (iii) if pruned, are not shorter than 20,0 cm; and

(e) the taproot, where present, of such plant is reasonably straight.

van daardie lot gedoen is, nie die toleransie oorskry wat in die metodes vir die betrokke toets, ondersoek of ontleding vir sodanige verskil voorsien is nie.

HOOFSTUK VI

Vereistes Betreffende Plante en Voortplantingsmateriaal, Uitgesonderd Saad

Maksimum aantal gesertifiseerde plante in lotte

30. Die maksimum aantal gesertifiseerde plante in 'n lot van sodanige plante mag, in die geval van plante van *Vitis*-spp., nie 5 000, en in die geval van plante van ander soorte, nie 3 000 oorskry nie.

Vereistes vir plante wat nie gesertifiseer is nie

31. (1) 'n Plant van *Citrus limon* Burm f, *Citrus reticulata* Blanco, *Citrus paradisi* Macf. of *Citrus sinensis* Osbeck wat nie gesertifiseer is nie, mag sonder 'n magtiging in artikel 13 van die Wet bedoel, verkoop word indien—

(a) daardie plant—
- (i) en, waar dit geënt is, die onderstam daarvan, variëteitseg is;
- (ii) groeikragtig vertoon en donkergroen van kleur is;
- (iii) waar dit geënt of geokuleer is, vanaf die ent- of okuleerlas tot die kruin met blare bedek is;
- (iv) geen blare het wat tekens van voedingstekorte toon nie; en
- (v) vry is van die insekte en plantsiektes waarop die bepalings van die Wet op Landbouplae, 1973 (Wet 3 van 1973), van toepassing verklaar is, asook van alle ander sigbare insekte en plantsiektes;

(b) waar daardie plant geënt of geokuleer is, die ent- of okuleerlas minstens 20,0 cm bo die grond is en rondom vasgegroei is;

(c) geen tekens op daardie plant sigbaar is nie van—
- (i) fisiologiese beskadiging;
- (ii) uitdroging;
- (iii) ernstige meganiese, hael- of kouebeskadiging;
- (iv) sitrusbladvlooibeskadiging;
- (v) blaarmisvorming wat deur insekte veroorsaak is; en
- (vi) abnormaliteite in die groei en vorm van die stingels, wortels en waar van toepassing, die ent- of okuleerlas daarvan;

(d) die wortels van daardie plant—
- (i) goed ontwikkel is en nie wortelgebonde is of deur swamme of ander organismes beskadig is nie;
- (ii) in verskillende rigtings versprei is; en
- (iii) indien teruggesny, nie korter as 20,0 cm is nie; en

(e) die penwortel van daardie plant redelik reguit sonder 'n swaannek of kinkel naby die grond is.

(2) 'n Plant van *Malus*-spp. (uitgesonderd sierbome en -struike), *Prunus armeniaca* L., *Prunus avium* L., *Prunus cerasus* L., *Prunus domestica* L., *Prunus persica* Batsch, *Prunus salinica* Lindl of *Pyrus communis* L. wat nie gesertifiseer is nie, mag sonder 'n magtiging in artikel 13 van die Wet bedoel, verkoop word indien—

(a) daardie plant—
- (i) variëteitseg is;
- (ii) 'n hoofstam het wat minstens 50,0 cm hoog is;
- (iii) groeikragtig vertoon; en
- (iv) vry is van die insekte en plantsiektes waarop die bepalings van die Wet op Landbouplae, 1973 (Wet 3 van 1973), van toepassing verklaar is, asook van alle ander sigbare insekte en plantsiektes;

(b) waar daardie plant geënt of geokuleer is—
- (i) die ent- of okuleerlas rondom vasgegroei is; en
- (ii) die stamdeursnit, 5,0 cm bokant die ent- of okuleerlas, minstens 0,8 cm is;

(c) geen tekens van fisiologiese beskadiging, uitdroging of ernstige meganiese, hael- of kouebeskadiging op daardie plant sigbaar is nie;

(d) die wortels van daardie plant—
- (i) goed ontwikkel is en nie wortelgebonde is of deur swamme of ander organismes beskadig is nie;
- (ii) in verskillende rigtings versprei is; en
- (iii) indien teruggesny, nie korter as 20,0 cm is nie; en

(e) die penwortel, waar aanwesig, van daardie plant redelik reguit is.

University of Fort Hare
Together in Excellence

(3) A plant of *Vitis* spp. (other than those used for decorative purposes) which has not been certified may be sold without an authority referred to in section 13 of the Act if—

(a) such plant—
- (i) and, where it has been grafted, the rootstock thereof is true to variety;
- (ii) shows growth vigour;
- (iii) where it has not been grafted, has at least one well-ripened one-year-old shoot which is at least 30,0 cm long or two such shoots which are each at least 20,0 cm long, and on which dormant buds appear which show no signs of swelling or budding;
- (iv) where it has been grafted, has at least one well-ripened one-year-old shoot of at least 15,0 cm long, or two such shoots which are each at least 10,0 cm long, and on which dormant buds appear which show no signs of swelling or budding; and
- (v) is free of the insects and plant diseases to which the provisions of the Agricultural Pests Act, 1973 (Act 3 of 1973), have been declared applicable, as well as of all other visible insects and plant diseases;

(b) the rootstock of such plant, where it has been grafted, is at least 20,0 cm long and originates from a parent plantation on a premises which is registered as an establishment and where only plants intended for the production of rootstock are grown;

(c) where such plant has been grafted—
- (i) the graft joint has grown together right around; and
- (ii) the diameter of the scion at the graft joint is not more than 2,0 mm thicker or 3,0 mm thinner than the diameter of the rootstock there;

(d) no signs are visible on such plant of—
- (i) physiological damage;
- (ii) drying out;
- (iii) serious mechanical, hail or cold damage; and
- (iv) the removal, where it has been grafted, of roots thicker than 2,0 mm from the scion thereof;

(e) the roots of such plant—
- (i) are well-developed and not rootbound or damaged by fungi or other organisms;
- (ii) are spread in different directions; and
- (iii) if pruned, are not shorter than 15,0 cm; and

(f) at least two roots appear at the base of such plant.

(4) Any plant of a kind other than those referred to in subregulations (1), (2) and (3) which is not certified may be sold without an authority referred to in section 13 of the Act if—

(a) such plant—
- (i) is true to variety;
- (ii) shows growth vigour; and
- (iii) is free of the insects and plant diseases to which the provisions of the Agricultural Pests Act, 1973 (Act 3 of 1973), have been declared applicable, as well as of all other visible insects and plant diseases;

(b) where such plant has been grafted or budded, the graft or bud joint has grown together right around;

(c) no signs of physiological damage, drying out or serious mechanical, hail or cold damage are visible on such plant; and

(d) the roots of such plant—
- (i) are well-developed and not rootbound or damaged by fungi or other organisms; and
- (ii) are spread in different directions.

(5) The provisions of regulation 29 shall *mutatis mutandis* apply to the permissible tolerance between the indicated properties of plants referred to in this regulation and the result of a test, examination or analysis for each such property.

Requirements for plants and propagating material which are certified

32. (1) Plants and propagating material other than seed, which have been certified, may be sold with an indication that they have been so certified, without an authority referred to in section 13 of the Act, if—

(a) such plants or propagating material comply with the requirements determined therefor in the relevant scheme and are labelled and sealed as required in such scheme; and

(b) the seller of such plants or propagating material is in possession of documentary evidence substantiating the fact that such plants or propagating material have been so certified.

(3) 'n Plant van *Vitis*-spp. (uitgesonderd dié wat vir sierdoeleindes gebruik word) wat nie gesertifiseer is nie, mag sonder 'n magtiging in artikel 13 van die Wet bedoel, verkoop word indien—

(a) daardie plant—
- (i) en, waar dit geënt is, die onderstok daarvan, variëteitseg is;
- (ii) groeikragtig vertoon;
- (iii) waar dit nie geënt is nie, minstens een goed ryp eenjarige loot het wat minstens 30,0 cm lank is, of twee sodanige lote wat elk minstens 20,0 cm lank is, waarop slapende ogies voorkom wat geen tekens van swelling of bot vertoon nie;
- (iv) waar dit geënt is, minstens een goed ryp eenjarige loot het wat minstens 15,0 cm lank is, of minstens twee sodanige lote wat elk minstens 10,0 cm lank is, en waarop slapende ogies voorkom wat geen tekens van swelling of bot vertoon nie; en
- (v) vry is van die insekte en plantsiektes waarop die bepalings van die Wet op Landbouplae, 1973 (Wet 3 van 1973), van toepassing verklaar is, asook van alle ander sigbare insekte en plantsiektes;

(b) die onderstok van daardie plant, waar dit geënt is, minstens 20,0 cm lank is en afkomstig is van 'n moederplantasie op 'n perseel wat as 'n onderneming geregistreer is en waar slegs plante wat vir die produksie van onderstokke beoog word, verbou word;

(c) waar daardie plant geënt is—
- (i) die entlas rondom vasgegroei is; en
- (ii) die deursnit van die bostok by die entlas nie meer as 2,0 mm dikker of 3,0 mm dunner as die deursnit van die onderstok aldaar is nie;

(d) geen tekens op daardie plant sigbaar is nie van—
- (i) fisiologiese beskadiging;
- (ii) uitdroging;
- (iii) ernstige meganiese, hael- of kouebeskadiging; en
- (iv) die verwydering, waar dit geënt is, van wortels van dikker as 2,0 mm, van die bostok daarvan;

(e) die wortels van daardie plant—
- (i) goed ontwikkel is en nie wortelgebonde is of deur swamme of ander organismes beskadig is nie;
- (ii) in verskillende rigtings versprei is; en
- (iii) indien teruggesny, nie korter as 15,0 cm is nie; en

(f) minstens twee wortels aan die basis van daardie plant voorkom.

(4) Enige plant van 'n ander soort as dié in subregulasies (1), (2) en (3) vermeld, wat nie gesertifiseer is nie, mag sonder 'n magtiging in artikel 13 van die Wet bedoel, verkoop word indien—

(a) daardie plant—
- (i) variëteitseg is;
- (ii) groeikragtig vertoon; en
- (iii) vry is van die insekte en plantsiektes waarop die bepalings van die Wet op Landbouplae, 1973 (Wet 3 van 1973), van toepassing verklaar is, asook van alle ander sigbare insekte en plantsiektes;

(b) waar daardie plant geënt of geokuleer is, die ent- of okuleerlas rondom vasgegroei is;

(c) geen tekens van fisiologiese beskadiging, uitdroging of ernstige meganiese, hael- of kouebeskadiging op daardie plant sigbaar is nie; en

(d) die wortels van daardie plant—
- (i) goed ontwikkel is en nie wortelgebonde is of deur swamme of ander organismes beskadig is nie; en
- (ii) in verskillende rigtings versprei is.

(5) Die bepalings van regulasie 29 is *mutatis mutandis* van toepassing op die toelaatbare toleransie tussen die aangeduide eienskappe van plante in hierdie regulasie vermeld, en die uitslag van 'n toets, ondersoek of ontleding vir elke sodanige eienskap.

Vereistes vir plante en voortplantingsmateriaal wat gesertifiseer is

32. (1) Plante en ander voortplantingsmateriaal as saad, wat gesertifiseer is, kan sonder 'n magtiging in artikel 13 van die Wet bedoel, verkoop word met 'n aanduiding dat dit aldus gesertifiseer is indien—

(a) daardie plante of voortplantingsmateriaal aan die vereistes wat in die betrokke skema daarvoor bepaal is, voldoen, en geëtiketteer en verseël is soos in sodanige skema vereis; en

(b) die verkoper van daardie plante of voortplantingsmateriaal in besit is van skriftelike bewys ter bevestiging van die feit dat daardie plante of voortplantingsmateriaal aldus gesertifiseer is.

VIDE BIMUS LUMINE TUO
University of Fort
Together in Excellence

(2) If the provisions of subregulation (1) cannot be complied with in respect of a lot of plants or propagating material which was certified in terms of a scheme, no reference whatsoever shall prior to, at or after the sale of such plants or propagating material be made to the fact that the aforesaid plants or propagating material were presented for certification or were thus certified.

(3) The provisions of regulation 29 shall *mutatis mutandis* apply in respect of plants and propagating material referred to in this regulation.

CHAPTER VII

Containers of Propagating Material

Requirements for containers

33. A container in which propagating material is sold shall be sound and clean.

Sealing of containers of prepacked propagating material

34. (1) A container in which propagating material is prepacked shall be sealed at the establishment where it was prepacked in such a manner that access to the propagating material concerned can be obtained only by breaking such seal or the container concerned.

(2) When the seal of a container in which propagating material was prepacked or the container concerned is broken for reasons other than sampling in terms of section 25 of the Act, such propagating material shall not be deemed to have been prepacked.

CHAPTER VIII

Marking and Labelling of Plants and Propagating Material

Marking and labelling of plants

35. (1) A plant which is sold without an authority referred to in section 13 of the Act shall be furnished with a label on which is indicated in symbols, letters and figures which are clearly legible—

(a) the recognised name of the kind to which such plant belongs;

(b) the denomination which is generally used for the variety concerned, unless the registrar determines otherwise in respect of a particular kind of plant;

(c) in the case of a plant referred to in regulation 31 (1) and (3) which has been grafted into a rootstock, also the particulars referred to in paragraphs *(a)* and *(b)* in respect of such rootstock; and

(d) the name and address of the establishment where such plant is sold or was grown: Provided that where such plant is resold, the name and address of the establishment from which it was obtained, may also, or in stead thereof, be indicated.

(2) If a plant referred to in subregulation (1) is certified, the label in respect of such plant shall also contain—

(a) the lot number of the lot of plants to which such plant belongs;

(b) the number of the certificate issued in respect of the lot concerned; and

(c) the further information which shall appear on such label in terms of the scheme concerned.

(3) The appropriate information referred to in subregulations (1) and (2) may be indicated as an alternative on a container in which a plant grows when sold, or on a label attached to such container.

Marking and labelling of seed which is not certified

36. (1) A container in which seed referred to in regulations 22 and 24, which is not certified or prepacked, is sold, shall be marked in clearly legible symbols, letters and figures with, or be furnished with a label on which is likewise indicated—

(a) the name, as indicated in a notice under section 2 of the Act, of the kind of plant to which such seed belongs;

(b) the denomination of the variety to which such seed belongs, in the manner required in terms of section 13 (1) *(a)* and *(b)* of the Act;

(c) the lot number of such seed;

(2) Indien die bepalings van subregulasie (1) nie ten opsigte van 'n lot plante of voortplantingsmateriaal wat ingevolge 'n skema gesertifiseer is, nagekom kan word nie, mag geen melding van enige aard voor, tydens of na die verkoop van daardie plante of voortplantingsmateriaal gemaak word van die feit dat dit vir sertifisering aangebied is of aldus gesertifiseer is nie.

(3) Die bepalings van regulasie 29 is *mutatis mutandis* van toepassing ten opsigte van plante en voortplantingsmateriaal in hierdie regulasie vermeld.

HOOFSTUK VII

Houers van Voorplantingsmateriaal

Vereistes vir houers

33. 'n Houer waarin voortplantingsmateriaal verkoop word, moet heel en skoon wees.

Verseëling van houers van voorafverpakte voortplantingsmateriaal

34. (1) 'n Houer waarin voortplantingsmateriaal voorafverpak is, moet by die onderneming waar dit voorafverpak is, verseël word op so 'n wyse dat toegang tot die betrokke voortplantingsmateriaal verkry kan word slegs deur daardie verseëling of die betrokke houer te breek.

(2) Wanneer die verseëling van 'n houer waarin voortplantingsmateriaal voorafverpak is of die betrokke houer om ander redes as monsterneming ingevolge artikel 25 van die Wet gebreek is, word daardie voortplantingsmateriaal nie geag voorafverpak te gewees het nie.

HOOFSTUK VIII

Merk en Etikettering van Plante en Voortplantingsmateriaal

Merk en etikettering van plante

35. (1) 'n Plant wat sonder 'n magtiging in artikel 13 van die Wet bedoel, verkoop word, moet voorsien wees van 'n etiket waarop in duidelik leesbare simbole, letters en syfers aangedui word—

(a) die erkende naam van die soort waartoe daardie plant behoort;

(b) die benaming wat algemeen vir die betrokke variëteit gebruik word, tensy die registrateur ten opsigte van 'n bepaalde soort plant anders bepaal;

(c) in die geval van 'n plant in regulasie 31 (1) en (3) vermeld, wat op 'n onderstam of onderstok geënt is, ook die besonderhede in paragrawe *(a)* en *(b)* vermeld, ten opsigte van daardie onderstam of onderstok; en

(d) die naam en adres van die onderneming waar daardie plant verkoop word of gekweek is: Met dien verstande dat waar daardie plante herverkoop word, die naam en adres van die onderneming waarvandaan dit verkry is, ook, of in plaas daarvan aangedui kan word.

(2) Indien 'n plant in subregulasie (1) vermeld, gesertifiseer is, moet die etiket ten opsigte van daardie plant ook—

(a) die lotnommer van die lot plante waartoe daardie plant behoort, bevat;

(b) die nommer van die sertifikaat wat ten opsigte van die betrokke lot uitgereik is, bevat; en

(c) die verdere inligting bevat wat ingevolge die betrokke skema op so 'n etiket moet verskyn.

(3) Die toepaslike inligting in subregulasies (1) en (2) vermeld, kan as alternatief aangedui word op 'n houer waarin 'n plant groei wanneer dit verkoop word, of op 'n etiket wat aan so 'n houer geheg is.

Merk en etikettering van saad wat nie gesertifiseer is nie

36. (1) 'n Houer waarin saad in regulasies 22 en 24 vermeld, wat nie gesertifiseer of voorafverpak is nie, verkoop word, moet in duidelik leesbare simbole, letters en syfers gemerk wees met, of voorsien wees van 'n etiket waarop insgelyks aangedui word—

(a) die naam, soos in 'n kennisgewing kragtens artikel 2 van die Wet aangedui, van die soort plant waartoe daardie saad behoort;

(b) die benaming van die variëteit waartoe daardie saad behoort, op die wyse ingevolge artikel 13 (1) *(a)* en *(b)* van die Wet vereis;

(c) die lotnommer van daardie saad;

(d) the words "Percentage Germination" or the words "Persentasie Ontkieming", followed by the group within which the actual percentage germination of such seed falls, which shall be expressed as—
(i) "85 and higher" or "85 en hoër";
(ii) "70–84";
(iii) "50–69"; or
(iv) "20–49"; and

(e) the name and address of the establishment where such seed is sold: Provided that where such seed is resold, the name and address of the establishment from which it was obtained, may also, or in stead thereof, be indicated.

(2) In addition to the information referred to in subregulation (1)—

(a) the words "Poison-treated Seed" or the words "Gifbehandelde Saad" shall also be indicated in a conspicuous manner on a container in which seed is sold, or on a label attached to such container, if the seed concerned has been treated with a substance which is poisonous or harmful to humans or animals, and the use of such substance is controlled in terms of the Fertilizers, Farm Feeds, Agricultural Remedies and Stock Remedies Act, 1947 (Act 36 of 1947), the Medicines and Related Substances Control Act, 1965 (Act 101 of 1965), the Foodstuffs, Cosmetics and Disinfectants Act, 1972 (Act 54 of 1972), or the Hazardous Substances Act, 1973 (Act 15 of 1973);

(b) the word "Pollinator" or the word "Bestuiwer", followed by the actual percentage content, calculated on a mass basis, of the seed of such pollinator, shall also be indicated on a container in which seed is sold, or on a label attached to such container, if seed of a pollinator is present in the seed concerned;

(c) the words "Percentage Other Matter" or the words "Persentasie Ander Materiaal", followed by the actual percentage content, calculated on a mass basis, of the other matter in such seed, shall also be indicated on a container in which seed is sold, or on a label attached to such container, if such content—
(i) in the case of seed of a kind of plant specified in column 1 of Table 4, except if it is pelleted seed, is more than the percentage specified in column 2 of the said Table opposite the name of the kind concerned; and
(ii) in the case of pelleted seed, is more than 2 per cent;

(d) the number of pure pellets per mass unit shall also, in the case of pelleted seed, be indicated on a container in which seed is sold, or on a label attached to such container; and

(e) the word "Hybrid" or the word "Baster" may only be indicated on a container in which seed is sold, or on a label attached to such container, if the seed in that container consists of at least 90 per cent hybrid seed of the variety concerned.

Marking and labelling of seed mixtures

37. A container in which a seed mixture referred to in regulation 23, which is not prepacked, is sold, shall be marked in clearly legible symbols, letters and figures with, or be furnished with a label on which is likewise indicated—

(a) the word "Mixture" or the word "Mengsel", followed by the particulars referred to in regulation 36 (1) *(a)* and *(b)* in respect of each of the kinds and varieties present in such mixture;

(b) the actual percentage contents, calculated on a mass basis, of each of the kinds and varieties present in such mixture;

(c) the lot number of that seed;

(d) the percentage germination, expressed in the manner indicated in regulation 36 (1) *(d)*, of each of such kinds and varieties present in such mixture;

(e) the name and address of the establishment where such seed is sold: Provided that where such seed is resold, the name and address of the establishment from which it is obtained, may also, or in stead thereof, be indicated; and

(f) the appropriate particulars which are required in terms of regulation 36 (2): Provided that the particulars required in terms of regulation 36 (2) *(c)* shall only be indicated if the actual percentage contents other matter in that mixture is more than 5 per cent.

(d) die woorde „Persentasie Ontkieming" of die woorde „Percentage Germination", gevolg deur die groep waarbinne die werklike persentasie ontkieming van daardie saad val, wat uitgedruk moet word as—
(i) „85 en hoër" of „85 and higher";
(ii) „70–84";
(iii) „50–69"; of
(iv) „20–49"; en

(e) die naam en adres van die onderneming waar daardie saad verkoop word: Met dien verstande dat waar daardie saad herverkoop word, die naam en adres van die onderneming waarvandaan dit verkry is, ook, of in plaas daarvan aangedui kan word.

(2) Benewens die inligting in subregulasie (1) vermeld—

(a) moet die woorde „Gifbehandelde Saad" of die woorde „Poison-treated Seed" ook op 'n opvallende wyse op 'n houer waarin saad verkoop word, of op 'n etiket wat aan so 'n houer geheg is, aangedui word indien die betrokke saad met 'n stof behandel is wat giftig of nadeling vir mense of diere is, en die gebruik van so 'n stof ingevolge die Wet op Misstowwe, Veevoedsel, Landboumiddels en Veemiddels, 1947 (Wet 36 van 1947), die Wet op die Beheer van Medisyne en Verwante Stowwe, 1965 (Wet 101 van 1965), die Wet op Voedingsmiddels, Skoonheidsmiddels en Ontsmettingsmiddels, 1972 (Wet 54 van 1972), of die Wet op Gevaarhoudende Stowwe, 1973 (Wet 15 van 1973), beheer word;

(b) moet die woord „Bestuiwer" of die woord „Pollinator", gevolg deur die werklike persentasie-inhoud, bereken op 'n massabasis, van die saad van daardie bestuiwer, ook op 'n houer waarin saad verkoop word of op 'n etiket wat aan so 'n houer geheg is, aangedui word indien saad van 'n bestuiwer in die betrokke saad teenwoordig is;

(c) moet die woorde „Persentasie Ander Materiaal" of die woorde „Percentage Other Matter", gevolg deur die werklike persentasie-inhoud, bereken op 'n massabasis, van die ander materiaal in daardie saad, ook op 'n houer waarin saad verkoop word, of op 'n etiket wat aan so 'n houer geheg is, aangedui word indien sodanige inhoud—
(i) in die geval van saad van 'n soort plant in kolom 1 van Tabel 4 aangedui, behalwe indien dit verkorrelde saad is, meer is as die persentasie in kolom 2 van voormelde Tabel teenoor die naam van die betrokke soort aangedui; en
(ii) in die geval van verkorrelde saad, meer as 2 persent is;

(d) moet die aantal suiwer korrels per massa-eenheid ook in die geval van verkorrelde saad aangedui word op 'n houer waarin saad verkoop word, of op 'n etiket wat aan so 'n houer geheg is; en

(e) mag die woord „Baster" of die woord „Hybrid" op 'n houer waarin saad verkoop word, of op 'n etiket wat aan so 'n houer geheg is, aangedui word slegs indien die saad in daardie houer uit minstens 90 persent bastersaad van die betrokke variëteit bestaan.

Merk en etikettering van saadmengsels

37. 'n Houer waarin 'n saadmengsel in regulasie 23 bedoel, wat nie voorafverpak is nie, verkoop word, moet in duidelik leesbare simbole, letters en syfers gemerk wees met, of voorsien wees van 'n etiket waarop insgelyks aangedui word—

(a) die woord „Mengsel" of die woord „Mixture", gevolg deur die besonderhede in regulasie 36 (1) *(a)* en *(b)* vermeld ten opsigte van elkeen van die soorte en variëteite wat in daardie mengsel teenwoordig is;

(b) die werklike persentasie-inhoud, bereken op 'n massabasis, van elkeen van die soorte en variëteite wat in daardie mengsel teenwoordig is;

(c) die lotnommer van daardie saad;

(d) die persentasie ontkieming, uitgedruk op die wyse in regulasie 36 (1) *(d)* aangedui, van elkeen van sodanige soorte en variëteite wat in daardie mengsel teenwoordig is;

(e) die naam en adres van die onderneming waar daardie saad verkoop word: Met dien verstande dat waar daardie saad herverkoop word, die naam en adres van die onderneming waarvandaan dit verkry is, ook, of in plaas daarvan aangedui kan word; en

(f) die toepaslike besonderhede wat ingevolge regulasie 36 (2) vereis word: Met dien verstande dat die besonderhede wat ingevolge regulasie 36 (2) *(c)* vereis word, aangedui moet word slegs indien die werklike persentasie-inhoud ander materiaal in daardie mengsel meer as 5 persent is.

Marking and labelling of prepacked seed

38. (1) A container in which seed referred to in regulation 25, which has been prepacked, is sold, shall be marked in clearly legible symbols, letter and figures with, or be furnished with a label on which is likewise indicated—

(a) the particulars referred to in regulation 36 (1) *(a)*, *(b)* and *(c)* and (2) *(a)*, *(b)* and *(e)*;

(b) the name and address of the establishment where such seed was prepacked; and

(c) the words "Prepacked Seed" or the words "Voorafverpakte Saad", if the net mass of the seed in the container concerned exceeds the mass specified in column 8 of Table 4 opposite the name of the kind concerned.

(2) No indication relating to percentage germination or other matter content shall appear on a container in which prepacked seed is sold, or on a label attached to such container, and if such seed is certified no indication in connection with the certification thereof shall be furnished on the container or label concerned.

Marking and labelling of seed which is certified

39. A container in which seed referred to in regulation 26, which has been certified, is sold, shall be marked in clearly legible symbols, letters and figures with, or be furnished with a label on which is likewise indicated—

(a) the appropriate particulars which are required in terms of regulation 36 in respect of seed which has not been certified;

(b) the number of the certificate issued in respect of the lot concerned; and

(c) the further information which, in terms of the scheme concerned, is required to be indicated on such container or label.

Limitation on indications

40. Except where the registrar determines otherwise, no brand, name, design, illustration, indication or particulars shall appear on a container in which a plant or propagating material is sold, or on a label attached to such plant or container—

(a) unless it shall in terms of these regulations or, in the case of a plant or propagating material which is certified, the scheme concerned, appear thereon;

(b) unless it shall or may, in terms of any other law, appear thereon; or

(c) unless it relates to the relevant plant or propagating material, or the producer thereof or the establishment where it was cleansed or sold.

CHAPTER IX

Importation of Plants and Propagating Material

Requirements for imported seed

41. Seed of a kind of plant specified in column 1 of Table 4 which is imported into the Republic shall, at the time of its presentation for examination and sampling in terms of section 26 (4) of the Act, comply with the appropriate requirements indicated in these regulations for the seed concerned: Provided that, in the case of pelleted seed, the other matter content thereof shall not exceed 5 per cent.

Marking and labelling of imported seed

42. The provisions of regulation 36 (1) *(a)*, *(b)* and *(c)* and (2) *(a)*, *(b)*, *(d)* and *(e)* shall *mutatis mutandis* apply to the particulars which shall appear on a container of seed which is imported into the Republic, or on a label attached to such container: Provided that the name and address of the establishment where such seed is sold are not required.

Ports of entry

43. Unless the registrar, following an application in respect of a particular consignment of seed, determines otherwise in terms of section 26 (1) *(d)* of the Act, the places specified in column 1 of Table 5 shall be ports of entry through which seed may be imported into the Republic.

Furnishing of particulars regarding imported seed

44. (1) Particulars regarding each consignment of seed imported into the Republic shall be furnished in the form set out in Schedule E.

Merk en etikettering van voorafverpakte saad

38. (1) 'n Houer waarin saad in regulasie 25 vermeld, wat voorafverpak is, verkoop word, moet in duidelik leesbare simbole, letters en syfers gemerk wees met, of voorsien wees van 'n etiket waarop insgelyks aangedui word—

(a) die besonderhede in regulasie 36 (1) *(a)*, *(b)* en *(c)* en (2) *(a)*, *(b)* en *(e)* vermeld;

(b) die naam en adres van die onderneming waar daardie saad voorafverpak is; en

(c) die woorde „Voorafverpakte Saad" of die woorde „Prepacked Seed", indien die netto massa van die saad in die betrokke houer meer is as die massa in kolom 8 van Tabel 4 teenoor die naam van die betrokke soort aangedui.

(2) Geen aanduiding betreffende persentasie ontkieming of ander materiaalinhoud mag op 'n houer waarin voorafverpakte saad verkoop word, of op 'n etiket wat aan so 'n houer geheg is, verskyn nie, en indien sodanige saad gesertifiseer is, mag geen aanduiding in verband met die sertifisering daarvan op die betrokke houer of etiket verstrek word nie.

Merk en etikettering van saad wat gesertifiseer is

39. 'n Houer waarin saad in regulasie 26 vermeld, wat gesertifiseer is, verkoop word, moet in duidelik leesbare simbole, letters en syfers gemerk wees met, of voorsien wees van 'n etiket waarop insgelyks aangedui word—

(a) die toepaslike besonderhede wat ingevolge regulasie 36 vereis word ten opsigte van saad wat nie gesertifiseer is nie;

(b) die nommer van die sertifikaat wat ten opsigte van die betrokke lot uitgereik is; en

(c) die verdere inligting wat ingevolge die betrokke skema vereis word om op so 'n houer of etiket aangedui te word.

Beperking op aanduidings

40. Behalwe waar die registrateur anders bepaal, mag geen kenmerk, naam, ontwerp, illustrasie, aanduiding of besonderhede op 'n houer waarin 'n plant of voortplantingsmateriaal verkoop word, of op 'n etiket wat aan so 'n plant of houer geheg is, verskyn nie—

(a) tensy dit ingevolge hierdie regulasies of, in die geval van 'n plant of voortplantingsmateriaal wat gesertifiseer is, die betrokke skema, daarop aangedui moet word;

(b) tensy dit ingevolge die een of ander wet daarop moet of kan verskyn; of

(c) tensy dit betrekking het op die betrokke plant of voortplantingsmateriaal, of die produsent daarvan of die onderneming waar dit skoongemaak of verkoop is.

HOOFSTUK IX

Invoer van Plante en Voortplantingsmateriaal

Vereistes vir ingevoerde saad

41. Saad van 'n soort plant in kolom 1 van Tabel 4 aangedui, wat in die Republiek ingevoer word, moet ten tyde van die aanbieding daarvan vir ondersoek en monsterneming ingevolge artikel 26 (4) van die Wet, aan die toepaslike vereistes in hierdie regulasies vir die betrokke saad aangedui, voldoen: Met dien verstande dat in die geval van verkorrelde saad, die inhoud ander materiaal daarvan nie 5 persent mag oorskry nie.

Merk en etikettering van ingevoerde saad

42. Die bepalings van regulasie 36 (1) *(a)*, *(b)* en *(c)* en (2) *(a)*, *(b)*, *(d)* en *(e)* is *mutatis mutandis* van toepassing op die besonderhede wat op 'n houer waarin saad in die Republiek ingevoer word, of op 'n etiket wat aan so 'n houer geheg is, moet verskyn: Met dien verstande dat die naam en adres van die onderneming waar daardie saad verkoop word, nie vereis word nie.

Plekke van binnekoms

43. Tensy die registrateur ingevolge artikel 26 (1) *(d)* van die Wet op aansoek ten opsigte van 'n besondere besending saad anders bepaal, is die plekke in kolom 1 van Tabel 5 aangedui, plekke van binnekoms waardeur saad in die Republiek ingevoer mag word.

Verstrekking van besonderhede betreffende ingevoerde saad

44. (1) Besonderhede betreffende elke besending saad wat in die Republiek ingevoer word, moet in die vorm in Bylae E uiteengesit, voorsien word.

(2) Such a form in respect of a consignment of seed imported through a port of entry specified in column 1 of Table 5, shall be addressed to or delivered at the address specified in column 2 of the said Table opposite the port of entry concerned.

(3) A consignment of seed may only be removed from the place indicated in an authority in terms of section 26 (3) of the Act in respect thereof, after a permit for the sale thereof has been issued in terms of section 26 (4) of the Act.

Examination and sampling of imported seed

45. Seed which is imported into the Republic shall—

(a) unless the registrar determines otherwise in respect of a particular consignment, be presented for examination and sampling at the port of entry thereof;

(b) be presented for examination and sampling in such a manner that—

(i) access to the seed concerned can readily be obtained; and

(ii) all the marks, printing or writing on the containers of the seed concerned or on labels attached to such containers may readily be read; and

(c) only be examined and sampled during office hours.

CHAPTER X

Inspection and Sampling of Seed

Entries relating to inspections

46. (1) The particulars of an inspection carried out in terms of section 25 (1) of the Act, and of each decision or instruction arising therefrom shall be entered in the form set out in Schedule F.

(2) Any comment or explanation by the owner or occupier of an establishment in connection with the particulars of an inspection or a decision or instruction arising therefrom which has been entered as contemplated in subregulation (1) shall be submitted to the registrar within 30 days of the date of the inspection concerned.

Availability of seed for sampling

47. If—

(a) access to a lot of seed at a place or premises cannot readily be obtained by an officer requiring a sample of that seed; or

(b) the lighting at a place or premises where seed is sampled is not sufficient to enable an officer requiring a sample of that seed to readily read all the marks, printing or writing on the containers of the seed concerned, or on labels attached to such containers,

the person in charge of the place or premises in question or, in the case of seed which is imported, the importer thereof or his agent, shall render all reasonable assistance required by the officer concerned to enable him to obtain the required sample and to identify the seed concerned.

Certificates in connection with sampling and analysis

48. (1) A certificate in terms of section 25 (3) *(b)* of the Act in respect of the sampling of a lot of seed shall be completed in the form set out in Schedule G.

(2) The result of a test, examination or analysis carried out in terms of section 25 (3) *(d)* of the Act with the sample of a lot of seed shall be entered in the form set out in Schedule H.

CHAPTER XI

Inspection and Sampling of Plants and Propagating Material other than Seed

Entries regarding inspections

49. The provisions of regulation 46 shall *mutatis mutandis* apply to an inspection of plants and propagating material other than seed.

Availability of plants and propagating material for sampling

50. The provisions of regulation 47 shall *mutatis mutandis* apply to the rendering of reasonable assistance which an officer may

(2) So 'n vorm ten opsigte van 'n besending saad wat deur 'n plek van binnekoms in kolom 1 van Tabel 5 aangedui, ingevoer word, moet geadresseer wees aan of afgelewer word by die adres in kolom 2 van voormelde Tabel teenoor die betrokke plek van binnekoms aangedui.

(3) 'n Besending saad mag slegs van die plek wat in 'n magtiging ingevolge artikel 26 (3) van die Wet ten opsigte daarvan aangedui is, verwyder word nadat 'n permit vir die verkoop daarvan ingevolge artikel 26 (4) van die Wet uitgereik is.

Ondersoek en monsterneming van ingevoerde saad

45. Saad wat in die Republiek ingevoer word—

(a) moet, tensy die registrateur ten opsigte van 'n bepaalde besending anders bepaal, by die plek van binnekoms daarvan vir ondersoek en monsterneming aangebied word;

(b) moet vir ondersoek en monsterneming aangebied word op so 'n wyse dat—

(i) toegang tot die betrokke saad geredelik verkry kan word; en

(ii) al die merke, drukwerk of skryfwerk op die houers van die betrokke saad of op etikette wat aan sodanige houers geheg is, geredelik gelees kan word; en

(c) word slegs gedurende kantoorure ondersoek en bemonster.

HOOFSTUK X

Ondersoek en Monsterneming van Saad

Aantekeninge betreffende ondersoeke

46. (1) Die besonderhede van 'n ondersoek wat ingevolge artikel 25 (1) van die Wet uitgevoer is, en van elke beslissing of opdrag wat daaruit voortspruit, moet in die vorm in Bylae F uiteengesit, aangeteken word.

(2) Enige kommentaar of verduideliking deur die eienaar of okkupant van 'n onderneming in verband met die besonderhede van 'n ondersoek of 'n beslissing of opdrag wat daaruit voortspruit en wat aangeteken is soos in subregulasie (1) beoog, moet binne 30 dae na die datum van die betrokke ondersoek by die registrateur ingedien word.

Beskikbaarheid van saad vir monsterneming

47. Indien—

(a) toegang tot 'n lot saad by 'n plek of perseel nie geredelik verkry kan word deur 'n beampte wat 'n monster van daardie saad vereis nie; of

(b) die beligting by 'n plek of perseel waar saad bemonster word, nie voldoende is om 'n beampte wat 'n monster van daardie saad verlang, in staat te stel om die merke, drukwerk of skryfwerk op die houers van die betrokke saad of op etikette wat aan sodanige houers geheg is, geredelik te lees nie,

moet die persoon in beheer van die betrokke plek of perseel of, in die geval van saad wat ingevoer is, die invoerder daarvan of sy agent, alle redelike hulp wat die betrokke beampte verlang, verleen ten einde hom in staat te stel om die verlangde monster te neem en die betrokke saad te identifiseer.

Sertifikate in verband met monsterneming en ontleding van saad

48. (1) 'n Sertifikaat kragtens artikel 25 (3) *(b)* van die Wet ten opsigte van die monsterneming van 'n lot saad moet in die vorm in Bylae G uiteengesit, ingevul word.

(2) Die uitslag van 'n toets, ondersoek of ontleding wat kragtens artikel 25 (3) *(d)* van die Wet met die monster van 'n lot saad uitgevoer is, moet in die vorm in Bylae H uiteengesit, aangeteken word.

HOOFSTUK XI

Ondersoek en Monsterneming van Plante en Voortplantingsmateriaal, Uitgesonderd Saad

Aantekeninge betreffende ondersoeke

49. Die bepalings van regulasie 46 is *mutatis mutandis* van toepassing op 'n ondersoek van plante en ander voortplantingsmateriaal as saad.

Beskikbaarheid van plante en voortplantingsmateriaal vir monsterneming

50. Die bepalings van regulasie 47 is *mutatis mutandis* van toepassing op die verlening van redelike hulp wat 'n beampte

require to enable him to obtain a sample of plants or propagating material other than seed and to identify the plants or propagating material concerned.

Certificates in connection with sampling and analysis of plants and propagating material

51 (1) A certificate in terms of section 25 (3) *(b)* of the Act in respect of the sampling of a lot of plants or propagating material other than seed shall be completed in the form set out in Schedule I.

(2) The result of a test, examination or analysis carried out in terms of section 25 (3) *(d)* of the Act on a sample of a lot of plants or propagating material other than seed shall be entered in the form set out in Schedule J.

CHAPTER XII

GENERAL

Inspection of documents

52. (1) The fee specified in paragraph 4 of Table 1 shall be payable by any person desiring to inspect—

(a) the register of establishments;
(b) the varietal list; or
(c) a document which has been lodged with the registrar in terms of the Act and which, in the opinion of the registrar, may be open for inspection by the public.

(2) Any person—

(a) requiring a certificate by the registrar in respect of any particulars in the register of establishments or the varietal list; or
(b) requiring a copy of a document referred to in subregulation (1) *(c)*,

shall apply therefor in the form set out in Schedule K.

(3) Such an application shall be accompanied by the appropriate application fee specified in paragraph 5 or 6 of Table 1.

Appeal against decision or action of registrar

53. (1) An appeal in terms of section 32 of the Act shall—

(a) be lodged with the Director-General: Agriculture and Fisheries, in writing within 60 days of the date on which the registrar has given any person referred to in that section written notice of the decision or action concerned;
(b) state the reference number and date of the document by means of which such person was notified of such decision or action;
(c) state the grounds on which the appeal is based; and
(d) be accompanied by the fee specified in paragraph 7 of Table 1.

(2) An appeal shall—

(a) when forwarded by post, be addressed to—
The Director-General: Agriculture and Fisheries
Private Bag X116
Pretoria
0001;
or
(b) when delivered by hand, be delivered to—
The Director-General: Agriculture and Fisheries
Agriculture Building
Beatrix Street
Pretoria.

Payment of fees

54. (1) Any fees payable in terms of these regulations shall be paid by cheque, postal order or money order made out in favour of the Director-General: Agriculture and Fisheries: Provided that, if such fee is delivered by hand, it may be paid in cash.

(2) Subject to the provisions of section 32 (11) of the Act, fees paid in terms of these regulations shall not be repayable.

Addresses for submission of documents

55. (1) Postage on and delivery costs of any application, document and appeal lodged in terms of these regulations, as well as on or of anything else pertaining thereto, shall be prepaid.

verlang ten einde hom in staat te stel om 'n monster van plante of ander voortplantingsmateriaal as saad te neem en die betrokke plante of voortplantingsmateriaal te identifiseer.

Sertifikate in verband met monsterneming en ontleding van plante en voortplantingsmateriaal

51. (1) 'n Sertifikaat kragtens artikel 25 (3) *(b)* van die Wet ten opsigte van die monsterneming van 'n lot plante of ander voortplantingsmateriaal as saad moet in die vorm in Bylae I uiteengesit, ingevul word.

(2) Die uitslag van 'n toets, ondersoek of ontleding wat kragtens artikel 25 (3) *(d)* van die Wet met die monster van 'n lot plante of ander voortplantingsmateriaal as saad uitgevoer is, moet in die vorm in Bylae J uiteengesit, aangeteken word.

HOOFSTUK XII

ALGEMEEN

Insae in dokumente

52. (1) Die bedrag in paragraaf 4 van Tabel 1 aangedui, is betaalbaar deur iemand wat insae verlang in—

(a) die register van ondernemings;
(b) die variëteitslys; of
(c) 'n dokument wat ingevolge die Wet by die registrateur ingedien is en wat, na die oordeel van die registrateur, ter insae van die publiek kan wees.

(2) Iemand—

(a) wat 'n sertifikaat deur die registrateur ten opsigte van enige besonderhede in die register van ondernemings of die variëteitslys verlang; of
(b) wat 'n afskrif van 'n dokument in subregulasie (1) *(c)* verlang,

moet in die vorm in Bylae K uiteengesit, daarom aansoek doen.

(3) So 'n aansoek moet van die toepaslike aansoekgeld in paragraaf 5 of 6 van Tabel 1 aangedui, vergesel gaan.

Appèl teen beslissing van of stappe deur registrateur

53. (1) 'n Appèl ingevolge artikel 32 van die Wet moet—

(a) skriftelik by die Direkteur-generaal: Landbou en Visserye, ingedien word binne 60 dae na die datum waarop die registrateur iemand in daardie artikel bedoel, skriftelik van die betrokke beslissing of stappe kennis gegee het;
(b) die verwysingsnommer en datum van die geskrif deur middel waarvan sodanige persoon van daardie beslissing of stappe kennis gegee is, vermeld;
(c) die gronde aandui waarop die appèl gebaseer is; en
(d) vergesel gaan van die geld in paragraaf 7 van Tabel 1 aangedui.

(2) 'n Appèl moet—

(a) wanneer per pos gestuur, geaddresseer wees aan—
Die Direkteur-generaal: Landbou en Visserye
Privaatsak X116
Pretoria
0001;
of
(b) wanneer per hand afgelewer, afgelewer word by—
Die Direkteur-generaal: Landbou en Visserye
Landbougebou
Beatrixstraat
Pretoria.

Betaling van gelde

54. (1) Enige gelde wat ingevolge hierdie regulasies betaalbaar is, moet pe tjek, posorder of poswissel wat ten gunste van die Direkteur-generaal: Landbou en Visserye uitgemaak is, betaal word: Met dien verstande dat, indien sodanige geld per hand afgelewer word, dit in kontant betaal kan word.

(2) Behoudens die bepalings van artikel 32 (11) van die Wet is gelde wat ingevolge hierdie regulasies betaal is, nie terugbetaalbaar nie.

Adresse vir indiening van dokumente

55. (1) Posgeld op en afleweringskoste van enige aansoek, dokument en appèl wat ingevolge hierdie regulasies ingedien word, asook op of van enigiets in verband daarmee, is vooruitbetaalbaar.

(2) Any such application and document, save a form referred to in regulation 44, and an appeal referred to in regulation 53, shall be lodged with the registrar, and—

(a) when forwarded by post, be addressed to—
The Registrar of Plant Improvement
Private Bag X179
Pretoria
0001;
or

(b) when delivered by hand, be delivered to—
The Registrar of Plant Improvement
Division of Plant and Seed Control
Agriculture Building
Hamilton Street
Pretoria.

Supply and completion of forms

56. (1) The forms set out in Schedules C, D, E and K shall be set out on A4-size paper as shown therein and shall have a 30 mm margin on the left-hand side.

(2) Such forms shall be supplied by any person required to use them.

(3) The form set out in Schedule A shall on request be furnished by the registrar to any person required to use such form.

(4) The forms referred to in subregulations (1) and (3), as well as all other documents and copies of documents lodged in terms of the Act and these regulations, as well as records which are thus to be kept shall, unless the registrar or the Director-General: Agriculture and Fisheries, as the case may be, directs otherwise, be written, typewritten or printed—

(a) in one of the official languages of the Republic;
(b) in legible letters and figures, in deep permanent black ink;
(c) on strong white paper of a satisfactory quality; and
(d) on one side of such paper only.

Offences and penalties

57. Any person who contravenes or fails to comply with any provision or requirement of these regulations shall be guilty of an offence and liable on conviction to a fine not exceeding two hundred rand or to imprisonment for a period not exceeding six months.

Date of commencement

58. These regulations shall come into operation on 2 June 1980.

(2) Enige sodanige aansoek en dokument, uitgesonderd 'n vorm in regulasie 44 vermeld en 'n appèl in regulasie 53 vermeld, moet by die registrateur ingedien word en—

(a) wanneer per pos gestuur, geaddresseer wees aan—
Die Registrateur van Plantverbetering
Privaatsak X179
Pretoria
0001;
of

(b) wanneer per hand afgelewer, afgelewer word by—
Die Registrateur van Plantverbetering
Afdeling Plant- en Saadbeheer
Landbougebou
Hamiltonstraat
Pretoria.

Verskaffing en invul van vorms

56. (1) Die vorms in Bylaes C, D, E en K aangedui, moet op papier van A4 grootte uiteengesit word soos daarin aangetoon, en moet 'n kantruimte van 30 mm breed aan die linkerkant hê.

(2) Sodanige vorms moet verskaf word deur iemand van wie vereis word om dit te gebruik.

(3) Die vorm in Bylae A aangedui, word op versoek deur die registrateur aan iemand voorsien van wie vereis word om dit te gebruik.

(4) Die vorms in subregulasies (1) en (3) vermeld, asook alle ander dokumente en afskrifte van dokumente wat ingevolge die Wet en hierdie regulasies ingedien word, asook aantekeninge wat aldus gehou moet word, moet, tensy die registrateur of die Direkteur-generaal: Landbou en Visserye, na gelang van die geval, anders gelas, geskryf, getik of gedruk wees—

(a) in een van die amptelike tale van die Republiek;
(b) in leesbare letters en syfers met diep permanente swart ink;
(c) op sterk wit papier van 'n bevredigende kwaliteit; en
(d) op slegs een kant van sodanige papier.

Misdrywe en strawwe

57. Iemand wat enige bepaling of vereiste van hierdie regulasies oortree of versuim om daaraan te voldoen, is aan 'n misdryf skuldig en by skuldigbevinding strafbaar met 'n boete van hoogstens tweehonderd rand of gevangenisstraf van hoogstens ses maande.

Datum van inwerkingtreding

58. Hierdie regulasies tree in werking op 2 Junie 1980.

University of Fort Hare

BYLAE A
SCHEDULE A

AANSOEK OM REGISTRASIE VAN 'N PERSEEL T.O.V. 'N BESIGHEID
APPLICATION FOR REGISTRATION OF A PREMISES I.R.O. A BUSINESS

Provinsie waarin perseel geleë is/Province in which premises is situated: .....

.....

Landdrosdistrik waarin perseel geleë is/Magisterial district in which premises is situated: .....

.....

Naam en posadres van applikant/Name and postal address of applicant: .....

.....

.....

Datum waarop registrasie 'n aanvang moet neem/Date on which registration is to commence: .....

Soort besigheid by perseel waarop hierdie aansoek betrekking het/Kind of business at premises to which this application relates: .....

.....

.....

Naam waaronder besigheid bedryf sal word/Name under which business is to be conducted: .....

.....

Adres van perseel waarop besigheid bedryf sal word (nie posbus nie)/Address of premises on which business is to be conducted (not P.O. Box): .....

.....

.....

Telefoonnommer en skakelkode by besigheid/Telephone number and dialling code at business: .....

University of Fort Hare
Together in Excellence

VERKLARING/DECLARATION

Ek, ...
I,

doen hierby aansoek om die registrasie van die perseel ten opsigte van
hereby apply for the registration of the premises in respect of the

die besigheid waarvan besonderhede hierbo aangedui is, en
business of which particulars are specified above, and

verklaar hierby dat, na my beste wete, die inligting in hierdie aansoek
declare that, to the best of my knowledge, the information furnished in this

korrek is en dat geen tersaaklike inligting weggelaat is nie.
application is correct and that no relevant information has been omitted.

GETEKEN TE.....OP HEDE DIE .....
SIGNED AT ON THIS

DAG VAN.....19....
DAY OF

.....
Handtekening van applikant/
Signature of applicant

.....
Hoedanigheid/Capacity

VERWAGTE VOORRAAD PLANTE/EXPECTED STOCK OF PLANTS

(Moet in tweevoud ingevul word/To be completed in duplicate)

Naam van onderneming/
Name of establishment: .....

Adres van onderneming/
Address of establishment: .....

Besonderhede van verwagte voorraad plante wat binne die eerskomende ses maande verkoop sal word/
Particulars of expected stock of plants to be sold within the following six months.

Soort/Kind	Aantal plante Number of plants		Soort/Kind	Aantal plante/ Number of plants	
	gekweek vir verkoop/ produced for sale	aangeskaf vir verkoop/ acquired for sale		gekweek vir verkoop/ produced for sale	aangeskaf vir verkoop/ acquired for sale
Amandels/Almonds			Neutbome/Nut trees		
Appelkose/Apricots			Olywe/Olives		
Appels/Apples			Palms/Palms		
Avokado's/Avocado's			Pere/Pears		
Bessies/Berries			Perskes/Peaches		
Bosboomplante/Forestry plants			Pomelo's/Grape-fruit		
Glashuisplante/Hothouse plants			Pruime/Plums		
Heiningplante/Hedge plants			Pruimedante/Prunes		
Kersies/Cherries			Rose/Roses		
Koejawels/Guavas			Sierbome/Ornamental trees		
Kumkwat/Kumquat			Struike/Shrubs		
Lemmetjies/Limes			Suurlemoene/Lemons		
Lemoene/Oranges			Tafeldruiwe/Table grapes		
Lietsjies/Litchis			Veldblomme—Proteas, ens./ Wildflowers—Proteas, etc		
Lukwarte/Loquats			Vye/Figs		
Mango's/Mangoes			Wingerdonderstokke/Vine root stock		
Moerbeie/Mulberries			Wyndruiwe/Wine grapes		

BYLAE B
SCHEDULE B

AANSOEK OM HERNUWING VAN REGISTRASIE VAN 'N PERSEEL TEN OPSIGTE VAN 'N BESIGHEID
APPLICATION FOR RENEWAL OF REGISTRATION OF A PREMISES IN RESPECT OF A BUSINESS

Naam en posadres van onderneming/
Name and postal address of establishment: .....

.....

Registrasienommer/
Registration Number: .....

Adres van perseel waar besigheid bedryf word/
Address of premises where business is conducted: .....

.....

Soort besigheid by perseel/
Kind of business at premises: .....

.....

Ek, doen hierby
I, ...hereby apply

aansoek om die hernuwing van registrasie van die perseel ten opsigte van die besigheid
for the renewal of registration of the premises in respect of the business

waarvan besonderhede hierbo aangedui is.
of which particulars are specified above.

....
Handtekening van applikant/ Hoedanigheid/Capacity
Signature of applicant

.....
Datum/Date

SCHEDULE C

APPLICATION FOR RECOGNITION OF A VARIETY

(This form is to be completed in accordance with the undermentioned directions)

1. Full name and address of applicant: .....

.....

.....

2. Address for purposes of correspondence: .....

.....

3. Kind of plant:
Botanical name: .....

Common name: .....

4. Proposed denomination: .....

5. *The original breeder or discoverer is—

☐ the applicant ☐ the following persons:

.....

.....

No other person participated in the breeding or discovery of the variety.

The variety was transferred to the applicant by means of—

☐ contract ☐ succession ☐ other (specify) .....

.....

Country in which variety was bred or discovered: .....

6. Particulars of previous applications in connection with the variety:

Kind of application	Dates on which and countries in which submitted	Application numbers	Stages and date(s)	Denomination or breeders' reference
Plant breeders' rights				
Official varietal list				

7. *The variety ☐ has not yet been offered for sale or marketed

☐ was offered for sale or marketed

in (names of countries) .....

on (date(s)) .....

under the denomination(s) .....

8. If the proposed denomination indicated in paragraph 4 above, is a designation in respect of which the applicant enjoys the protection referred to in section 17 (4) *(a)* of the Act, the following particulars shall be furnished in respect of that designation:

Country in which protected	Date of application	Date of registration	Registration number

University of Fort Hare
Together in Excellence

BYLAE C

AANSOEK OM ERKENNING VAN 'N VARIËTEIT

(Hierdie vorm moet ooreenkomstig die voorskrifte hieronder ingevul word)

1. Volle naam en adres van applikant: .....

.....

.....

2. Adres vir korrespondensiedoeleindes: .....

.....

3. Soort plant:
Botaniese naam: .....

Gewone naam: .....

4. voorgestelde benaming: .....

5. *Die oorspronklike teler of ontdekker is—

☐ die applikant ☐ die volgende persone:

.....

.....

Geen ander persoon was by die teling of ontdekking van die variëteit betrokke nie.

Die variëteit is aan die aansoeker oorgedra by wyse van—

☐ kontrak ☐ opvolging ☐ ander (spesifiseer) .....

.....

Land waarin variëteit geteel of ontdek is: .....

6. Besonderhede van voorafgaande aansoeke in verband met die variëteit:

Soort aansoek	Datums waarop en lande waar ingedien	Aansoeknommers	Stadiums en datum(s)	Benaming of telersverwysing
Planttelersregte				
Amptelike variëteitslys				

7. *Die variëteit ☐ is nog nie te koop aangebied of bemark nie

☐ is te koop aangebied of bemark

in (name van lande) .....

op (datum(s)) .....

onder die benaming(s) .....

8. Indien die voorgestelde benaming in paragraaf 4 hierbo aangedui, 'n aanwysing is ten opsigte waarvan die applikant die beskerming in artikel 17 (4) *(a)* van die Wet vermeld, geniet, moet die volgende besonderhede ten opsigte van daardie aanwysing verstrek word:

Land waarin beskerm	Datum van aansoek	Datum van registrasie	Registrasie-nommer

University of Fort Hare
Together in Excellence

9. *The following forms and documents are attached:

1	2	3	4

10. I hereby—
   (a) apply for the recognition of the above-mentioned variety under the Plant Improvement Act, 1976 (Act 53 of 1976);
   (b) declare that, to the best of my knowledge, the information furnished in this application and the attached forms and documents is correct, and that no relevant information has been omitted;
   (c) renounce my rights to the designation specified in paragraph 7 above from the date of registration thereof as the denomination of the variety (delete if not applicable); and
   (d) authorise the registrar to exchange any useful information or material in connection with the variety with the appropriate authority in another country.

11. Signed at (place) .....this .....

day of (month) .....19....

.....
Signature of applicant

9. *Die volgende vorms en dokumente is aangeheg:

1	2	3	4

10. Ek—
   (a) doen hierby aansoek om die erkenning van bovermelde variëteit ingevolge die Plantverbeteringswet, 1976 (Wet 53 van 1976);
   (b) verklaar hierby dat na die beste van my wete, die inligting wat in hierdie aansoek en bygaande vorms en dokumente verstrek is, korrek is en dat geen tersaaklike inligting weggelaat is nie;
   (c) doen hierby afstand van my regte tot die aanwysing in paragraaf 7 hierbo vermeld, vanaf die datum van registrasie daarvan as die benaming van die variëteit (skrap indien nie van toepassing nie); en
   (d) magtig die registrateur hierby om enige nuttige inligting of materiaal in verband met die variëteit met die toepaslike gesag in 'n ander land uit te ruil.

11. Geteken te (plek) .....op hede die .....

dag van (maand) .....19....

.....
Handtekening van applikant

DIRECTIONS FOR THE COMPLETION OF AN APPLICATION FORM FOR THE RECOGNITION OF A VARIETY

General

1. Particulars to be indicated on the form shall appear in block capitals
2. Where an asterisk is indicated, a cross shall be inserted in the applicable square.
3. Dates shall be indicated in the sequence day/month/year by using two figures for each indication, e.g. 07/06/76.
4. Names of countries shall be indicated by means of their international car registration codes, except the United Kingdom, which shall be indicated as UK.

Paragraph 1

If an application is being made jointly by two or more persons, the full name and address of each shall be furnished.

Paragraph 2

The address supplied shall be an address in the Republic, shall be sufficiently complete to ensure delivery of correspondence by normal postal services, and shall include a telephone number where the applicant or his agent or proxy may be contacted.

VOORSKRIFTE VIR DIE INVUL VAN 'N AANSOEKVORM OM DIE ERKENNING VAN 'N VARIËTEIT

Algemeen

1. Besonderhede wat op die vorm aangedui word, moet in blok hoofletters verskyn.
2. Waar 'n sterretjie aangedui word, moet 'n kruis in die toepaslike blokkie aangebring word.
3. Datums moet in die volgorde dag/maand/jaar aangedui word deur twee syfers vir elke aanduiding te gebruik, byvoorbeeld 07/06/76.
4. Name van lande word aangedui deur middel van hul internasionale motorregistrasiekodes, behalwe die Verenigde Koninkryk wat aangedui moet word as UK.

Paragraaf 1

Indien 'n aansoek gesamentlik gedoen word deur meer as een persoon, moet die volle naam en adres van elke persoon verstrek word.

Paragraaf 2

Die adres wat aangedui moet word, moet binne die Republiek geleë wees, volledig genoeg wees om aflewering van korrespondensie deur normale posdienste te verseker en 'n telefoonnommer insluit waar die applikant of sy agent of gevolmagtigde bereik kan word.

University of Fort Hare
Together in Excellence

Paragraph 3

The names supplied, shall be the same as the botanical and common names used in a notice by the Minister in terms whereof the kind concerned has been declared a kind of plant for the purposes of the Act.

Paragraph 4

The proposed denomination shall comply with the provisions of section 17 (3) of the Act.

Paragraph 5

If the applicant is not the breeder or discoverer of the variety, the name and address of such person shall be indicated.

Paragraph 6

1. For purposes of this paragraph—
   (a) "plant breeders' rights" include plant patents and similar special titles of protection in respect of plants; and
   (b) "official varietal list" means any list of varieties of which commercialisation has been authorised by an appropriate authority.
2. The particulars of previous applications shall be indicated chronologically, irrespective of the countries where they were submitted.
3. The following symbols shall be used in the column headed "Stages and dates" opposite the particulars of each previous application to indicate progress with such application:
   A: application submitted to and being considered by an appropriate authority (e.g. A—14/01/76);
   B: application rejected by appropriate authority (e.g. B—01/04/76);
   C: application withdrawn by applicant (e.g. C—17/06/77); and
   D: plant breeders' rights granted or name of variety included in an official varietal list (e.g. D—01/10/76).
4. If the denomination of the variety has been approved by an appropriate authority, it shall be underlined in the final column.

Paragraph 7

If the variety has been offred for sale or marketed in other countries, the required particulars shall be indicated in full, if necessary on a separate page.

Paragraph 8

Full particulars shall be furnished of protection enjoyed by a designation.

Paragraph 9

Various documents, etc., are required to substantiate an application. The squares indicated under this paragraph represent the following:

1: A description of a typical plant of the variety. A technical questionnaire is obtainable from the registrar for this purpose.
2: Documentary proof of the title or authority of a legal representative or an agent who submits an application on behalf of an applicant, or of a joint applicant authorised to do so if he submits the application on behalf of the applicants.
3: An explanation where it is not possible to submit documentary proof of the title or authority of a legal representative or an agent.
4: The application fee which is payable in terms of section 16 of the Act and regulation 16.

SCHEDULE D

DECLARATION RELATING TO PROPAGATING MATERIAL SUBMITTED IN RESPECT OF A VARIETY

1. Full name and address of deponent: .....

.....

.....

Paragraaf 3

Die name wat aangedui moet word, moet dieselfde wees as die botaniese en gewone name wat gebruik word in 'n kennisgewing deur die Minister ingevolge waarvan die betrokke soort tot 'n soort plant vir die doeleindes van die Wet verklaar is.

Paragraaf 4

Die voorgestelde benaming moet aan die bepalings van artikel 17 (3) van die Wet voldoen.

Paragraaf 5

Indien die applikant nie die teler of ontdekker van die variëteit is nie, moet die naam en adres van sodanige persoon aangedui word.

Paragraaf 6

1. Vir die doeleindes van hierdie paragraaf—
   (a) sluit „planttelersregte" plantpatente en soortgelyke spesiale titels van beskerming ten opsigte van plante in; en
   (b) beteken „amptelike variëteitslys" enige lys van variëteite waarvan kommersialisasie deur 'n toepaslike gesag gemagtig is.
2. Die besonderhede van voorgaande aansoeke moet chronologies aangedui word, ongeag die lande waarin hulle ingedien is.
3. Die volgende simbole moet in die kolom met opskrif „Stadiums en datums" teenoor die besonderhede van elke voorafgaande aansoek gebruik word om die vordering daarmee aan te dui:
   A: aansoek ingedien by en in oorweging deur toepaslike gesag (bv. A—14/01/76);
   B: aansoek deur toepaslike gesag verwerp (bv. B—01/04/76);
   C: aansoek deur applikant teruggetrek (bv. C—17/06/77); en
   D: planttelersregte is toegestaan, of naam van variëteit is in amptelike variëteitslys opgeneem (bv. D—01/10/76).
4. Indien die benaming van die variëteit deur 'n toepaslike gesag goedgekeur is, moet dit in die laaste kolom onderstreep word.

Paragraaf 7

Indien die variëteit te koop aangebied of bemark is in ander lande, moet die verlangde inligting volledig aangedui word, indien nodig op 'n afsonderlike bladsy.

Paragraaf 8

Volledige besonderhede van die beskerming wat 'n aanwysing geniet, moet verstrek word.

Paragraaf 9

Verskeie dokumente, ens., word ter ondersteuning van die aansoek benodig. Die blokkies onder hierdie paragraaf aangedui verteenwoordig die volgende:

1: 'n Beskrywing van 'n tipiese plant van die variëteit. Vir die doel is 'n tegniese vraelys by die registrateur verkrygbaar.
2: Dokumentêre bewys van die titel of gesag van 'n regsverteenwoordiger of agent wat die aansoek namens die applikant indien, of van 'n mede-applikant wat aldus gemagtig is, indien hy die aansoek namens die applikante indien.
3: 'n Verduideliking waar dit nie moontlik is om dokumentêre bewys van die titel of gesag van 'n regsverteenwoordiger of agent in te dien nie.
4: Die aansoekgeld wat ingevolge artikel 16 van die Wet en regulasie 16 betaalbaar is.

BYLAE D

VERKLARING BETREFFENDE VOORTPLANTINGSMATERIAAL WAT TEN OPSIGTE VAN 'N VARIËTEIT INGEDIEN WORD

1. Volle naam en adres van verklaarder: .....

.....

.....

2. Kind of plant:
Botanical name: .....

Common name: .....

3. Proposed denomination: .....

4. Date on which application was made for recognition of variety:

5. Particulars of propagating material:
Identifying mark on sample container: .....

Place where cultivated: .....

Grower: .....

Year of cultivation: .....
Treatment applied (indicate dates and kinds of fungicides, insecticides, trace elements, etc. used): .....

.....

.....

6. I hereby declare that—
(a) the propagating material submitted herewith is a representative sample of propagating material of the variety indicated above;
(b) such propagating material is submitted in terms of the Plant Improvement Act, 1976 (Act 53 of 1976), with a view to the recognition and/or evaluation of the agricultural or industrial usefulness of the variety concerned; and
(c) to the best of my knowledge, the information furnished in this form is correct, and that no relevant information has been omitted.

7. Signed at (place) .....

this .....

day of (month) .....19....

.....
Signature of deponent

2. Soort plant:
Botaniese naam: .....

Gewone naam: .....

3. Voorgestelde benaming: .....

4. Datum waarop aansoek om erkenning van variëteit gedoen is: .

5. Besonderhede van voortplantingsmateriaal:
Identifikasiemerk op monsterhouer: .....

Plek waar verbou: .....

Kweker: .....

Jaar van verbouing: .....
Behandeling toegepas (dui aan datums waarop en soorte swamdoders, insektemiddels, spoorelemente, ens., wat gebruik is): .

.....

.....

6. Ek verklaar hierby dat—
(a) die voortplantingsmateriaal wat hierby ingedien word, 'n verteenwoordigende monster is van voortplantingsmateriaal van die variëteit hierbo aangedui;
(b) sodanige voortplantingsmateriaal ingevolge die Plantverbeteringswet, 1976 (Wet 53 van 1976), voorgelê word met die oog op die erkenning en/of evaluasie van die landbou- of nywerheidsbruikbaarheid van die betrokke variëteit; en
(c) na my beste wete, die inligting wat in hierdie vorm verstrek is, korrek is en dat geen tersaaklike inligting weggelaat is nie.

7. Geteken te (plek) .....

op hede die .....dag van

(maand) .....19....

.....
Handtekening van verklaarder

University of Fort Hare
Together in Excellence

SCHEDULE E

DECLARATION RELATING TO IMPORTED SEED

1. Full name and address of importer: .....

.....

.....

2. Purpose of importation (Mark applicable square):

☐ for own cultivation ☐ other than cultivation

☐ for sale as seed ☐ immediate export

3. *Particulars of imported seed:

Name of kind	Denomination of variety	Mass	Number of containers	Import marks on containers

4. Name and address of foreign supplier: .....

.....

.....

5. †Country of origin: .....

6. Address to which seed is to be removed: .....

.....

7. I hereby—
   (a) declare that I am the importer of the seed indicated in paragraph 3 above;
   (b) accept responsibility for the storage of the seed concerned at the address indicated in paragraph 6 above;
   (c) undertake not to remove the seed concerned from the address concerned or have it so removed before a permit for the sale thereof has been issued in terms of section 26 (4) of the Plant Improvement Act, 1976,
   (d) declare that the seed concerned shall be exported from the Republic to (name of country) ..... on approximately (date) .....(delete if not applicable);
   (e) declare that to the best of my knowledge the information furnished in this declaration is correct, and that no relevant information has been omitted.

8. Signed at (place) .....this .....

day of (month) .....19....

.....
Signature of deponent

Capacity: .....

* A copy of the relevant bill of entry shall be attached to this declaration.
† Only required if the seed concerned was grown in a country other than that of the foreign supplier.

University of Fort Hare
Together in Excellence

BYLAE E

VERKLARING BETREFFENDE INGEVOERDE SAAD

1. Volle naam en adres van invoerder: .....

.....

.....

2. Doel van invoer (maak 'n kruis in die toepaslike blokkie):

☐ vir eie verbouing ☐ anders as verbouing

☐ vir verkoop as saad ☐ onmiddellike uitvoer

3. *Besonderhede van ingevoerde saad:

Naam van soort	Benaming van variëteit	Massa	Getal houers	Invoermerke op houers

4. Naam en adres van buitelandse verskaffer: .....

.....

.....

5. †Land van herkoms: .....

6. Adres waarheen saad verwyder sal word .....

.....

7. Ek—
   (a) verklaar hierby dat ek die invoerder is van die saad in paragraaf 3 hierbo aangedui;
   (b) aanvaar hierby verantwoordelikheid vir die opberging van die betrokke saad by die adres in paragraaf 6 hierbo aangedui;
   (c) onderneem hierby om nie die betrokke saad van die betrokke adres te verwyder of te laat verwyder voordat 'n permit vir die verkoop daarvan ingevolge artikel 26 (4) van die Plantverbeteringswet, 1976, uitgereik is nie;
   (d) verklaar hierby dat die betrokke saad op ongeveer (datum) ..... uit die Republiek uitgevoer sal word na (naam van land) .....(skrap indien nie van toepassing);
   (e) verklaar hierby dat, na my beste wete, die inligting wat in hierdie verklaring verstrek is, korrek is en dat geen tersaaklike inligting weggelaat is nie.

8. Geteken te (plek) .....op hede die .....

dag van (maand) .....19....

.....
Handtekening van verklaarder

Hoedanigheid: .....

• 'n Afskrif van die toepaslike klaringsbrief moet by hierdie verklaring aangeheg word.
† Slegs verlang indien die betrokke saad in 'n ander land as dié van die buitelandse verskaffer gekweek is.

BYLAE/SCHEDULE F

VERSLAG VAN ONDERSOEK/INSPECTION REPORT

No.

Datum van ondersoek/Date of inspection:

Naam van onderneming en adres van perseel/
Name of establishment and address of premises:

Perseel geregistreer ten opsigte van/Premises registered in respect of—

☐ die verkoop van plante of die kweek van plante vir verkoop/the sale of plants or the growing of plants for sale

☐ die skoonmaak van voortplantingsmateriaal/the cleansing of propagating material

☐ die voorafverpakking van voortplantingsmateriaal/the prepacking of propagating material

☐ die verkoop van voortplantingsmateriaal/the sale of propagating material.

*Bevinding/Finding:

	Bevredigend/ Satisfactory	Onbevredigend/ Unsatisfactory
Fasiliteite vir opberging en verpakking van plante en voortplantingsmateriaal/Facilities for storage and packing of plants and propagating material		
Metode van opberging en verpakking van plante en voortplantingsmateriaal/Method of storage and packing of plants and propagating material		
Beligting by plekke vir skoonmaak, verpakking, opberging en verkoop/Illumination at places for cleansing, packing, storage and selling		
Doeltreffendheid van ventilasie by plekke vir skoonmaak, verpakking, opberging en verkoop/ Efficiency of ventilation at places for cleansing, packing, storage and selling.		
Ordelikheid en sindelikheid by plekke vir skoonmaak, verpakking, opberging en verkoop/ Orderliness and tidiness at places for cleansing, packing, storage and selling		
Maatreëls teen bymenging van voortplantingsmateriaal van verskillende soorte en variëteite/Measures against admixing of propagating material of different kinds and varieties		
Toestand van houers waarin plante en voortplantingsmateriaal verpak is/Condition of containers in w' ch plants and propagating material are packed		
Seëling, kenmerk, merk of etikettering van plante en voortplantingsmateriaal en houers daarvan/Sealing, branding, marking or labelling of plants and propagating material and containers thereof		
Fasiliteite vir skoonmaak van voortplantingsmateriaal/Facilities for cleansing of propagating material		

University of Fort Hare
Together in Excellence

	Bevredigend/ Satisfactory	Onbevredigend/ Unsatisfactory
Beheer van insekte en plantsiektes/Control of insects and plant diseases		
Vernietiging van verbode onkruidsaak/Destruction of prohibited weed seed		
Beheer van onkruid en opslagplante/Control of weeds and voluntary plants		
Aantekeninge ten opsigte van plante en voortplantingsmateriaal/Records regarding plants and propagating material.		
*Voldoen plante en voortplantingsmateriaal anders as saad aan fisiese vereistes?/ ..... Do plants and propagating material other than seed comply with physical requirements? ...	Ja Yes	Nee No

Opmerkings, beslissings of opdragte/Remarks, decisions or orders: .....

.....

.....

Onderneming verteenwoordig deur/Establishment represented by: .....

.....

Getuie/Witness ....

Handtekening van beampte/
Signature of officer

†Ontvangs word hierby erken van 'n afskrif van bostaande verslag/Receipt of a copy of the abovementioned report is hereby acknowledged.

....

Handtekening van Eienaar/Okkupant/Verteenwoordiger
Signature of Owner/Occupier/Representative

Datum/Date

*Bring 'n kruis in die toepaslike blokkies aan/Make a cross in the applicable squares.
†Nie van toepassing indien per pos versend nie/Not applicable if transmitted by post.

University of Fort Hare
Together in Excellence

BYLAE/SCHEDULE G

MONSTERNEMINGSERTIFIKAAT TEN OPSIGTE VAN SAAD/SAMPLING CERTIFICATE IN RESPECT OF SEED

Naam van onderneming of eienaar of bewaarder van saad/
Name of establishment or owner or custodian of seed

Adres waar monster geneem is/Address where sample was taken

A. BESONDERHEDE VAN SAAD BEMONSTER/PARTICULARS OF SEED SAMPLED:

Aantal houers/Number of containers

Massa van lot/Mass of lot

B. BESONDERHEDE OP HOUER OF ETIKET/PARTICULARS ON CONTAINER OR LABEL:

* Soort saad/Kind of seed

* Variëteit/Variety

Lotnommer/Lot number

Sertifikaatnommer (indien gesertifiseer)/
Certificate number (if certified)

Ontkiemingspersentasiegroep/
Germination percentage group

Persentasie ander materiaal/Percentage other matter

Giftbehandelde saad/Poison-treated seed

Persentasie bestuiwer/Percentage pollinator

CONT

University of Fort Hare
Together in Excellence

Voorafverpakte saad/
Prepacked seed

In die geval van verkorrelde saad, aantal korrels per massa-eenheid/
In the case of pelleted seed, number of pellets per mass unit.

Baster/Hybrid

C. IDENTIFIKASIEMERK OP ETIKET VAN MONSTER/IDENTIFICATION MARK ON LABEL OF SAMPLE:

D. NAAM EN ADRES VAN VERSKAFFER (INDIEN OP HOUER OF ETIKET AAN HOUER AANGEDUI)/NAME AND ADDRESS OF SUPPLIER (IF INDICATED ON CONTAINER OR LABEL ATTACHED TO CONTAINER):

Naam van beampte wat monster neem/Name of officer taking sample:

Naam van getuie by monsterneming/Name of witness at sampling:

Ek verlaar hierby dat die metodes vir die neem van 'n monster soos deur die Registrateur van Plantverbetering bepaal, vandag deur my nagekom is toe ek die monster van die saad hierbo aangedui, geneem het.

I hereby declare that the methods for the taking of a sample as determined by the Registrar of Plant Improvement, have today been complied with by me when I took the sample of the seed indicated above.

..... Datum/Date .....

Handtekening van beampte/
Signature of officer

Plek/Place .....

Handtekening van getuie/Signature of witness:

* In die geval van 'n mengsel moet die naam daaraan toegeken, of die name van die soorte en variëteite daarin teenwoordig en die persentasie-inhoud van elk, gespesifiseer word/In the case of mixtures the name allocated thereto, or the names of the kinds and varieties present therein and the percentage contents of each shall be specified.

University of Fort Hare

BYLAE/SCHEDULE H

VERSLAG VAN TOETS, ONDERSOEK OF ONTLEDING VAN SAAD
REPORT OF TEST, EXAMINATION OR ANALYSIS OF SEED

A. IDENTIFIKASIEMERK OP ETIKET VAN MONSTER/IDENTIFICATION MARK ON LABEL OF SAMPLE

B. NAAM VAN ONDERNEMING OF EIENAAR OF BEWAARDER VAN SAAD/NAME OF ESTABLISHMENT OR OWNER OR CUSTODIAN OF SEED

C. VERWYSINGSNOMMER VAN TOETS, ONDERSOEK OF ONTLEDING/REFERENCE NUMBER OF TEST, EXAMINATION OR ANALYSIS

D.* BESONDERHEDE VAN SAAD TEN OPSIGTE VAN SOORT, VARIËTEIT EN BESTUIWER/PARTICULARS OF SEED IN RESPECT OF KIND, VARIETY AND POLLINATOR
Soort saad/Kind of seed .....
Variëteit/Variety .....
Persentasie bestuiwer/Percentage pollinator .....

E. BESONDERHEDE VAN FISIESE SUIWERHEID/PARTICULARS OF PHYSICAL PURITY
1. Persentasie suiwer saad (of in die geval van verkorrelde saad, persentasie suiwer korrels)/Percentage pure seed (or in the case of pelleted seed, percentage pure pellets)
.....
2. Persentasie ander saad/Percentage other seed
2.1 Persentasie ander gewassaad/Percentage other crop seed .....
Spesifiseer/Specify .....
2.2 Persentasie onkruidsaad/Percentage weed seed .....
Spesifiseer/Specify .....
2.3 Persentasie verbode onkruidsaad/Percentage prohibited weed seed .....
Spesifiseer/Specify .....
Totaal (2.1 + 2.2 + 2.3)
Total (2.1 + 2.2 + 2.3)
3. Persentasie onaktiewe stof/Percentage inert matter .....
4. Persentasie ander materiaal (Totaal van 2 en 3)
Percentage other material (Total of 2 and 3) .....

F.* BESONDERHEDE VAN ONTKIEMING VAN SAAD/PARTICULARS OF GERMINATION OF SEED
Persentasie normaal ontkiem/Percentage normally germinated .....
Persentasie harde sade/Percentage hard seeds .....
Persentasie gesonde sade nie ontkiem nie/Percentage of healthy seeds not germinated .....
Persentasie muwwe sade/Percentage mouldy seeds .....
Persentasie abnormale sade/Percentage abnormal seeds .....
(e) Notwithstanding anything to the contrary contained in this subclause, if a daily employee is employed as a watchman his wage shall be not less than that prescribed for him in paragraph *(a)* plus 30c per day: Provided that for the purpose of this paragraph the expression "day" shall mean a period of 24 consecutive hours reckoned from the time the employee commences work.

(f) Notwithstanding anything to the contrary contained in this clause, where on any day a daily employee has worked or stood-by for the work for which he was engaged and which work he was precluded from doing through unforeseen circumstances beyond his control, his employer shall pay him not less than his daily wage irrespective of whether he has on that day worked or so stood-by for eight and a half hours or less: Provided that if he was required to work or so stand-by for less than four hours on any day, his wage in repect of such day may be reduced by not more than 50 per cent.

(2) *Basis of contract.*—For the purpose of this clause the contract of employment of an employee, other than a daily employee, shall be on a weekly basis, and, save as provided in clause 4 (6), an employee shall be paid in respect of a week not less than the full weekly wage prescribed in subclause (1), read with the definition of "wage" in clause 2 (1), for an employee of his class in the area in which he works, whether he has in that week worked the maximum number of ordinary hours of work applicable to him in terms of clause 5 or less.

3. *Calculation of wages.*—*(a)* The hourly wage of an employee, other than a daily employee, or a night watchman, shall be his weekly wage divided by the number of ordinary hours of work which he normally works in any week.

(b) The daily wage of an employee, other than a daily employee, shall be his weekly wage divided by the number of days which he normally works in any week.

(c) The daily wage of a night watchman shall be his weekly wage divided by six.

(d) The monthly wage of an employee shall be four and a third times his weekly wage.

(4) *Night-shift allowance.*—An employer who requires or permits an employee, other than a daily employee or a night watchman, to work night-shift shall in addition to the employee's wage pay him an allowance of not less than 10 per cent of his hourly wage for each hour or portion of an hour during which such employee worked night-shift within his ordinary hours of work: Provided that this subclause shall not be applicable to an employee whose services are required at night in connection with the maintenance or provision of light or power. For the purposes of this subclause "night-shift" means any period of work between 18h00 and 06h00.

(d) Ondanks andersluidende bepalings in hierdie subklousule, moet 'n werknemer wat uitsluitlik of hoofsaaklik in diens is vir die verwydering, leegmaak, skoonmaak of terugplaas van sanitêre emmers minstens die loon vir sy gebied in paragraaf *(c)* vir 'n werknemer, man, 18 jaar oud of ouer voorgeskryf, plus R1,50 per week, of, as hy 'n daaglikse werknemer is, minstens die loon in paragraaf *(a)* voorgeskryf plus 30c per dag betaal word.

(e) Ondanks andersluidende bepalings in hierdie subklousule, moet die loon van 'n daaglikse werknemer, indien hy as nagwag in diens is, minstens dié wees wat in paragraaf *(a)* vir hom voorgeskryf word plus 30c per dag: Met dien verstande dat die uitdrukking „dag" by die toepassing van hierdie paragraaf 'n tydperk van 24 agtereenvolgende ure beteken, gereken vanaf die tyd waarop die werknemer met sy werk begin.

(f) Ondanks andersluidende bepalings in hierdie klousule, wanneer 'n daaglikse werknemer op enige dag gewerk het of beskikbaar was vir werk waarvoor hy in diens geneem was maar wat hy weens onvoorsiene omstandighede buite sy beheer nie kon verrig nie, moet sy werkgewer hom minstens sy dagloon betaal, afgesien daarvan of hy die dag agt en 'n halfuur of minder gewerk het of aldus vir die werk beskikbaar was: Met dien verstande dat as van hom vereis was om te werk of om aldus beskikbaar te wees vir minder as vier uur op enige dag, sy loon vir dié dag met hoogstens 50 persent verminder mag word.

(2) *Kontrakgrondslag.*—By die toepassing van hierdie klousule moet die dienskontrak van 'n werknemer, uitgesonderd 'n daaglikse werknemer, op 'n weeklikse grondslag berus en, behoudens die bepalings van klousule 4 (6), moet 'n werknemer vir 'n week minstens die volle weekloon betaal word wat by subklousule (1), gelees met die omskrywing van „loon" in klousule 2 (1), vir 'n werknemer van sy klas in die gebied waarin hy werk, voorgeskryf word, afgesien daarvan of hy in so 'n week die maksimum getal gewone werkure wat ingevolge klousule 5 vir hom geld, of minder, gewerk het.

(3) *Loonberekening.*—*(a)*. Die uurloon van 'n werknemer, uitgesonderd 'n daaglikse werknemer, is sy weekloon gedeel deur die getal gewone werkure wat hy gewoonlik in 'n week werk.

(b) Die dagloon van 'n werknemer, uitgesonderd 'n daaglikse werknemer of 'n nagwag, is sy weekloon gedeel deur die getal dae wat hy gewoonlik in 'n week werk.

(c) Die dagloon van 'n nagwag is sy weekloon gedeel deur ses.

(d) Die maandloon van 'n werknemer is vier en 'n derde maal sy weekloon.

(4) *Nagskoftoelae.*—'n Wergewer wat van sy werknemer, uitgesonderd 'n daaglikse werknemer of 'n nagwag, vereis of hom toelaat om nagskofwerk te verrig, moet so 'n werknemer, benewens sy loon, 'n toelae betaal teen minstens 10 persent van sy uurloon vir elke uur of gedeelte van 'n uur wat so 'n werknemer binne sy gewone werkure nagskofwerk verrig: Met dien verstande dat hierdie subklousule nie van toepassing is nie op 'n werknemer wie se diens snags nodig is in verband met die instandhouding of voorsiening van lig of krag. Vir die toepassing van hierdie subklousule beteken „nagskof" enige werktydperk tussen 18h00 en 06h00.

(5) *Bicycle allowance.*—An employer who requires of an employee to use his own bicycle in the performance of his duties shall pay him, in addition to any other remuneration due to him, an allowance of not less than 75c a week, or, if he is a daily employee, at least 15c a day.

4. Payment of Remuneration

(1) *Employees other than daily employees.*—Save as provided in clause 6 (4), any amount due to an employee, other than a daily employee, shall be paid in cash weekly or, with the consent of the employee in cash monthly, during the hours of work or within 15 minutes of ceasing work on the usual pay-day of the establishment for such employee or on termination of employment if this takes place before the usual pay-day: Provided that in the case of a continuous process worker or an employee working night shift, payment may take place at a time agreed upon between such employee and his employer, which time shall be during the usual office hours of the establishment, but not later than 24 hours after the usual pay-day of the establishment.

(2) *Daily employees.*—An employer shall pay the remuneration due to a daily employee in cash on completion of each day's work.

(3) *Premiums.*—No payment shall be made to or accepted by an employer, either directly or indirectly, in respect of the employment or training of an employee.

(4) *Purchase of goods.*—An employer shall not require his employee to purchase any goods from him or from any shop, place or person nominated by him.

(5) *Board and lodging.*—Save as provided in the Blacks (Urban Areas) Consolidation Act, 1945, an employer shall not require his employee to board or lodge or board and lodge with him or with any person, or at any place nominated by him.

(6) *Deductions.*—An employer shall not levy any fines against his employee nor shall he make any deduction from his employee's remuneration: Provided that he may make the following:

(a) With the written consent of his employee, a deduction for holiday, medical, sick, insurance, savings, Provident or pension funds, or subscriptions to trade unions;

(b) notwithstanding anything to the contrary contained in this Determination, whenever an employee is absent from work, other than on the instructions or at the request of his employer, a deduction proportionate to the period of his absence and calculated on the basis of the wage which such employee was receiving in respect of his ordinary hours of work at the time of such absence;

(c) a deduction of any amount which an employer by law or order of any competent court is required or permitted to make;

(d) whenever an employee agrees or is required in terms of the Blacks (Urban Areas) Consolidation Act, 1945, to accept board and lodging or board or lodging with his employer, a deduction not exceeding the following amounts:

	Per week R	*Per month* R
(i) Board	2,00	8,67
(ii) Lodging	1,00	4,33
(iii) Board and lodging	3,00	13,00;

(e) whenever the ordinary hours of work prescribed in clause 5 are reduced on account of short-time, a deduction not exceeding the amount of the employee's (other than a daily employee's) hourly wage in respect of each hour of such reduction: Provided that—

(i) such deductions shall not exceed one-third of the employee's weekly wage, irrespective of the number of hours by which the ordinary hours of work are thus reduced;

(ii) no deduction shall be made in the case of short time arising out of a shortage of raw materials, unless the employer has given his employee notice on the previous work day of his intention to reduce the ordinary hours of work;

(iii) no deduction shall be made in the case of short time owing to the vagaries of the weather or to a general breakdown of plant or machinery or because the buildings are unfit for use or are in danger of becoming unfit for use, in respect of the first hour not worked, unless the employer has given his employee notice on the previous day that no work will be available;

(f) with the written consent of an employee, a deduction of any amount which an employer has paid to any organisation or has undertaken to pay in respect of—

(i) a payment on a loan granted to such employee to acquire a dwelling; or

(ii) the rent of a dwelling or accommodation in a hostel occupied by such employee;

(5) *Fietstoelae.*—'n Werkgewer wat van 'n werknemer vereis om in die uitvoering van sy pligte sy eie fiets te gebruik, moet hom, benewens enige ander besoldiging aan hom verskuldig, 'n toelae van minstens 75c per week of, as hy 'n daaglikse werknemer is, minstens 15c per dag betaal.

4. Betaling van Besoldiging

(1) *Werknemers uitgesonderd daaglikse werknemers.*—Behoudens klousule 6 (4), moet elke bedrag verskuldig aan 'n werknemer, uitgesonderd 'n daaglikse werknemer, weekliks of tweeweekliks in kontant of, as die werknemer daartoe instem, maandeliks in kontant betaal word gedurende die werkure of binne 15 minute nadat die werk gestaak is, op die gewone betaaldag van die bedryfsinrigting vir so 'n werknemer of by diensbeëindiging as dit voor die gewone betaaldag geskied: Met dien verstande dat in die geval van 'n deurlopendeproseswerker of 'n werknemer wat nagskof werk, betaling kan geskied op 'n tyd waaroor die werknemer en sy werkgewer ooreengekom het, en wat gedurende die gewone kantoorure van die bedryfsinrigting, maar hoogstens 24 uur na die gewone betaaldag moet wees.

(2) *Daaglikse werknemer.*—'n Werkgewer moet die besoldiging wat aan sy daaglikse werknemer verskuldig is, by die voltooiing van elke dag se werk in kontant aan hom betaal.

(3) *Premies.*—Geen bedrag mag regstreeks of onregstreeks vir die indiensneming of opleiding van 'n werknemer aan 'n werkgewer betaal of deur hom aangeneem word nie.

(4) *Koop van goedere.*—'n Werkgewer mag nie van sy werknemer vereis om goedere van hom of van enige winkel, plek of persoon deur hom aangewys, te koop nie.

(5) *Kos en huisvesting.*—Behoudens die bepalings van die Swartes (Stadsgebiede) Konsolidasiewet, 1945, mag 'n werkgewer nie van sy werknemer vereis om kos of inwoning of kos en inwoning van hom of van enigiemand anders of op 'n plek deur hom aangewys, aan te neem nie.

(6) *Aftrekkings.*—'n Werkgewer mag sy werknemer geen boetes oplê of enige bedrag van sy werknemer se besoldiging aftrek nie: Met dien verstande dat hy die volgende kan aftrek:

(a) Met die skriftelike toestemming van sy werknemer, 'n bedrag vir 'n vakansie-, mediese, siekte-, versekerings-, spaar-, voorsorgs- of pensioenfonds, of vir ledegeld van 'n vakvereniging;

(b) behoudens andersluidende bepalings in hierdie Vasstelling, telkens wanneer 'n werknemer om 'n ander rede as op las of versoek van sy werkgewer van sy werk afwesig is, 'n bedrag eweredig aan die tydperk van sy afwesigheid en bereken op die grondslag van die loon wat sodanige werknemer ten tyde van sodanige afwesigheid ten opsigte van sy gewone werkure ontvang het;

(c) enige bedrag wat 'n werkgewer regtens of kragtens of ingevolge 'n bevel van 'n bevoegde hof mag of moet aftrek;

(d) wanneer daar ingevolge die Swartes (Stadsgebiede) Konsolidasiewet, 1945, van 'n werknemer vereis word of wanneer 'n werknemer daartoe instem om kos of huisvesting of kos en huisvesting van sy werkgewer aan te neem, 'n bedrag van hoogstens—

	Per week R	*Per maand* R
(i) Kos	2,00	8,67
(ii) Huisvesting	1,00	4,33
(iii) Kos en huisvesting	3,00	13,00;

(e) wanneer die gewone werkure by klousule 5 voorgeskryf, weens korttyd verminder word, 'n bedrag van hoogstens die werknemer (uitgesonderd 'n daaglikse werknemer) se uurloon vir elke uur van sodanige vermindering: Met dien verstande dat—

(i) sodanige aftrekking hoogstens een derde van die werknemer se weekloon is, ongeag die getal ure waarmee die gewone werkure aldus verminder word;

(ii) geen aftrekking ten opsigte van korttyd wat deur 'n tekort aan grondstowwe ontstaan, geskied nie tensy die werkgewer sy werknemer op die vorige werkdag kennis gegee het van sy voorneme om die gewone werkure te verminder;

(iii) geen aftrekking ten opsigte van korttyd geskied vir die eerste uur waarin daar nie gewerk word nie weens die wisselvalligheid van die weer of 'n algemene onklaarraking van masjinerie of installasie of weens die feit dat die geboue onbruikbaar is of dreig om dit te word, tensy die werkgewer sy werknmer op die vorige dag kennis gegee het dat daar geen werk sal wees nie;

(f) met die skriftelike toestemming van 'n werknemer, 'n bedrag wat 'n werkgewer betaal het of onderneem het om te betaal aan enige organisasie ten opsigte van—

(i) 'n paaiement op 'n lening wat aan so 'n werknemer toegestaan is vir die verkryging van 'n woning; of

(ii) die huur van 'n woning of vir huisvesting in 'n tehuis wat deur sodanige werknemer bewoon word;

if the dwelling or hostel is provided through the instrumentality of such organisation, wholly or partially from funds advanced for the purpose by the Department of Community Development, a local authority or a building society.

5. Hours of Work, Ordinary and Overtime, and Payment for Overtime

(1) *Ordinary hours of work.*—An employer shall not require or permit an employee, other than a continuous process worker, a daily employee, or an employee employed solely for the removal of night soil, to work more ordinary hours of work than—

(a) in the case of a shift worker—
(i) 46 in any week from Monday to Saturday, inclusive; and
(ii) subject to subparagraph (i), eight on any day;

(b) in the case of an employee, other than a shift worker, who works a six-day week—
(i) 46 in any week from Monday to Saturday, inclusive; and
(ii) subject to subparagraph (i), eight on any day, unless the hours on one day do not exceed five, in which case the hours on any of the other days may be extended to eight and one-half;

(c) in the case of an employee, other than a shift worker, who works a five-day week—
(i) 46 in any week from Monday to Friday, inclusive; and
(ii) subject to subparagraph (i), nine and one-quarter on any day:

Provided that in the case of an employee who is wholly or mainly employed to remove night soil or to clean streets the daily restriction may be increased to not more than 11 hours, but so that the weekly ordinary hours of work do not exceed 46.

(2) An employer shall not require or permit a continuous process worker to—

(a) work more ordinary hours of work than—
(i) 48 in any week from Sunday to Saturday, inclusive:
Provided that a continuous process worker shall be paid at a rate of not less than one and a third times his ordinary wage for each ordinary hour of work worked over and above 46 hours a week, but this proviso shall not apply to a continuous process worker who normally works a five-day week;
(ii) eight in any shift;

(b) work more than six shifts in any week: Provided that—
(i) all shifts worked shall normally be separated by intervals of not less than eight hours;
(ii) an employer can require or allow his continuous process worker to work seven shifts in any week during any period of three consecutive weeks; and
(iii) the ordinary hours of work of a continuous process worker shall not exceed 144 in any such period of three consecutive weeks.

(3) *(a)* An employer must allow each of his continuous process workers one free period of not less than 24 consecutive hours every week, but if an employer permits or requires an employee to work during his free period, the hours worked shall not form part of the ordinary hours of work prescribed in subclause (2).

(b) All employers who employ continuous process workers shall, before the commencement of each shift cycle, prominently display, in a conspicuous place on their premises determined by them, a notice or service time-table indicating the shifts of each such worker as well as their free periods for the following cycle. The employer shall keep this notice or service time-table for a period of three years after the date of issue. If no such notice or service time-table is displayed the free period of each such worker shall be deemed to start at 24h00 on Saturday.

(4) An employer shall not require or permit a daily employee to work more ordinary hours of work than—

(a) eight and a half on any day; or
(b) subject to paragraph *(a)*, 46 in any week in his employ.

(5) An employer shall not require or permit an employee who is solely employed for the removal of night soil to work more ordinary hours of work than—

(a) 42 in any week from Sunday to Saturday, inclusive;
(b) six in any period of 24 consecutive hours:

Provided that if such an employee is not required to work for more than six such periods of 24 hours in any week, the restriction of 42 hours in that week may be exceeded by not more than four hours, and the restriction of six hours in any such period of 24 consecutive hours by not more than one hour and 40 minutes.

indien sodanige woning of tehuis verskaf is deur bemiddeling van sodanige organisasie geheel of gedeeltelik met fondse wat vir daardie doel deur die Departement van Gemeenskapsbou, 'n plaaslike owerheid of 'n bouvereniging voorgeskiet is.

5. Werkure, Gewone en Oortyd-, en Betaling vir Oortydwerk

(1) *Gewone werkure.*—'n Werkgewer mag nie van 'n werknemer, uitgesonderd 'n deurlopendeproseswerker of 'n daaglikse werknemer of 'n werknemer wat uitsluitlik in diens geneem is vir die verwydering van nagvuil, vereis of hom toelaat om meer gewone werkure te werk nie as—

(a) in die geval van 'n skofwerker—
(i) 46 in 'n week van Maandag tot en met Saterdag; en
(ii) behoudens subparagraaf (i), agt op 'n dag;

(b) in die geval van 'n werknemer, uitgesonderd 'n skofwerker, wat ses dae per week werk—
(i) 46 in 'n week van Maandag tot en met Saterdag; en
(ii) behoudens subparagraaf (i), agt op 'n dag, tensy die ure op een dag hoogstens vyf is, wanneer die ure op enigeen van die ander dae tot agt en 'n half verleng kan word;

(c) in die geval van 'n werknemer, uitgesonderd 'n skofwerker, wat vyf dae per week werk—
(i) 46 in 'n week van Maandag tot en met Vrydag; en
(ii) behoudens subparagraaf (i), nege en 'n kwart op 'n dag:

Met dien verstande dat in die geval van 'n werknemer wat uitsluitlik of hoofsaaklik in diens is vir die verwydering van nagvuil of om strate skoon te maak die daaglikse beperking tot hoogstens 11 uur verleng kan word, maar sodat die weeklikse gewone werkure ses-en-veertig nie te bowe gaan nie.

(2) 'n Werkgewer mag nie van 'n deurlopendeproseswerker vereis of hom toelaat om—

(a) meer gewone werkure te werk nie as—
(i) 48 in enige week van Sondag tot en met Saterdag: Met dien verstande dat 'n deurlopendeproseswerker vir elke gewone werkuur wat hy bo en behalwe 46 in 'n week werk, betaal moet word teen 'n skaal van minstens een en 'n derde maal sy gewone loon, maar hierdie voorbehoudsbepaling is nie van toepassing op 'n deurlopendeproseswerker wat gewoonlik 'n werkweek van vyf dae het nie;
(ii) agt in enige skof;

(b) meer as ses skofte in enige week te werk nie: Met dien verstande dat—
(i) alle skofte wat gewerk word normaalweg deur minstens agt ure onderbreek word;
(ii) 'n werkgewer van sy deurlopendeproseswerker kan vereis of hom toelaat om sewe skofte in enige week gedurende enige tydperk van drie agtereenvolgende weke te werk; en
(iii) die gewone werkure van 'n deurlopendeproseswerker hoogstens 144 in enige sodanige tydperk van drie agtereenvolgende weke mag wees.

(3) *(a)* 'n Werkgewer moet aan elkeen van sy deurlopendeproseswerkers een vry periode van minstens 24 agtereenvolgende ure in elke week toestaan, maar as 'n werkgewer van so 'n werknemer vereis of hom toelaat om gedurende sy vry periode te werk, maak die ure wat gewerk word nie deel uit van die gewone werkure in subklousule (2) voorgeskryf nie.

(b) Elke werkgewer wat deurlopendeproseswerkers in sy diens het, moet voor die aanvang van elke skofsiklus, op 'n ooglopende plek op sy perseel wat hy moet bepaal, 'n kennisgewing of diensrooster prominent vertoon wat die skofte aandui wat elke sodanige werker gedurende die volgende skofsiklus moet werk en die vry periodes van elke sodanige werker. Die werkgewer moet dié kennisgewing of diensrooster vir 'n tydperk van drie jaar ná die datum daarvan bewaar. As daar geen sodanige kennisgewing of diensrooster vertoon word nie moet die vry periode van elke sodanige werker geag word om 24h00 op Saterdag te begin.

(4) 'n Werkgewer mag nie van 'n daaglikse werknemer vereis of hom toelaat om meer gewone werkure te werk nie as—

(a) agt en 'n half op enige dag; of
(b) behoudens paragraaf *(a)*, 46 in enige week in sy diens.

(5) 'n Werkgewer mag nie van 'n werknemer wat uitsluitlik in diens is vir die verwydering van nagvuil, vereis of hom toelaat om meer gewone werkure te werk nie as—

(a) 42 in 'n week van Sondag tot en met Saterdag;
(b) ses in enige tydperk van 24 agtereenvolgende ure:

Met dien verstande dat as daar nie van sodanige werknemer vereis word om in enige week op meer as ses sodanige tydperke van 24 uur te werk nie, die beperking van 42 uur in daardie week met hoogstens vier uur, en die beperking van ses uur in enige sodanige tydperk van 24 agtereenvolgende ure met hoogstens een uur en 40 minute te bowe gegaan mag word.

(6) *Meal intervals.*—An employer shall not require or permit an employee to work continuously for more than five hours without a meal interval of not less than one hour, during which interval such employee shall not be required or permitted to perform any work, and such interval shall not form part of the ordinary hours of work or overtime: Provided that—

(i) an employer may agree with his employee to reduce the period of such interval to not less than half an hour, and in that event the interval may be so reduced;

(ii) periods of work interrupted by intervals of less than one hour, except when proviso (i) or (vi) applies, shall be deemed to be continuous;

(iii) if such interval is longer than one hour, except when proviso (iv) applies, any period in excess of one and one-quarter hours shall be deemed to be time worked;

(iv) in the case of an employee who is wholly or mainly engaged in cleaning premises or passenger vehicles or tending animals, if such interval is longer than three hours, any period in excess of three hours shall be deemed to form part of the ordinary hours of work;

(v) only one such interval during the ordinary hours of work of an employee on any day shall not form part of the ordinary hours of work;

(vi) when on any day by reason of overtime work an employer is required to grant an employee a second meal interval, such, interval may be reduced to not less than 15 minutes;

(vii) such interval need not be granted to a continuous process worker during his ordinary hours of work on any shift if he is given the opportunity during such hours to have a meal on the job, unless this is prohibited in accordance with a notice published in terms of section 27 of the Factories, Machinery and Building Work Act, 1941.

(7) *Hours of work to be consecutive.*—Save as provided in subclause (6), all hours of work of an employee on any day shall be consecutive.

(8) *Limitation of overtime.*—*(a)* An employer shall not require or permit a daily employee to work overtime for more than two hours on any day.

(b) An employer shall not require or permit any other employee to work overtime for more than 10 hours in any week.

(9) *Female employees.*—Notwithstanding anything to the contrary contained in this clause, an employer shall not require or permit a female employee to work—

(a) between 18h00 and 06h00;
(b) after 13h00 on more than five days a week;
(c) overtime for more than two hours on any day, except that an employee who works a five-day week may work up to four hours overtime on a Saturday, but so that 10 hours are not exceeded in any week;
(d) overtime on more than three consecutive days in any week;
(e) overtime on more than 60 days in any year;
(f) overtime after completion of her ordinary hours of work for more than one hour on any day unless he has—
(i) before midday given notice thereof to such employee; or
(ii) provided such employee with a meal worth not less than 60c and allowed her sufficient time to have it before she has to commence overtime; or
(iii) paid such employee not less than 60c in sufficient time to enable her to obtain and have a meal before overtime is due to commence.

(10) *Payment for overtime.*—An employer shall pay an employee who works overtime at a rate of not less than—

(a) in the case of a daily employee, one and one-third times his wage in respect of the total period so worked by such employee on any day;
(b) in the case of any other employee, one and one-third times his wage in respect of the total period so worked by such employee in any week.

(11) *Provisos.*—*(a)* This clause shall not apply to a night watchman whose employer grants him a free period of not less than 24 consecutive hours in respect of every week of employment: Provided that—
(i) the employer makes no deduction from his night watchman's wage in respect thereof;
(ii) an employer may, in lieu of granting his night watchman any such free period, pay such night watchman the wage which he would have received if he had not worked during such period plus an amount of not less than double his daily wage in respect of such free period not granted.

(b) Subclauses (6), (7) and (8) shall not apply to an employee while he is engaged in emergency work or to an employee employed in any hospital, clinic, nurses' quarters, hostel or boys' hall.

(6) *Etenspouses.*—'n Werkgewer mag nie van 'n werknemer vereis of hom toelaat om meer as vyf uur aaneen sonder 'n etenspouse van minstens een uur te werk nie, in welke pouse so 'n werknemer nie verplig of toegelaat mag word om enige werk te verrig nie en dié pouse word geag geen deel van die gewone werkure of oortydwerk uit te maak nie: Met dien verstande dat—

(i) 'n werkgewer met sy werknemer ooreen mag kom om die duur van sodanige pouse tot minstens 'n halfuur te verkort, en in dié geval kan die pouse aldus verkort word;
(ii) werktydperke wat deur pouses van minder as een uur onderbreek word, uitgesonderd waar voorbehoudsbepaling (i) of (vi) van toepassing is, geag word aaneenlopend te wees;
(iii) as sodanige pouse langer as een uur is, behalwe waar voorbehoudsbepaling (iv) van toepassing is, enige tyd wat een en 'n kwart uur te bowe gaan, geag word werktyd te wees;
(iv) in die geval van 'n werknemer wat uitsluitlik of hoofsaaklik persele of passasiersvoertuie skoonmaak, of diere versorg, waar sodanige pouse langer as drie uur is enige tyd wat drie uur te bowe gaan, geag word deel van die gewone werkure uit te maak;
(v) alleenlik een sodanige pouse gedurende 'n werknemer se gewone werkure op 'n dag nie deel van die gewone werkure mag uitmaak nie;
(vi) wanneer daar, vanweë oortyd wat gewerk is, van 'n werkgewer vereis word om op enige dag 'n tweede etenspouse aan 'n werknemer toe te staan, sodanige pouse tot minstens 15 minute verkort mag word;
(vii) sodanige pouse nie aan 'n deurlopendeproseswerker toegestaan hoef te word gedurende sy gewone werkure op enige skof nie indien aan hom gedurende sodanige ure die geleentheid verskaf word om 'n ete te nuttig terwyl hy op sy pos bly, tensy dit verbied word ooreenkomstig 'n kennisgewing wat ingevolge artikel 27 van die Wet op Fabrieke, Masjinerie en Bouwerk, 1941, gepubliseer is.

(7) *Werkure moet agtereenvolgend wees.*—Behoudens subklousule (6) moet alle werkure van 'n werknemer op elke dag agtereenvolgend wees.

(8) *Beperking van oortydwerk.*—*(a)* 'n Werkgewer mag nie van sy daaglikse werknemer vereis of hom toelaat om langer oortyd te werk nie as twee op 'n dag.

(b) 'n Werkgewer mag nie vereis of toelaat dat enige ander werknemer langer oortyd werk nie as 10 uur in 'n week.

(9) *Vroulike werknemers.*—Ondanks andersluidende bepalings in hierdie klousule, mag 'n werkgewer nie van 'n vroulike werknemer vereis of haar toelaat om—

(a) tussen 18h00 en 06h00 te werk nie;
(b) op meer as vyf dae in 'n week na 13h00 te werk nie;
(c) meer as twee uur oortyd op 'n dag te werk nie, behalwe dat 'n werknemer wat 'n werkweek van vyf dae het, op 'n Saterdag tot vier uur oortyd mag werk, maar dan só dat die oortydwerk nie 10 uur in enige week te bowe gaan nie;
(d) op meer as drie agtereenvolgende dae in 'n week oortyd te werk nie;
(e) op meer as 60 dae in 'n jaar oortyd te werk nie;
(f) na voltooiing van haar gewone werkure meer as een uur op 'n dag oortyd te werk nie tensy hy—
(i) sodanige werknemer voor die middag kennis daarvan gegee het; of
(ii) sodanige werknemer van 'n ete ter waarde van minstens 60c voorsien en haar genoeg tyd gelaat het om dit te nuttig voordat sy met die oortydwerk moet begin.

(10) *Betaling vir oortydwerk.*—'n Werkgewer moet 'n werknemer wat oortyd werk, betaal teen minstens—

(a) in die geval van 'n daaglikse werknemer, een en 'n derde maal sy loon ten opsigte van die totale tydperk aldus deur sodanige werknemer op enige dag gewerk;
(b) in die geval van 'n ander werknemer, een en 'n derde maal sy loon ten opsigte van die totale tydperk aldus deur sodanige werknemer in enige week gewerk.

(11) *Voorbehoudsbepalings.*—*(a)* Hierdie klousule is nie op 'n nagwag wie se werkgewer hom 'n vry periode van minstens 24 agtereenvolgende ure ten opsigte van elke week diens toestaan, van toepassing nie: Met dien verstande dat—
(i) die werkgewer geen bedrag van sy nagwag se loon ten opsigte daarvan aftrek nie;
(ii) 'n werkgewer, in plaas daarvan dat hy sodanige vry periode aan sy nagwag toestaan, sodanige nagwag dié loon mag betaal wat hy sou ontvang het indien hy nie gedurende sodanige vry periode gewerk het nie, plus 'n bedrag van minstens dubbel sy dagloon ten opsigte van sodanige vry periode wat nie toegestaan is nie.

(b) Subklousules (6), (7) en (8) is nie van toepassing nie op 'n werknemer onderwyl hy noodwerk verrig of op 'n werknemer wat in 'n hospitaal, kliniek, verpleegsterstehuis, hostel of seunsaal werksaam is.

(6) *Meal intervals.*—An employer shall not require or permit an employee to work continuously for more than five hours without a meal interval of not less than one hour, during which interval such employee shall not be required or permitted to perform any work, and such interval shall not form part of the ordinary hours of work or overtime: Provided that—

(i) an employer may agree with his employee to reduce the period of such interval to not less than half an hour, and in that event the interval may be so reduced;

(ii) periods of work interrupted by intervals of less than one hour, except when proviso (i) or (vi) applies, shall be deemed to be continuous;

(iii) if such interval is longer than one hour, except when proviso (iv) applies, any period in excess of one and one-quarter hours shall be deemed to be time worked;

(iv) in the case of an employee who is wholly or mainly engaged in cleaning premises or passenger vehicles or tending animals, if such interval is longer than three hours, any period in excess of three hours shall be deemed to form part of the ordinary hours of work;

(v) only one such interval during the ordinary hours of work of an employee on any day shall not form part of the ordinary hours of work;

(vi) when on any day by reason of overtime work an employer is required to grant an employee a second meal interval, such, interval may be reduced to not less than 15 minutes;

(vii) such interval need not be granted to a continuous process worker during his ordinary hours of work on any shift if he is given the opportunity during such hours to have a meal on the job, unless this is prohibited in accordance with a notice published in terms of section 27 of the Factories, Machinery and Building Work Act, 1941.

(7) *Hours of work to be consecutive.*—Save as provided in subclause (6), all hours of work of an employee on any day shall be consecutive.

(8) *Limitation of overtime.*—*(a)* An employer shall not require or permit a daily employee to work overtime for more than two hours on any day.

(b) An employer shall not require or permit any other employee to work overtime for more than 10 hours in any week.

(9) *Female employees.*—Notwithstanding anything to the contrary contained in this clause, an employer shall not require or permit a female employee to work—

(a) between 18h00 and 06h00;
(b) after 13h00 on more than five days a week;
(c) overtime for more than two hours on any day, except that an employee who works a five-day week may work up to four hours overtime on a Saturday, but so that 10 hours are not exceeded in any week;
(d) overtime on more than three consecutive days in any week;
(e) overtime on more than 60 days in any year;
(f) overtime after completion of her ordinary hours of work for more than one hour on any day unless he has—
(i) before midday given notice thereof to such employee; or
(ii) provided such employee with a meal worth not less than 60c and allowed her sufficient time to have it before she has to commence overtime; or
(iii) paid such employee not less than 60c in sufficient time to enable her to obtain and have a meal before overtime is due to commence.

(10) *Payment for overtime.*—An employer shall pay an employee who works overtime at a rate of not less than—

(a) in the case of a daily employee, one and one-third times his wage in respect of the total period so worked by such employee on any day;
(b) in the case of any other employee, one and one-third times his wage in respect of the total period so worked by such employee in any week.

(11) *Provisos.*—*(a)* This clause shall not apply to a night watchman whose employer grants him a free period of not less than 24 consecutive hours in respect of every week of employment: Provided that—
(i) the employer makes no deduction from his night watchman's wage in respect thereof;
(ii) an employer may, in lieu of granting his night watchman any such free period, pay such night watchman the wage which he would have received if he had not worked during such period plus an amount of not less than double his daily wage in respect of such free period not granted.

(b) Subclauses (6), (7) and (8) shall not apply to an employee while he is engaged in emergency work or to an employee employed in any hospital, clinic, nurses' quarters, hostel or boys' hall.

(6) *Etenspouses.*—'n Werkgewer mag nie van 'n werknemer vereis of hom toelaat om meer as vyf uur aaneen sonder 'n etenspouse van minstens een uur te werk nie, in welke pouse so 'n werknemer nie verplig of toegelaat mag word om enige werk te verrig nie en dié pouse word geag geen deel van die gewone werkure of oortydwerk uit te maak nie: Met dien verstande dat—

(i) 'n werkgewer met sy werknemer ooreen mag kom om die duur van sodanige pouse tot minstens 'n halfuur te verkort, en in dié geval kan die pouse aldus verkort word;
(ii) werktydperke wat deur pouses van minder as een uur onderbreek word, uitgesonderd waar voorbehoudsbepaling (i) of (vi) van toepassing is, geag word aaneenlopend te wees;
(iii) as sodanige pouse langer as een uur is, behalwe waar voorbehoudsbepaling (iv) van toepassing is, enige tyd wat een en 'n kwart uur te bowe gaan, geag word werktyd te wees;
(iv) in die geval van 'n werknemer wat uitsluitlik of hoofsaaklik persele of passasiersvoertuie skoonmaak, of diere versorg, waar sodanige pouse langer as drie uur is enige tyd wat drie uur te bowe gaan, geag word deel van die gewone werkure uit te maak;
(v) alleenlik een sodanige pouse gedurende 'n werknemer se gewone werkure op 'n dag nie deel van die gewone werkure mag uitmaak nie;
(vi) wanneer daar, vanweë oortyd wat gewerk is, van 'n werkgewer vereis word om op enige dag 'n tweede etenspouse aan 'n werknemer toe te staan, sodanige pouse tot minstens 15 minute verkort mag word;
(vii) sodanige pouse nie aan 'n deurlopendeproseswerker toegestaan hoef te word gedurende sy gewone werkure op enige skof nie indien aan hom gedurende sodanige ure die geleentheid verskaf word om 'n ete te nuttig terwyl hy op sy pos bly, tensy dit verbied word ooreenkomstig 'n kennisgewing wat ingevolge artikel 27 van die Wet op Fabrieke, Masjinerie en Bouwerk, 1941, gepubliseer is.

(7) *Werkure moet agtereenvolgend wees.*—Behoudens subklousule (6) moet alle werkure van 'n werknemer op elke dag agtereenvolgend wees.

(8) *Beperking van oortydwerk.*—*(a)* 'n Werkgewer mag nie van sy daaglikse werknemer vereis of hom toelaat om langer oortyd te werk nie as twee op 'n dag.

(b) 'n Werkgewer mag nie vereis of toelaat dat enige ander werknemer langer oortyd werk nie as 10 uur in 'n week.

(9) *Vroulike werknemers.*—Ondanks andersluidende bepalings in hierdie klousule, mag 'n werkgewer nie van 'n vroulike werknemer vereis of haar toelaat om—

(a) tussen 18h00 en 06h00 te werk nie;
(b) op meer as vyf dae in 'n week na 13h00 te werk nie;
(c) meer as twee uur oortyd op 'n dag te werk nie, behalwe dat 'n werknemer wat 'n werkweek van vyf dae het, op 'n Saterdag tot vier uur oortyd mag werk, maar dan só dat die oortydwerk nie 10 uur in enige week te bowe gaan nie;
(d) op meer as drie agtereenvolgende dae in 'n week oortyd te werk nie;
(e) op meer as 60 dae in 'n jaar oortyd te werk nie;
(f) na voltooiing van haar gewone werkure meer as een uur op 'n dag oortyd te werk nie tensy hy—
(i) sodanige werknemer voor die middag kennis daarvan gegee het; of
(ii) sodanige werknemer van 'n ete ter waarde van minstens 60c voorsien en haar genoeg tyd gelaat het om dit te nuttig voordat sy met die oortydwerk moet begin.

(10) *Betaling vir oortydwerk.*—'n Werkgewer moet 'n werknemer wat oortyd werk, betaal teen minstens—

(a) in die geval van 'n daaglikse werknemer, een en 'n derde maal sy loon ten opsigte van die totale tydperk aldus deur sodanige werknemer op enige dag gewerk;
(b) in die geval van 'n ander werknemer, een en 'n derde maal sy loon ten opsigte van die totale tydperk aldus deur sodanige werknemer in enige week gewerk.

(11) *Voorbehoudsbepalings.*—*(a)* Hierdie klousule is nie op 'n nagwag wie se werkgewer hom 'n vry periode van minstens 24 agtereenvolgende ure ten opsigte van elke week diens toestaan, van toepassing nie: Met dien verstande dat—
(i) die werkgewer geen bedrag van sy nagwag se loon ten opsigte daarvan aftrek nie;
(ii) 'n werkgewer, in plaas daarvan dat hy sodanige vry periode aan sy nagwag toestaan, sodanige nagwag dié loon mag betaal wat hy sou ontvang het indien hy nie gedurende sodanige vry periode gewerk het nie, plus 'n bedrag van minstens dubbel sy dagloon ten opsigte van sodanige vry periode wat nie toegestaan is nie.

(b) Subklousules (6), (7) en (8) is nie van toepassing nie op 'n werknemer onderwyl hy noodwerk verrig of op 'n werknemer wat in 'n hospitaal, kliniek, verpleegsterstehuis, hostel of seunsaal werksaam is.

(c) Subclause (6) shall not apply to an employee who is employed solely for the removal of night soil.

(d) Subclause (9) *(a)*, *(b)*, *(c)* and *(d)* shall not apply to a female employee employed in any women's hostel, hospital, clinic, public swimming bath or public convenience.

6. Annual Leave

(1) Subject to subclause (2), an employer shall grant to his employee, other than a daily employer, in respect of each completed period of 12 months of employment with him the following leave and the employee shall take such leave:

(a) In the case of a night watchman, 21 consecutive days' leave;

(b) in the case of any other employee, 14 consecutive days' leave;

and shall pay such employee in respect of such leave—

(i) in the case of an employee referred to in paragraph *(a)*, an amount of not less than three times the weekly wage which the employee was receiving immediately prior to the date on which the leave commenced;

(ii) in the case of an employee referred to in paragraph *(b)*, an amount of not less than double the weekly wage which the employee was receiving immediately prior to the date on which the leave commenced:

Provided that for the purposes of this clause the weekly wage of an employee who is engaged in piece-work shall be calculated on the basis set out in section 20 (5) of the Factories, Machinery and Building Work Act, 1941, read with clause 3 (3).

(2) The leave prescribed in subclause (1) shall be granted and taken at a time to be fixed by the employer: Provided that—

(i) if such leave has not been granted earlier, it shall, save as provided in subclause (3), be granted so as to commence within four months after the completion of the 12 months of employment to which it relates; or, if the employer and employee have agreed thereto in writing before the expiration of the said period of four months, the employer shall grant such leave to the employee as from a date not later than two months after the expiration of the said period of four months;

(ii) the period of leave shall not be concurrent with sick leave granted in terms of clause 7 or with any period of notice of termination of service in terms of clause 12 or with absence from work owing to incapacity under the circumstances set out in clause 7 (5) *(a)* or *(b)* totalling not more than 10 weeks in any year, or with any period during which the employee is undergoing military training or service in terms of the Defence Act, 1957, unless the employee so requests and the employer agrees thereto in writing;

(iii) if New Year's Day, Good Friday, Ascension Day, Republic Day, the Day of the Covenant or Christmas Day falls within the period of such leave, another work day shall, for each such holiday, be added to the said period as a further period of leave and the employee shall be paid an amount of not less than his daily wage in respect of each such day added;

(iv) an employer may set off against such period of leave any days of occasional leave granted on full pay to his employee at such employee's written request during the period of 12 months of employment to which the period of leave relates.

(3) *(a)* At the written request of his employee, an employer may permit the leave to accumulate over a period of not more than 24 months of employment: Provided—

(i) that the request is made by such employee not later than four months after the expiration of the first period of 12 months of employment to which the leave relates; and

(ii) that the date of the receipt of the request is endorsed on the request over his signature by the employer, who shall retain the request at least until after the expiration of the period of leave.

(b) Subclause (2) shall *mutatis mutandis* apply to the leave referred to in this subclause.

(4) The remuneration in respect of the leave prescribed in subclause (1), read with subclause (3), shall be paid not later than the last work day before the date of commencement of the leave.

(5) An employee whose employment terminates during any period of 12 months of employment before the period of leave prescribed in subclause (1) in respect of that period has accrued shall, upon such termination and in addition to any other remuneration which may be due to him, be paid in respect of each completed month of such period of employment an amount of not less than—

(a) in the case of an employee referred to in subclause (1) *(a)*, one-fourth; and

(b) in the case of an employee referred to in subclause (1) *(b)*, one-sixth,

of the weekly wage he was receiving immediately prior to the date of such termination. Provided that an employer may make a proportionate

(c) Subklousule (6) is nie van toepassing nie op 'n werknemer wat uitsluitlik in diens is vir die verwydering van nagvuil.

(d) Subklousule (9) *(a)*, *(b)*, *(c)* en *(d)* is nie van toepassing nie op 'n vroulike werknemer wat in enige hostel vir vroue, hospitaal, kliniek, openbare swembad of openbare retirade in diens is.

6. Jaarlikse Verlof

(1) Behoudens subklousule (2), moet 'n werkgewer aan sy werknemer, uitgesonderd 'n daaglikse werknemer, ten opsigte van elke voltooide tydperk van 12 maande diens by hom verlof soos volg toestaan en moet die werknemer sodanige verlof neem:

(a) In die geval van 'n nagwag, 21 agtereenvolgende dae;

(b) in die geval van enige ander werknemer, 14 agtereenvolgende dae;

en moet hy sodanige werknemer ten opsigte van sodanige verlof betaal—

(i) in die geval van 'n werknemer in paragraaf *(a)* vermeld, 'n bedrag van minstens drie maal die weekloon wat hy onmiddellik voor die aanvangsdatum van die verlof ontvang het;

(ii) in die geval van 'n werknemer in paragraaf *(b)* bedoel, 'n bedrag van minstens dubbel die weekloon wat hy onmiddellik voor die aanvangsdatum van die verlof ontvang het:

Met dien verstande dat by die toepassing van hierdie klousule die weekloon van 'n werknemer wat stukwerk verrig, bereken word op die grondslag uiteengesit in artikel 20 (5) van die Wet op Fabrieke, Masjinerie en Bouwerk, 1941, gelees met klousule 3 (3).

(2) Die verlof by subklousule (1) voorgeskryf, moet toegestaan en geneem word op 'n tyd wat die werkgewer bepaal: Met dien verstande dat—

(i) as sodanige verlof nie eerder toegestaan is nie, dit behoudens subklousule (3), so toegestaan moet word dat dit binne vier maande begin na voltooiing van die 12 maande diens waarop dit betrekking het; of, as die werkgewer en sy werknemer voor die verstryking van genoemde tydperk van vier maande skriftelik daartoe ooreengekom het, die werkgewer sodanige verlof aan die werknemer moet toestaan met ingang van 'n datum uiterlik twee maande na die verstryking van genoemde tydperk van vier maande;

(ii) die tydperk van verlof nie mag saamval nie met siekteverlof wat ingevolge klousule 7 toegestaan is of met enige tydperk van kennisgewing ingevolge klousule 12 of met enige tydperk van afwesigheid as gevolg van ongeskiktheid in die omstandighede in klousule 7 (5) *(a)* of *(b)* vermeld van altesaam hoogstens 10 weke in enige bepaalde jaar of, tensy die werknemer dit versoek en die werkgewer skriftelik daartoe instem, met enige tydperk van militêre opleiding of diens ingevolge die Verdedigingswet, 1957;

(iii) as Nuwejaarsdag, Goeie Vrydag, Hemelvaartsdag, Republiekdag, Geloftedag of Kersdag binne die tydperk van sodanige verlof val, daar vir elke sodanige openbare vakansiedag nog 'n werkdag by gemelde tydperk gevoeg moet word as 'n verdere tydperk van verlof en dat die werknemer vir elke sodanige dag wat bygevoeg word, 'n bedrag van minstens sy dagloon betaal moet word;

(iv) 'n werkgewer al die dae geleentheidsverlof wat op die skriftelike versoek van sy werknemer met volle betaling aan hom verleen is gedurende die tydperk van 12 maande diens waarop die verloftydperk betrekking het, van sodanige verloftydperk kan aftrek.

(3) *(a)* Op die skriftelike versoek van sy werknemer kan 'n werkgewer toelaat dat die verlof oor 'n tydperk van hoogstens 24 maande diens oploop: Met dien verstande dat—

(i) sodanige werknemer so 'n versoek doen binne vier maande na verstryking van die eerste tydperk van 12 maande diens waarop die verlof betrekking het; en

(ii) die werkgewer die datum van ontvangs van sodanige versoek daarop aanbring en dit onderteken en die versoek tot minstens na verstryking van die verloftydperk bewaar.

(b) Subklousule (2) is *mutatis mutandis* van toepassing op die verlof in hierdie subklousule bedoel.

(4) Die besoldiging ten opsigte van die verlof voorgeskryf by subklousule (1), gelees met subklousule (3), moet uiterlik op die laaste werkdag voor die aanvangsdatum van die verlof betaal word.

(5) Aan 'n werknemer wie se diens gedurende enige dienstermyn van 12 maande eindig voordat die verloftydperk voorgeskryf by subklousule (1) ten opsigte van so 'n termyn opgeloop het, moet daar by sodanige diensbeëindiging, benewens enige ander besoldiging wat aan hom verskuldig mag wees, vir elke voltooide maand van sodanige dienstermyn 'n bedrag betaal word van minstens—

(a) in die geval van 'n werknemer in subklousule (1) *(a)* bedoel, een vierde van die weekloon, en

(b) in die geval van 'n werknemer in subklousule (1) *(b)* bedoel, een sesde van die weekloon,

wat hy onmiddellik voor die datum van sodanige diensbeëindiging ontvang het: Met dien verstande dat 'n werkgewer ten opsigte van al

van die werknemer se ongeskiktheid meld: Met dien verstande dat, wanneer 'n werknemer gedurende enige tydperk van hoogstens agt weke by twee of meer geleenthede betaling ingevolge hierdie klousule ontvang het sonder om so 'n sertifikaat voor te lê, sy werkgewer gedurende die tydperk van agt weke onmiddellik na die laaste sodanige geleentheid van hom mag vereis om so 'n sertifikaat ten opsigte van enige afwesigheid voor te lê.

(3) Wanneer 'n werknemer gedurende die eerste tydkring van 24 maande diens by dieselfde werkgewer weens ongeskiktheid vir 'n langer tydperk afwesig is as die siekteverlof wat hom ten tyde van sodanige ongeskiktheid toekom, is hy geregtig op betaling vir slegs dié siekteverlof wat hom dan toekom; maar sy werkgewer moet, as hy dit nie reeds gedoen het nie, by verstryking van gemelde tydkring of by diensbeëindiging voor sodanige verstryking, hom ten opsigte van sodanige langer tydperk van afwesigheid weens ongeskiktheid uitbetaal vir sover die siekteverlof wat hom ten tyde van sodanige verstryking of beëindiging toekom, nog nie geneem is nie.

(4) By die toepassing van hierdie klousule—

(a) word die uitdrukking „diens" geag te omvat—

(i) enige tydperk wat 'n werknemer afwesig is—

(aa) met verlof ingevolge klousule 6;

(ab) op las of versoek van sy werkgewer;

(ac) met siekteverlof ingevolge subklousule (1);

en wat in enige jaar altesaam hoogstens 10 weke beloop; en

(ii) enige tydperk wat 'n werknemer afwesig is vir militêre opleiding of diens ingevolge die Verdedigingswet, 1957: Met dien verstande dat 'n werknemer nie geregtig is om meer as vier maande van een sodanige opleidings- of dienstydperk as diens te eis nie;

en word enige tydperk van diens by dieselfde werkgewer onmiddellik voordat hierdie Vasstelling bindend geword het, by die toepassing van hierdie klousule geag diens ingevolge hierdie Vasstelling te wees, en word alle siekteverlof wat met volle betaling aan so 'n werknemer gedurende sodanige tydperk toegestaan is, geag ingevolge hierdie Vasstelling toegestaan te gewees het;

(b) beteken „ongeskiktheid" onvermoë om te werk weens siekte of besering, behalwe siekte of besering wat deur 'n werknemer se eie wangedrag veroorsaak is: Met dien verstande dat sodanige onvermoë om te werk wat veroorsaak is deur 'n ongeluk of vergoedingspligtige siekte waarvoor skadeloosstelling kragtens die Ongevallewet, 1941, betaalbaar is, slegs as ongeskiktheid beskou word gedurende 'n tydperk ten opsigte waarvan geen ongeskiktheidsbetaling ingevolge daardie Wet betaalbaar is nie.

(5) *Voorbehoudsbepalings.*—Hierdie klousule is nie van toepassing nie—

(a) op 'n werknemer op wie se skriftelike versoek sy werkgewer bydraes maak wat minstens gelyk is aan dié wat die werknemer self maak aan 'n fonds of organisasie deur die werknemer benoem en wat aan hom in geval van ongeskiktheid in die omstandighede in hierdie klousule uiteengesit die betaling waarborg van altesaam minstens die ekwivalent van sy loon vir 20 of 24 werkdae, na gelang van die geval, in elke tydkring van 24 maande diens, behalwe dat die gewaarborgde tarief gedurende die eerste 24 maande van betaling van bydraes deur die werknemers verminder kan word, maar tot minstens die aanwaskoers in die eerste voorbehoudsbepaling van subklousule (1) uiteengesit;

(b) ten opsigte van enige tydperk van ongeskiktheid van 'n werknemer ten opsigte waarvan daar by enige ander wet van die werkgewer vereis word om aan die werknemer minstens sy volle loon te betaal.

8. Openbare Vakansiedae en Sondae

(1) Behoudens klousule 4 (6) en 6 (2) en (5), moet 'n werkgewer aan 'n werknemer wat nie op Nuwejaarsdag, Goeie Vrydag, Hemelvaartsdag, Republiekdag, Geloftedag of Kersdag werk nie, minstens sy weekloon betaal vir die week waarin so 'n openbare vakansiedag val.

(2) Wanneer 'n werknemer op Nuwejaarsdag, Goeie Vrydag, Hemelvaartsdag, Republiekdag, Geloftedag of Kersdag werk, moet sy werkgewer hom, behoudens die bepalings van klousules 4 (6) en 6 (2) en (5), vir die week waarin so 'n openbare vakansiedag val, minstens sy weekloon betaal, plus sy uurloon vir elke uur of deel van 'n uur wat die werknemer altesaam op daardie dag gewerk het: Met dien verstande dat, waar daar van sodanige werknemer vereis word of hy toegelaat word om minder as vier uur op so 'n openbare vakansiedag te werk, daar geag word dat hy vier uur gewerk het.

(3) Wanneer Nuwejaarsdag, Republiekdag, Geloftedag of Kersdag op 'n Sondag val, word die volgende Maandag by die toepassing van hierdie klousule geag sodanige openbare vakansiedag te wees.

(4) Behoudens subklousule (8) *(a)*, wanneer 'n werknemer, uitgesonderd 'n deurlopendeproseswerker, op 'n Sondag werk, moet sy werkgewer òf—

(a) die werknemer—

(i) if he so works for a period not exceeding four hours, not less than his daily wage;
(ii) if he so works for a period exceeding four hours, at a rate not less than double his wage in respect of the total period worked by him on such Sunday, or not less than double his daily wage, whichever is the greater; or

(b) pay the employee at a rate not less than one and one-third times his ordinary wage in respect of the total period worked by him on such Sunday, and grant him within seven days of such Sunday one day's leave and pay him in respect thereof not less than his daily wage: Provided that where such an employee is required or permitted to work for less than four hours on such Sunday he shall be deemed to have worked for four hours.

(5) Whenever a continuous process worker works on a Sunday, his employer shall pay him at a rate of not less than one and one third times his wage in respect of the total period worked by him on such Sunday: Provided that over and above the remuneration prescribed in this subclause no overtime remuneration need be paid for work on a Sunday.

(6) Whenever a continuous process worker works during his free period, his employer shall pay him at a rate of not less than double his wage in respect of the total period worked by him during such free period: Provided that he shall be paid not less than double his daily wage.

(7) Whenever a continuous process worker works a shift which falls partly on any public holiday mentioned in subclause (1) or on a Sunday and partly on any other day, the whole shift shall be deemed to have been worked on the day on which the major portion of the shift falls.

(8) *Provisos.—(a)* Subclause (4) shall not apply to an employee who works in or in connection with any premises which are not registered or liable to registration as a factory in terms of the Factories, Machinery and Building Work Act, 1941, and who, from the nature of his work, regularly has to work on Sundays throughout the year or during a season: Provided that the employer of such an employee shall grant such employee within seven days of such a Sunday on which he works one day's leave and, subject to the provisions of clauses 4 (6) and 6 (2) and (5), shall pay him in respect of the week in which such day's leave falls not less than his weekly wage.

(b) This clause shall not apply to a daily employee or a watchman.

9. Piece-Work

(1) An employer may, after at least one week's notice to his employee, introduce any piece-work system and, save as provided in clause 4 (6), such employer shall pay his employee, who is employed on such piece-work system, remuneration at the rates applicable under such system: Provided that, irrespective of the quantity of work done, the employer shall pay such employee not less than—

(i) in the case of an employee other than a daily employee, in respect of each week in which piece-work is performed, the amount which he would have been required to pay such employee for that week had the employee been remunerated on the basis of time worked;
(ii) in the case of a daily employee, in respect of each day on which piece-work is performed, the amount which he would have been required to pay such employee for that day had the employee been remunerated on the basis of time worked.

(2) An employer shall keep posted up in a conspicuous place in his establishment a schedule of the rates referred to in subclause (1).

(3) An employer who intends to cancel or amend any piece-work system in operation or the rates applicable thereunder shall give his employee employed on such system not less than one month's notice of such intention:
Provided that an employer and his employee may agree on a longer period of notice, in which case the employer shall give notice for a period not shorter than that agreed upon.

(4) Notwithstanding anything to the contrary contained in this clause, an employer need not give a daily employee notice of his intention to introduce any piece-work system or to cancel or amend it.

10. Uniforms, overalls and Protective Clothing

An employer shall supply and maintain in serviceable and clean condition, free of charge, any uniform, overall, washing coat, apron, cap, boots or other protective clothing which he requires his employee to wear or which by any law he is required to provide for his employee,

(i) indien hy aldus vir 'n tydperk van hoogstens vier uur werk, minstens sy dagloon betaal;
(ii) indien hy aldus vir 'n tydperk van meer as vier uur werk, teen minstens dubbel sy loon ten opsigte van die hele tydperk wat hy op sodanige Sondag werk, of minstens dubbel sy dagloon betaal, en wel die bedrag wat die grootste is; óf

(b) die werknemer teen minstens een en 'n derde maal sy gewone loon betaal ten opsigte van die hele tydperk wat hy op sodanige Sondag werk en hom binne sewe dae vanaf sodanige Sondag een dag verlof verleen en hom ten opsigte daarvan minstens sy dagloon betaal: Met dien verstande dat, waar daar van sodanige werknemer vereis of hy toegelaat word om minder as vier uur op sodanige Sondag te werk, daar geag moet word dat hy vier uur gewerk het.

(5) Wanneer 'n deurlopendeproseswerker op 'n Sondag werk, moet sy werkgewer hom teen minstens een en 'n derde maal sy loon betaal ten opsigte van die hele tydperk wat hy op sodanige Sondag werk: Met dien verstande dat daar vir werk op 'n Sondag nie oortydwerkbesoldiging bo en behalwe die besoldiging in hierdie subklousule voorgeskryf, betaal hoef te word nie.

(6) Wanneer 'n deurlopendeproseswerker gedurende sy vry periode werk, moet sy werkgewer hom teen minstens dubbel sy loon betaal ten opsigte van die hele tydperk wat hy gedurende sy vry periode werk: Met dien verstande dat hy minstens dubbel sy dagloon betaal moet word.

(7) Wanneer 'n deurlopendeproseswerker 'n skof werk wat gedeeltelik op 'n openbare vakansiedag in subklousule (1) gemeld, op 'n Sondag of gedurende sy vry periode en gedeeltelik op 'n ander dag val, word geag dat die hele skof gewerk is op dié dag waarop die grootste deel van die skof val.

(8) *Voorbehoudsbepalings.—(a)* Subklousule (4) is nie van toepassing nie op 'n werknemer wat op of in verband met 'n perseel wat nie kragtens die Wet op Fabrieke, Masjinerie en Bouwerk, 1941, as fabriek geregistreer of aan registrasie onderworpe is nie, werksaam is en wat uit die aard van sy werk gereeld dwarsdeur die jaar of gedurende 'n seisoen op Sondag moet werk: Met dien verstande dat die werkgewer van sodanige werknemer binne sewe dae na sodanige Sondag waarop hy werk een dag verlof aan die werknemer toestaan en hom, behoudens klousules 4 (6) en 6 (2) en (5), ten opsigte van die week waarin sodanige dag verlof val, minstens sy weekloon betaal.

(b) Hierdie klousule is nie op 'n daaglikse werknemer of 'n wag van toepassing nie.

9. Stukwerk

(1) 'n Werkgewer mag, nadat hy minstens een week vooraf kennis aan sy werknemer gegee het, 'n stukwerkstel invoer, en sodanige werkgewer moet, behoudens die bepalings van klousule 4 (6), sy werknemer wat volgens sodanige stukwerkstelsel werk, besoldig teen die tariewe wat ooreenkomstig sodanige stelsel van toepassing is: Met dien verstande dat die werkgewer, ongeag die hoeveelheid werk wat verrig is, die werknemer moet betaal—

(i) in die geval van 'n werknemer, uitgesonderd 'n daaglikse werknemer, vir elke week waarin stukwerk verrig word, minstens die bedrag wat hy so 'n werknemer vir daardie week sou moes betaal het as hy die werknemer 'n tydloon betaal het;
(ii) in die geval van 'n daaglikse werknemer, vir elke dag waarop stukwerk verrig word, minstens die bedrag wat hy so 'n werknemer vir daardie dag sou moes betaal het as hy die werknemer 'n tydloon betaal het.

(2) 'n Werkgewer moet 'n lys van die besoldiging bedoel in subklousule (1), op 'n opvallende plek in sy bedryfsinrigting opgeplak hou.

(3) 'n Werkgewer wat voornemens is om 'n bestaande stukwerkstelsel of die besoldiging wat daarvolgens van toepassing is, af te skaf of te wysig, moet aan sy werknemer wat volgens sodanige stelsel werk, minstens een maand kennis van sodanige voorneme gee: Met dien verstande dat 'n werkgewer en sy werknemer oor 'n langer kennisgewingtermyn ooreen kan kom, en in so 'n geval mag die werkgewer nie vir 'n korter termyn as dié waaroor daar ooreengekom is, kennis gee nie.

(4) Ondanks andersluidende bepalings in hierdie klousule, hoef 'n werkgewer nie 'n daaglikse werknemer kennis te gee van sy voorneme om 'n stukwerkstelsel in te voer of af te skaf of te wysig nie.

10. Uniforms, Oorpakke en Beskermende Klere

'n Werkgewer moet alle uniforms, oorpakke, wasjasse, voorskote, pette, stewels of ander beskermende klere wat hy van sy werknemer vereis om te dra of wat hy ingevolge enige wet verplig is om aan sy werknemer te verskaf, gratis verskaf en in 'n bruikbare toestand hou;

and any such article shall remain the property of the employer: Provided that an employer may require an employee to wash or wash and iron any such protective clothing, in which event the employer shall pay such employee an allowance of not less than 60c every week.

11. Prohibition of Employment

An employer shall not employ any person under the age of 15 years.

12. Termination of Contract of Employment

(1) An employer or his employee, other than a daily employee, who desires to terminate the contract of employment shall give—

(a) during the first four weeks of employment, not less than one work day's;

(b) after the first four weeks of employment, not less than one week's;

notice of termination of contract, or an employer or employee may terminate the contract without notice by paying the employee or paying the employer, as the case may be, in lieu of such notice not less than—

(aa) in the case of one work day's notice, the daily wage which the employee is receiving at the time of such termination;

(ab) in the case of one week's notice, the weekly wage which the employee is receiving at the time of such termination:

Provided that this shall not affect—

(i) the right of an employer or his employee to terminate the contract without notice for any cause recognised by law as sufficient;

(ii) any written agreement between an employer and his employee which provides for a period of notice of equal duration on both sides and for longer than that prescribed in this clause;

(iii) the operation of any forfeitures or penalties which by law may be applicable in respect of an employee who deserts:

Provided further that where the wage of an employee at the date of termination of his employment has been reduced by deductions in respect of short-time, the expression "is receiving at the time of such termination" shall, when an employer pays an employee in lieu of notice, be deemed to mean "would have received at the time of such termination if no deductions had been made in respect of short-time".

(2) Where there is an agreement in terms of the second proviso to subclause (1), the payment in lieu of notice shall be commensurate with the period of notice agreed upon.

(3) The notice prescribed in subclause (1) may be given on any work day: Provided that—

(i) the period of notice shall not run concurrently with, nor shall notice be given during an employee's absence on leave granted in terms of clause 6 or any period of military training or service which an employee is undergoing in terms of the Defence Act, 1957;

(ii) notice shall not be given during an employee's absence on sick leave granted in terms of clause 7 or owing to incapacity in the circumstances set out in clause 7 (5) *(a)* or *(b)* and which does not exceed 10 weeks in the aggregate in any year.

(4) Notwithstanding anything to the contrary contained in this Determination, where an employee terminates his contract of employment by leaving his employment without having given and served the required period of notice or without paying his employer in lieu of notice, his employer may appropriate to himself, from any moneys which he owes to such employee by virtue of any provisions of this Determination, an amount of not more than that which such employee would have had to pay him in lieu of notice: Provided that where an employer has so appropriated an amount in lieu of notice, the employee shall be deemed for the purposes of clause 6 (5), be deemed to have paid the employer in lieu of notice: Provided that where an employer in this manner appropriates to himself an amount in lieu of notice, the employee shall, for the purposes of clause 6 (5), be deemed to have paid the employer in lieu of notice.

en alle sodanige artikels bly die eiendom van die werkgewer: Met dien verstande dat 'n werkgewer van 'n werknemer kan vereis om sodanige beskermende klere te was of te was en stryk en in so 'n geval moet die werkgewer so 'n werknemer 'n toelae van minstens 60 sent per week betaal.

11. Verbod op Indiensneming

'n Werkgewer mag niemand onder die leeftyd van 15 jaar in diens neem nie.

12. Beëindiging van Dienskontrak

(1) 'n Werkgewer of sy werknemer, uitgesonderd 'n daaglikse werknemer, wat die dienskontrak wil beëindig, moet—

(a) gedurende die eerste vier weke diens, minstens een werkdag;

(b) na die eerste vier weke diens, minstens een week;

vooraf kennis van die beëindiging van die kontrak gee, of 'n werkgewer of 'n werknemer kan die kontrak sonder kennisgewing beëindig deur, in plaas van sodanige kennisgewing, aan die werknemer of die werkgewer, na gelang van die geval, te betaal—

(aa) in die geval van een werkdag keenisgewing, minstens die dagloon wat die werknemer ten tyde van sodanige beëindiging ontvang;

(ab) in die geval van een week kenisgewing, minstens die weekloon wat die werknemer ten tyde van sodanige beëindiging ontvang:

Met dien verstande dat—

(i) die reg van 'n werkgewer of sy werknemer om die kontrak op 'n regsgeldige grond sonder kennisgewing te beëindig;

(ii) 'n skriftelike ooreenkoms tussen 'n werkgewer en sy werknemer waarin voorsiening gemaak word vir 'n kennisgewingstermyn wat vir beide partye ewe lank is en langer is as dié wat in hierdie klousule voorgeskryf word;

(iii) die werking van 'n verbeuring of boete wat regtens van toepassing mag wees op 'n werknemer wat dros;

nie hierdeur geraak word nie; Met dien verstande voorts dat, indien die loon van 'n werknemer op die datum van die beëindiging van sy diens verminder is deur aftrekkings ten opsigte van korttyd en die werkgewer hom betaal in plaas van kennis te gee, die uitdruikking „ten tyde van sodanige beëindiging ontvang" geag word te beteken „ten tyde van sodanige beëindiging sou ontvang het as geen bedrag weens korttyd afgetrek was nie".

(2) Indien daar 'n ooreenkoms ingevolge die tweede voorbehoudsbepaling van subklousule (1) bestaan, moet die betaling in plaas van kennisgewing eweredig wees aan die kennisgewingstermyn waaroor daar ooreengekom is.

(3) Die kennisgewing by subklousule (1) voorgeskryf, mag op enige werkdag geskied: Met dien verstande dat—

(i) die kennisgewingstermyn nie mag saamval met, en die kennisgewing nie mag geskied gedurende 'n werknemer se afwesigheid met verlof ingevolge klousule 6 of enige tydperk van militêre opleiding of diens wat 'n werknemer ingevolge die Verdedigingswet, 1957, ondergaan nie;

(ii) daar nie kennis gegee mag word gedurende 'n werknemer se afwesigheid met siekteverlof ooreenkomstig klousule 7 of weens ongeskiktheid in die omstandighede in klousule 7 (5) *(a)* of *(b)* uiteengesit wat altesaam hoogstens 10 weke in 'n jaar beloop nie.

(4) Ondanks andersluidende bepalings in hierdie Vasstelling mag 'n werkgewer, in die geval waar 'n werknemer sy dienskontrak beëindig deur sy diens te verlaat sonder om kennis te gee en sonder om die kennisgewingstermyn uit te dien of sonder om sy werkgewer te betaal in plaas van kennis te gee, uit enige geld wat hy sodanige werknemer uit hoofde van enige bepaling van hierdie Vasstelling skuld, aan homself 'n bedrag toeëien van hoogstens dié wat sodanige werknemer hom sou moes betaal het in plaas van kennis te gee: Met dien verstande dat waar 'n werkgewer 'n bedrag aldus aan homself toegeëien het in plaas van kennisgewing, daar by die toepassing van klousule 6 (5) geag word dat die werknemer die werkgewer betaal het in plaas van kennis te gee.

No. R.1084] [30 May 1980

FACTORIES, MACHINERY AND BUILDING WORK ACT, 1941

UNSKILLED LABOUR (LOCAL AUTHORITIES), CAPE PENINSULA AND SURROUNDING AREAS

I, STEPHANUS PETRUS BOTHA, Minister of Manpower Utilisation, hereby in terms of section 22 (1) of the Factories, Machinery and Building Work Act, 1941, declare the provisions of the Wage Determination for Unskilled Labour (Local Authorities), Cape Peninsula and Surrounding Areas, published under Government Notice R.1083 of 30 May 1980, to be, on the whole, not less favourable to the employees whose hours of work and remuneration in respect of overtime, public holidays and work on Sundays and public holidays are regulated thereby, than the relative provisions of the said Act.

S. P. BOTHA,
Minister of Manpower Utilisation

No. R.1084] [30 Mei 1980

WET OP FABRIEKE, MASJINERIE EN BOUWERK, 1941

ONGESKOOLDE ARBEID (PLAASLIKE OWERHEDE), KAAPSE SKIEREILAND EN OMLIGGENDE GEBIEDE

Ek, STEPHANUS PETRUS BOTHA, Minister van Mannekragbenutting, verklaar hierby kragtens artikel 22 (1) van die Wet op Fabrieke, Masjinerie en Bouwerk, 1941, dat die bepalings van die Loonvasstelling vir Ongeskoolde Arbeid (Plaaslike Owerhede), Kaapse Skiereiland en Omliggende Gebiede, gepubliseer by Goewermentskennisgewing R.1083 van 30 Mei 1980, oor die algemeen vir die werknemers wie se werkure en besoldiging ten opsigte van oortyd, openbare feesdae en werk op Sondae en openbare feesdae daarby gereël word, nie minder gunstig is nie as die desbetreffende bepalings van genoemde Wet.

S. P. BOTHA,
Minister van Mannekragbenutting

University of Fort Hare
Together in Excellence

CONTENTS

Department of Manpower Utilization

GOVERNMENT NOTICES

No.		Page
R.1083	Wage Act, 1957: Wage Determination 398: Unskilled Labour (Local Authorities), Cape Peninsula and Surrounding Areas	1
R.1084	Factories, Machinery and Building Work Act, 1941: Unskilled Labour (Local Authorities), Cape Peninsula and Surrounding Areas	15

INHOUD

Departement van Mannekragbenutting

GOEWERMENTSKENNISGEWINGS

No.		Bladsy
R.1083	Loonwet, 1957: Loonvasstelling 398: Ongeskoolde Arbeid (Plaaslike Owerhede), Kaapse Skiereiland en Omliggende Gebiede	1
R.1084	Wet op Fabrieke, Masjinerie en Bouwerk, 1941: Ongeskoolde Arbeid (Plaaslike Owerhede), Kaapse Skiereiland en Omliggende Gebiede	15

IN LUMINE TUO IDE BIMUS LUMEN
University of Fort Hare
Together in Excellence

PRINTED FOR THE GOVERNMENT PRINTER, PRETORIA, BY CAPE & TRANSVAAL PRINTERS (PTY) LTD, CAPE TOWN—BB2627/12 300
GEDRUK VIR DIE STAATSDRUKKER, PRETORIA, DEUR KAAP & TRANSVAAL DRUKKERS (EDMS) BPK, KAAPSTAD—BB2627/12 300

7038
University of Fort Hare
Together in Excellence

REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

GOVERNMENT GAZETTE

STAATSKOERANT

VAN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

Together in Excellence

Registered at the Post Office as a Newspaper *As 'n Nuusblad by die Poskantoor Geregistreer*

PRICE + 1c GST 20c PRYS + 1c AVB
ABROAD 30c BUITELANDS
POST FREE · POSVRY

VOL. 179] CAPE TOWN, 30 MAY 1980 KAAPSTAD, 30 MEI 1980 [No. 7038

DEPARTMENT OF THE PRIME MINISTER

No. 1085. 30 May 1980.

It is hereby notified that the State President has assented to the following Act which is hereby published for general information:—

No. 66 of 1980: National Roads Amendment Act, 1980.

DEPARTEMENT VAN DIE EERSTE MINISTER

No. 1085. 30 Mei 1980.

Hierby word bekend gemaak dat die Staatspresident sy goedkeuring geheg het aan die onderstaande Wet wat hierby ter algemene inligting gepubliseer word:—

No. 66 van 1980: Wysigingswet op Nasionale Paaie, 1980.

ALGEMENE VERDUIDELIKENDE NOTA:

Woorde met 'n volstreep daaronder, dui invoegings in bestaande verordenings aan.

WET

Tot wysiging van die Wet op Nasionale Paaie, 1971, ten einde die wyse aan te vul waarop skriftelike inligting aangaande sekere stappe wat met betrekking tot grond gedoen is, aan die eienaar van dié grond verstrek moet word; en voorsiening te maak vir die verkryging van sekere grond om in die behoeftes van gebruikers van nasionale paaie te voorsien; en om voorsiening te maak vir aangeleenthede wat daarmee in verband staan.

(Engelse teks deur die Staatspresident geteken.)
(Goedgekeur op 16 Mei 1980.)

DAAR WORD BEPAAL deur die Staatspresident, die Senaat en die Volksraad van die Republiek van Suid-Afrika, soos volg:—

Wysiging van artikel 3 van Wet 54 van 1971, soos gewysig deur artikel 1 van Wet 26 van 1974.

1. Artikel 3 van die Wet op Nasionale Paaie, 1971, word hierby gewysig—

(a) deur paragraaf *(c)* van subartikel (2) deur die volgende paragraaf te vervang:

„*(c)* Die Kommissie moet, behoudens die bepalings van paragrawe *(cA)* en *(cB)*, 'n skriftelike mededeling van 'n aanwysing van grond kragtens paragraaf *(a)* aan die eienaar van sodanige grond laat oorhandig of aanbied of per aangetekende pos laat stuur minstens 30 dae voor die betrokke datum in paragraaf *(b)* bedoel."; en

(b) deur na genoemde paragraaf *(c)* die volgende paragrawe in te voeg:

„*(cA)* Indien die Kommissie nie die verblyfplek van die eienaar of van elke eienaar van die betrokke grond geredelik kan vasstel nie, of indien hy, vanweë die aantal sodanige eienaars of om 'n ander rede oortuig is dat die bestelling van 'n mededeling volgens voorskrif van paragraaf *(c)* nie doenlik is nie, moet hy, in plaas van of benewens die mededeling volgens daardie voorskrif te laat bestel, een maal in die *Staatskoerant* en een maal per week vir twee agtereenvolgende weke in 'n Afrikaanse en in 'n Engelse nuusblad wat in omloop is in die gebied waarin die betrokke grond geleë is, 'n gepaste mededeling laat publiseer.

(cB) Indien benewens die bestelling van 'n mededeling volgens voorskrif van paragraaf *(c)* dié mededeling volgens voorskrif van paragraaf *(cA)* gepubliseer word, moet dié bestelling of die jongste van bedoelde publikasies, na gelang van watter die laaste voorval, geskied minstens 30 dae voor die betrokke datum in paragraaf *(b)* bedoel, en indien sodanige publikasies in plaas van so 'n

GENERAL EXPLANATORY NOTE:

[ ] Words in bold type in square brackets indicate omissions from existing enactments.

_____ Words underlined with solid line indicate insertions in existing enactments.

ACT

To amend the National Roads Act, 1971, so as to supplement the manner in which written information of certain steps taken in regard to land shall be furnished to the owner of such land; and to provide for the acquisition of certain land to provide for the requirements of users of national roads; and to provide for matters connected therewith.

(English text signed by the State President.)
(Assented to 16 May 1980.)

BE IT ENACTED by the State President, the Senate and the House of Assembly of the Republic of South Africa, as follows:—

Amendment of section 3 of Act 54 of 1971, as amended by section 1 of Act 26 of 1974.

1. Section 3 of the National Roads Act, 1971, is hereby amended—

(a) by the substitution for paragraph *(c)* of subsection (2) of the following paragraph:

"*(c)* The Commission shall, **[deliver, or send]** subject to the provisions of paragraphs *(c*A*)* and *(c*B*)*, cause to be delivered or tendered, or sent by registered post, written information of a designation of land under paragraph *(a)* to the owner of such land not less than thirty days before the relevant date referred to in paragraph *(b)*."; and

(b) by the insertion after the said paragraph *(c)* of the following paragraphs:

"*(c*A*)* If the whereabouts of the owner or of every owner of the land in question is not readily ascertainable by the Commission, or, if by reason of the number of such owners or for any other reason, it is satisfied that service of any information in accordance with paragraph *(c)* is not practicable, it shall, instead of or in addition to causing such information to be served in accordance with paragraph *(c)*, cause to be published once in the *Gazette* and once a week during two consecutive weeks in an English and in an Afrikaans newspaper circulating in the area in which the land in question is situated, the appropriate information.

*(c*B*)* If in addition to the service of any information in accordance with the provisions of paragraph *(c)* such information is published in accordance with paragraph *(c*A*)*, such service or the latest of such publications, according to which occurs last, shall take place not less than 30 days before the relevant date referred to in paragraph *(b)*, and if such

bestelling geskied, moet die jongste van dié publikasies minstens 30 dae voor genoemde datum geskied.".

Wysiging van artikel 5 van Wet 54 van 1971.

2. Artikel 5 van die Wet op Nasionale Paaie, 1971, word hierby gewysig deur na paragraaf *(a)* van subartikel (1) die volgende paragraaf in te voeg:

„*(a A)* om grond wat aan 'n nasionale pad grens, te koop, te huur of op 'n ander wyse te verkry om in die behoeftes van die gebruikers van daardie pad te voorsien en om vir dié doel geboue of ander strukture op dié grond op te rig of te laat oprig, en om dié grond met of sonder sodanige geboue of strukture daarop te hou, te verkoop, te verruil, te verhuur of, met die goedkeuring van die Minister, te skenk, of om dit op 'n ander wyse van die hand te sit of op 'n ander wyse daarmee te handel: Met dien verstande dat geen grond aldus verkry word nie tensy die betrokke plaaslike bestuur, indien daar een is, of, indien daar nie een is nie, die betrokke provinsiale administrasie ten opsigte van die voorgenome gebruik van die grond geraadpleeg is: Met dien verstande voorts dat grond ten opsigte waarvan dit die voorneme is om dit vir handelsdoeleindes te vervreem, per openbare tender aangebied word.".

Wysiging van artikel 8 van Wet 54 van 1971, soos gewysig deur artikel 88 van Wet 63 van 1975.

3. Artikel 8 van die Wet op Nasionale Paaie, 1971, word hierby gewysig deur na paragraaf *(a)* van subartikel (1) die volgende paragraaf in te voeg:

„*(a A)* grond onteien wat hy ingevolge artikel 5 (1) *(a A)* kan verkry;".

Kort titel.

4. Hierdie Wet heet die Wysigingswet op Nasionale Paaie, 1980.

University of Fort Hare
Together in Excellence

publications take place instead of such service, the latest of such publications shall take place not less than 30 days before the said date.".

2. Section 5 of the National Roads Act, 1971, is hereby amended by the insertion after paragraph *(a)* of subsection (1) of the following paragraph: Amendment of section 5 of Act 54 of 1971.

"*(a A)* to purchase, hire or otherwise acquire land adjoining a national road to provide for the requirements of the users of such road and to erect or cause to be erected, for such purpose, any buildings or other structures on such land and to hold, sell, exchange, let or, with the approval of the Minister, donate such land with or without any such buildings or structures thereon, or otherwise to dispose of or to deal with it: Provided that no land shall be so acquired unless the local authority concerned, if any, or, if there is no such local authority, the provincial administration concerned has been consulted in respect of the proposed use of the land: Provided further that land intended to be alienated for commercial purposes shall be offered by public tender.".

3. Section 8 of the National Roads Act, 1971, is hereby amended by the insertion after paragraph *(a)* of subsection (1) of the following paragraph: Amendment of section 8 of Act 54 of 1971, as amended by section 88 of Act 63 of 1975.

"*(a A)* expropriate any land which it may acquire in terms of section 5 (1) *(a A)*;".

4. This Act shall be called the National Roads Amendment Act, 1980. Short title.

University of Fort Hare
Together in Excellence

7039
University of Fort Hare
Together in Excellence

REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

GOVERNMENT GAZETTE

STAATSKOERANT

VAN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

Registered at the Post Office as a Newspaper *As 'n Nuusblad by die Poskantoor Geregistreer*

PRICE + 1c GST 20c PRYS + 1c AVB
ABROAD 30c BUITELANDS
POST FREE · POSVRY

VOL. 179] CAPE TOWN, 30 MAY 1980 KAAPSTAD, 30 MEI 1980 [No. 7039

DEPARTMENT OF THE PRIME MINISTER

No. 1086. 30 May 1980.

It is hereby notified that the State President has assented to the following Act which is hereby published for general information:—

No. 67 of 1980: Railways and Harbours Acts Amendment Act, 1980

DEPARTEMENT VAN DIE EERSTE MINISTER

No 1086. 30 Mei 1980.

Hierby word bekend gemaak dat die Staatspresident sy goedkeuring geheg het aan die onderstaande Wet wat hierby ter algemene inligting gepubliseer word:—

No. 67 van 1980. Wysigingswet op Spoorweg- en Hawewette, 1980

ALGEMENE VERDUIDELIKENDE NOTA:

[ ] Woorde in vet druk tussen vierkantige hake dui skrappings uit bestaande verordenings aan.

Woorde met 'n volstreep daaronder, dui invoegings in bestaande verordenings aan.

WET

Tot wysiging van artikel 1 van die Wysigingswet op Spoorweg- en Hawepensioene, 1941, om die woordomskrywings van „inkomste" en „Spoorwegraad" te wysig; tot wysiging van artikel 1 van die Konsolidasiewet op die Beheer en Bestuur van Spoorweë en Hawens, 1957, om sekere nuwe woordomskrywings in te voeg; tot invoeging van artikel 1A in gemelde Wet om voorsiening te maak vir die wyse waarop die spoorweë en hawens bedryf moet word; tot wysiging van artikel 2 van gemelde Wet om verwysing na die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1961, te skrap; tot invoeging van artikel 3A in gemelde Wet om vir die bou van spoorweë, hawens en hawewerke voorsiening te maak; tot invoeging van artikel 20 in en tot wysiging van artikel 37 van gemelde Wet om die gebruik van die Administrasie se verpakkingsertifikaat op pakke, verpakking en houers te beheer en enige wangebruik daarvan strafbaar te maak; tot wysiging van artikels 57A en 57C van gemelde Wet om die beginsels daarvan in ooreenstemming te bring met dié vervat in die Polisiewet, 1958; tot wysiging van artikel 1 van die Wet op Belastings op Spoorwegeiendom, 1959, om die woordomskrywing van „Administrasie" te wysig; tot wysiging van artikel 1 van die Wet op Spoorweg- en Hawediens, 1960, om die woordomskrywing van „inkomste" te wysig; tot wysiging van artikel 19 van gemelde Wet om voorsiening te maak vir die betaling van dienare gedurende skorsingstydperke; tot wysiging van die opskrif van Deel VIII en tot herroeping van artikels 99, 102, 103, 104, 104A, 105 en 106 van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1961; tot vervanging van artikel 2 van die Spoorwegraadwet, 1962, om vir aangeleenthede rakende die Spoorweg- en Haweraad voorsiening te maak; tot wysiging van artikels 4 (1) *(c)* en 4 (2) *(a)* van gemelde Wet, artikel 1 van die Wet op Staatskuldkommissarisse, 1969, en artikel 27 van die Skatkis- en Ouditwet, 1975, en tot vervanging van artikels 2C, 9 en 15 en tot wysiging van artikels 4 (3) *(b)* en 16 van die Wet op Finansies en Rekenings van die Spoorweë en Hawens, 1977, ten einde die bepalings betreffende die aanwending van fondse vir die Administrasie se kapitaalprogram te wysig; tot wysiging van artikels 4 (1) *(j)* en 4 (2) van die Spoorwegraadwet, 1962, om verwysing na die Grondwet var die Republiek van Suid-Afrika, 1961, te skrap en in ooreenstemming met bestaande wetgewing te bring; tot wysiging van artikel 1 van die Spoorweg- en Hawepensioenwet, 1971, en van artikel 1 van die Wet op Spoorweg- en Hawepensioene vir Nie-Blankes, 1974, om die woordomskrywings van „inkomste" en „Spoorwegraad" te wysig; tot wysiging van artikel 1 van die Wet op Finansies en Rekenings van die Spoorweë en Hawens, 1977, om die woordomskrywing van „Fonds" of „die Fonds" te wysig en 'n nuwe woordomskrywing van „Spoorweg- en Haweraad" in te voeg; tot invoeging van

GENERAL EXPLANATORY NOTE:

[ ] Words in bold type in square brackets indicate omissions from existing enactments.

_____ Words underlined with solid line indicate insertions in existing enactments.

ACT

To amend section 1 of the Railways and Harbours Pensions Amendment Act, 1941, so as to amend the definitions of "Railway Board" and "revenue"; to amend section 1 of the Railways and Harbours Control and Management (Consolidation) Act, 1957, so as to insert certain new definitions; to insert section 1A in the said Act so as to provide for the manner in which the Railways and Harbours are to be administered; to amend section 2 of the said Act so as to delete reference to the Republic of South Africa Constitution Act, 1961; to insert section 3A in the said Act so as to provide for the construction of railways, harbours and harbour works; to insert section 20 in and to amend section 37 of the said Act so as to control the Administration's packaging certificate on packs, packaging and containers and to make any misuse thereof punishable by law; to amend sections 57A and 57C of the said Act so as to bring the principles thereof into line with those contained in the Police Act, 1958; to amend section 1 of the Rating of Railway Property Act, 1959, so as to amend the definition of "Administration"; to amend section 1 of the Railways and Harbours Service Act, 1960, so as to amend the definition of "revenue"; to amend section 19 of the said Act so as to provide for the payment of servants during periods of suspension; to amend the heading of Part VIII and to repeal sections 99, 102, 103, 104, 104A, 105 and 106 of the Republic of South Africa Constitution Act, 1961; to substitute section 2 of the Railway Board Act, 1962, so as to provide for matters incidental to the Railways and Harbours Board; to amend sections 4 (1) *(c)* and 4 (2) *(a)* of the said Act, section 1 of the Public Debt Commissioners Act, 1969, and section 27 of the Exchequer and Audit Act, 1975, and to substitute sections 2C, 9 and 15 and to amend sections 4 (3) *(b)* and 16 of the Railways and Harbours Finances and Accounts Act, 1977, so as to amend the provisions regarding the use of funds for the Administration's capital programme; to amend sections 4 (1) *(j)* and 4 (2) of the Railway Board Act, 1962, so as to delete reference to the Republic of South Africa Constitution Act, 1961, and to bring them into line with existing legislation; to amend section 1 of the Railways and Harbours Pensions Act, 1971, and section 1 of the Railways and Harbours Pensions for Non-Whites Act, 1974, so as to amend the definitions of "Railway Board" and "revenue"; to amend section 1 of the Railways and Harbours Finances and Accounts Act, 1977, so as to amend the definition of "Fund" or "the Fund", and to insert a new definition of "Railways and Harbours Board"; to insert a new section 2 in the said Act so as to provide for the Railway and Harbour Fund; to insert section 2A in the said Act so as to provide for the establishment of a fund for maintaining

Wet No. 67, 1980 WYSIGINGSWET OP SPOORWEG- EN HAWEWETTE, 1980

'n nuwe artikel 2 in gemelde Wet om vir die Spoorweg- en Hawefonds voorsiening te maak; tot invoeging van artikel 2A in gemelde Wet om vir die instelling van 'n fonds ter handhawing van eenvormige tariewe voorsiening te maak; tot invoeging van artikel 2B in gemelde Wet om vir 'n Inkomstereserwe voorsiening te maak; tot invoeging van artikel 2D in gemelde Wet om vir die vergoeding ten opsigte van tekorte in die Spoorweg- en Hawefonds voorsiening te maak; tot vervanging van artikel 3 van gemelde Wet om die bepalings aangaande die gebruik van die Spoorweg- en Hawerekening te wysig; tot wysiging van artikel 4 (1) van gemelde Wet om verwysing na die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1961, te skrap; en om vir ander aangeleenthede wat daarmee in verband staan, voorsiening te maak.

(Afrikaanse teks deur die Staatspresident geteken.)
(Goedgekeur op 16 Mei 1980.)

DAAR WORD BEPAAL deur die Staatspresident, die Senaat en die Volksraad van die Republiek van Suid-Afrika, soos volg:—

Wysiging van artikel 1 van Wet 26 van 1941, soos gewysig deur artikel 2 van Wet 6 van 1965, artikel 2 van Wet 85 van 1971 en artikel 1 van Wet 45 van 1974.

1. Artikel 1 van die Wysigingswet op Spoorweg- en Hawepensioene, 1941, word hierby gewysig—

(a) deur die omskrywing van „inkomste" deur die volgende omskrywing te vervang:

„(vi) 'inkomste' die inkomste vermeld in artikel 1 van die Wet op Finansies en Rekenings van die Spoorweë en Hawens, 1977 (Wet No. 48 van 1977); (xiii)"; en

(b) deur die omskrywing van „Spoorwegraad" deur die volgende omskrywing te vervang:

„(xvi) 'Spoorwegraad' die Spoorweg- en Haweraad vermeld in artikel 2 van die Spoorwegraadwet, 1962 (Wet No. 73 van 1962); (xi)".

Wysiging van artikel 1 van Wet 70 van 1957, soos gewysig deur artikel 5 van Wet 25 van 1959, artikel 6 van Wet 62 van 1961, artikel 5 van Wet 62 van 1962, artikels 11 en 44 van Wet 6 van 1965, artikel 2 van Wet 24 van 1971, artikel 2 van Wet 44 van 1974, artikel 1 van Wet 8 van 1976, artikel 1 van Wet 69 van 1977 en artikel 1 van Wet 80 van 1979.

2. Artikel 1 van die Konsolidasiewet op die Beheer en Bestuur van Spoorweë en Hawens, 1957 (hierna „die Beheer- en Bestuurwet" genoem), word hierby gewysig—

(a) deur in subartikel (1) na die omskrywing van „Minister" die volgende omskrywing in te voeg:

„(ixA) 'Ouditeur-generaal' die persoon wat ingevolge artikel 41 van die Skatkis- en Ouditwet, 1975 (Wet No. 66 van 1975), as sodanig aangestel is; (iiA)"; en

(b) deur in subartikel (1) na die omskrywing van „spoorweg" die volgende omskrywings in te voeg:

„(xxA) 'Spoorweg- en Hawefonds' die fonds ingestel kragtens artikel 2 van die Wet op Finansies en Rekenings van die Spoorweë en Hawens, 1977 (Wet No. 48 van 1977); (xivA);

(xxB) 'Spoorweg- en Haweraad' die raad vermeld in artikel 2 van die Spoorwegraadwet, 1962 (Wet No. 73 van 1962); (xvA);

(xxC) 'Staatsinkomstefonds' die fonds vermeld in artikel 98 van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1961 (Wet No. 32 van 1961); (xixA)".

Invoeging van artikel 1A in Wet 70 van 1957.

3. Die volgende artikel word hierby na artikel 1 van die Beheer- en Bestuurwet ingevoeg:

„Spoorweë en Hawens word volgens handelsbeginsels bestuur

1A. (1) Die spoorweë en hawens van die Republiek word volgens handelsbeginsels bestuur met behoorlike inagneming van die ekonomiese belange en totale vervoerbehoeftes van die Republiek.

(2) *(a)* Sover moontlik moet die totale inkomste van die spoorweë en hawens nie meer as een

uniformity of rates; to insert section 2B in the said Act so as to provide for a Revenue Reserve; to insert section 2D in the said Act so as to provide for the making good of deficiencies in the Railway and Harbour Fund; to substitute section 3 of the said Act so as to amend the provisions concerning the use of the Railway and Harbour Account; to amend section 4 (1) of the said Act so as to delete reference to the Republic of South Africa Constitution Act, 1961; and to provide for other incidental matters.

(Afrikaans text signed by the State President.)
(Assented to 16 May 1980.)

BE IT ENACTED by the State President, the Senate and the House of Assembly of the Republic of South Africa, as follows:—

Amendment of section 1 of Act 26 of 1941, as amended by section 2 of Act 6 of 1965, section 2 of Act 85 of 1971 and section 1 of Act 45 of 1974.

1. Section 1 of the Railways and Harbours Pensions Amendment Act, 1941, is hereby amended—

(a) by the substitution for the definition of "Railway Board" of the following definition:

"(xi) 'Railway Board' means the Railways and Harbours Board referred to in section 2 of the Railway Board Act, 1962 (Act No. 73 of 1962); (xvi)"; and

(b) by the substitution for the definition of "revenue" of the following definition:

"(xiii) 'revenue' means the revenue referred to in section 1 of the Railways and Harbours Finances and Accounts Act, 1977 (Act No. 48 of 1977); (vi)".

Amendment of section 1 of Act 70 of 1957, as amended by section 5 of Act 25 of 1959, section 6 of Act 62 of 1961, section 5 of Act 62 of 1962, sections 11 and 44 of Act 6 of 1965, section 2 of Act 24 of 1971, section 2 of Act 44 of 1974, section 1 of Act 8 of 1976, section 1 of Act 69 of 1977 and section 1 of Act 80 of 1979.

2. Section 1 of the Railways and Harbours Control and Management (Consolidation) Act, 1957 (hereinafter called "the Control and Management Act"), is hereby amended—

(a) by the insertion, in subsection (1), after the definition of "Administration's jurisdiction", of the following definition:

"(iiA) 'Auditor-General' means the person appointed as such in terms of section 41 of the Exchequer and Audit Act, 1975 (Act No. 66 of 1975); (ixA)";

(b) by the insertion, in subsection (1), after the definition of "railway", of the following definition:

"(xivA) 'Railway and Harbour Fund' means the fund established in terms of section 2 of the Railways and Harbours Finances and Accounts Act, 1977 (Act No. 48 of 1977); (xxA)";

(c) by the insertion, in subsection (1), after the definition of "railways", of the following definition:

"(xvA) 'Railways and Harbours Board' means the board referred to in section 2 of the Railway Board Act, 1962 (Act No. 73 of 1962); (xxB)"; and

(d) by the insertion, in subsection (1), after the definition of "ship", of the following definition:

"(xixA) 'State Revenue Fund' means the fund referred to in section 98 of the Republic of South Africa Constitution Act, 1961 (Act No. 32 of 1961); (xxC)".

Insertion of section 1A in Act 70 of 1957.

3. The following section is hereby inserted after section 1 of the Control and Management Act:

"Railways and harbours to be administered on business principles.

1A. (1) The railways and harbours of the Republic shall be administered on business principles with due regard to the economic interests and total transport needs of the Republic.

(2) *(a)* So far as may be possible, the total earnings of the railways and harbours shall not be more

as wat nodig is vir die bestryding van die nodige uitgawes aan eksploitasie, kapitaalkoste, en bydraes tot die inkomstereserwe ingestel kragtens artikel 2B van die Wet op Finansies en Rekenings van die Spoorweë en Hawens, 1977 (Wet No. 48 van 1977).

(b) Die bedrag van die rente verskuldig op leningsfondse wat uit die Staatsinkomstefonds vir doeleindes van die spoorweë en hawens bewillig is, word uit die Spoorweg- en Hawefonds in die Staatsinkomstefonds gestort.".

Wysiging van artikel 2 van Wet 70 van 1957, soos gewysig deur artikel 1 van Wet 4 van 1958, artikel 3 van Wet 7 van 1963, artikel 5 van Wet 39 van 1963, artikel 2 van Wet 54 van 1964, artikels 12 en 44 van Wet 6 van 1965, artikel 1 van Wet 60 van 1968, artikel 3 van Wet 32 van 1969, artikel 3 van Wet 24 van 1971, artikel 3 van Wet 44 van 1974, artikel 5 van Wet 46 van 1975, artikel 26 van Wet 48 van 1977, artikel 2 van Wet 69 van 1977 en artikel 2 van Wet 8 van 1979.

4. Artikel 2 van die Beheer- en Bestuurwet word hierby gewysig—

(a) deur subartikel (1) deur die volgende subartikel te vervang:

„(1) om roerende of onroerende goed, met inbegrip van water, skepe, serwitute en ander regte, vir die doeleindes van 'n bedrywigheid wat die Administrasie wettig kan onderneem, te verkry, onteien, neem, huur, koop, eksploiteer, besit, verkoop, af te lewer, oor te dra of andersins wettig van die hand te sit, om sodanige goed vir enige doeleindes te verhuur, en om voordeel daaruit te trek: Met dien verstande dat hierdie bevoegdheid uitgeoefen word ooreenkomstig **[die bepalings van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1961 (Wet No. 32 van 1961), en]** die bepalings van die toepaslike wet (as daar een is) betreffende die onteiening of gebruik van grond of water, en onderworpe aan alle wettig opgelegde verpligtings betreffende sodanige goed;"; en

(b) deur subartikel (17) deur die volgende subartikel te vervang:

„(17) om met inagneming van die bepalings van **[die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1961 (Wet No. 32 van 1961),]** die Wet op Finansies en Rekenings van die Spoorweë en Hawens, 1977 (Wet No. 48 van 1977), of van enige ander wet, die geldsake van die Administrasie te beheer;".

Invoeging van artikel 3A in Wet 70 van 1957.

5. Die volgende artikel word hierby na artikel 3 van die Beheer- en Bestuurwet ingevoeg:

„Bou van spoorweë, hawens en hawewerke.

3A. (1) Behalwe soos anders bepaal word in artikel 2 (6) van hierdie Wet, word geen spoorweg vir die vervoer van openbare verkeer en geen hawe of soortgelyke werk sonder die goedkeuring van die Parlement gebou nie.

(2) Elke voorstel vir die bou van 'n hawe of hawewerke of van 'n spoorlyn word, voordat dit aan die Parlement voorgelê word, deur die Spoorweg- en Haweraad oorweeg, wat daaroor verslag moet doen en advies moet gee of die voorgestelde werke of spoorlyn gebou behoort te word al dan nie.

(3) Indien sodanige werke of spoorlyn in stryd met die advies van die raad gebou word, en as die raad van oordeel is dat die bedryfsinkomste van dié werke of lyn onvoldoende sal wees om die eksploitasie- en kapitaalkoste daarvan te bestry, moet 'n bedrag gelykstaande met die werklike verlies in 'n boekjaar gely, na sertifisering deur die Ouditeur-generaal, jaarliks uit die Staatsinkomstefonds in die Spoorweg- en Hawefonds gestort word.".

Invoeging van artikel 20 in Wet 70 van 1957.

1092 23 May 1980

DESIRABLE PUBLICATIONS OR OBJECTS

committee referred to in section 4 of the Publica- Act, 1974, decided under section 11 (2) of the Act that the undermentioned publications or are undesirable within the meaning of section (2) of the said Act:

No. 1092 23 Mei 1980

ONGEWENSTE PUBLIKASIES OF VOORWERPE

'n Komitee bedoel in artikel 4 van die Wet op Publikasies, 1974, het kragtens artikel 11 (2) van genoemde Wet beslis dat die ondergenoemde publikasies of voorwerpe ongewens is binne die bedoeling van artikel 47 (2) van genoemde Wet:

LIST/LYS P80/29

Entry No. Inskrywing No.	Publication or object Publikasie of voorwerp	Author or producer Skrywer of voortbringer	Section 47 (2) Artikel 47 (2)
50.....	*Made in America*.....	Peter Maas.....	(a)
34.....	*Creative Nude Photography*.....	Peter Zeemeijer.....	(a)
39.....	*Varsity*—Special Report No 1, 29 April 1980....	SRC, University of Cape Town, Rondebosch....	(e)
40.....	*Varsity*—Special Report No 2, 30 April 1980....	SRC, University of Cape Town, Rondebosch....	(e)
41.....	*Varsity*—Special Report No 3, 1 May 1980.....	SRC, University of Cape Town, Rondebosch....	(e)
42.....	*Varsity*—Special Report No 4, 2 May 1980.....	SRC, University of Cape Town, Rondebosch....	(e)
43.....	*Student Action for Non-Racial Education* (*SANE*) "*Students in South Africa* ..." (Pamphlet/Pamflet)	Not stated/Nie vermeld nie.....	(d)+(e)
47.....	*Gutter Education* (Pamphlet/Pamflet).....	Boycott Coordinating Committee.....	(d)+(e)
51.....	*Wits Student*: 100,000 *against the system* (Pamphlet/Pamflet)	SRC, University of the Witwatersrand, Johannesburg	(e)
121.....	*Tell me who I am before I die*.....	Christina Peters with Ted Schwarz.....	(a)
117.....	*Bogmail*.....	Patrick McGinley.....	(a)
41.....	*Desert Captive*.....	Elliot Tokson.....	(a)
93.....	*Review of African Political Economy*—No 14, January–April 1979	Review of African Political Economy, Sheffield, England	(e)
5.....	*Parade*—Vol 1, No 9.....	Top Sellers Ltd, London.....	(a)
48.....	*EMW-Informationen*—No 13, 28.11.79.....	Evangelische Pressestelle für Weltmission, Hamburg	(e)
57.....	*Interviu*—Ano 2, No 75, 20–26 Octubre 1977...	Cincozero, Crupo de Promoción, Barcelona, Madrid	(a)
59.....	*Private National News*—Issue 1.....	Graham Barker, London.....	(a)
60.....	*Whitehouse*—No 19.....	David Reed and Graham Barker, London.....	(a)
62.....	*Hustler*—Vol 6, No 10, April 1980.....	Hustler Magazine Inc., Los Angelos, California	(a)
69.....	*People's Power in Mozambique and Guinea-Bissau*—No 4, September–October 1976	Mozambique and Guine Information Centre, London	(e)
70.....	*People's Power in Mozambique, Angola and Guinea-Bissau*—No 7 & 8 June 1977	Mozambique, Angola and Guine Information Centre, London	(e)
71.....	*People's Power in Mozambique, Angola and Guinea-Bissau*—No 12, Autumn-Winter 1978	Mozambique, Angola and Guine Information Centre, London	(e)
76.....	*Okike*—No 14, September 1978.....	Okike, University of Kent, Canterbury, England	(e)
89.....	*Call for Solidarity, A* (Pamphlet/Pamflet).....	SSD, University of Cape Town, Rondebosch....	(e)

1093 23 May 1980

DESIRABLE PUBLICATIONS OR OBJECTS.—CORRECTIONS

Government Gazette 6939, in Government Notice 3 April 1980, substitute the following entry for P80/3/130:

No. 1093 23 Mei 1980

ONGEWENSTE PUBLIKASIES OF VOORWERPE.—REGSTELLINGS

In *Staatskoerant* 6939, in Goewermentskennisgewing 768 van 3 April 1980, vervang die inskrywing P80/3/130 deur die volgende inskrywing:

Entry No. Inskrywing No.	Publication or object Publikasie of voorwerp	Author or producer Skrywer of voortbringer	Section 47 (2) Artikel 47 (2)
3/130	54 *Models Colour Playing Cards* (Object/Voorwerp)	Unknown/Onbekend.....	(a)

No. 1094 23 May 1980

UNDESIRABLE PUBLICATIONS OR OBJECTS.—CORRECTIONS

In *Government Gazette* 6952, in Government Notice 811 of 11 April 1980, substitute the following entry for entry P80/1/172:

No. 1094 23 Mei 1980

ONGEWENSTE PUBLIKASIES OF VOORWERPE.—REGSTELLINGS

In *Staatskoerant* 6952, in Goewermentskennisgewing 811 van 11 April 1980, vervang die inskrywing P80/1/172 deur die volgende inskrywing:

Entry No. Inskrywing No.	Publication or object Publikasie of voorwerp	Author or producer Skrywer of voortbringer	Section 47 (2) Artikel 47 (2)
P80/1/172.....	*Marxism Opposes Individual Terrorism* (Pamphlet/Pamflet)	Leon Trotsky & Peter Taaffe.....	(e)

No. 1095 23 May 1980

UNDESIRABLE PERIODIC PUBLICATIONS OR OBJECTS

A committee referred to in section 4 of the Publications Act, 1974, which decided in terms of section 11 (2) of the said Act that the undermentioned publications or objects are undesirable within the meaning of section 47 (2) of the said Act, has in terms of section 9 (1) of the said Act declared every subsequent edition of the said publications or objects to be so undesirable:

No. 1095 23 Mei 1980

ONGEWENSTE PERIODIEKE PUBLIKASIES OF VOORWERPE

'n Komitee bedoel in artikel 4 van die Wet op Publikasies, 1974, wat kragtens artikel 11 (2) van genoemde Wet beslis het dat ondergenoemde publikasies of voorwerpe ongewens is binne die bedoeling van artikel 47 (2) van genoemde Wet, het kragtens artikel 9 (1) van genoemde Wet elke latere uitgawe van genoemde publikasies of voorwerpe aldus ongewens verklaar:

Entry No. Inskrywing No.	Publication or object Publikasie of voorwerp	Author or producer Skrywer of voortbringer	Section 47 (2) Artikel 47 (2)
P80/5/35.....	*Parade*—Vol 1, No 9.....	Top Sellers Ltd, London.....	(a)
P80/5/57.....	*Interviu*—Ano 2, No 75, 20 26 Octubre 1977...	Cincozero, Grupo de Promoción, Barcelona, Madrid	(a)
P80/5/59.....	*Private National News*—Issue 1.....	Graham Barker, London.....	(a)
P80/5/60.....	*Whitehouse*—No 19.....	David Reed and Graham Barker, London.....	(a)
P80/5/62.....	*Hustler*—Vol 6, No 10, April 1980.....	Hustler Magazine Inc., Los Angelos, California	(a)

No. 1097 23 May 1980

PUBLICATIONS OR OBJECTS.—REPRESENTATIONS IN RESPECT OF APPEAL

On 16 May 1980 the Directorate of Publications appealed under section 13 of the Publications Act, 1974, against the decision on 15 April 1980 of a committee refered to in section 4 of the said Act, that the undermentioned publication is undesirable within the meaning of section 47 (2) (e) of the said Act:

No. 1097 23 Mei 1980

PUBLIKASIES OF VOORWERPE.—VERTOË TENOPSIGTE VAN APPÈL

Die Direktoraat van Publikasies het op 16 Mei 1980 kragtens artikel 13 van die Wet op Publikasies, 1974, appèl aangeteken teen die beslissing op 15 April 1980 van 'n komitee bedoel in artikel 4 van genoemde Wet dat die ondergenoemde publikasie binne die bedoeling van artikel 47 (2) (e) van genoemde Wet ongewens is:

Entry No. Inskrywing No.	Publication Publikasie	Author or producer Skrywer of voortbringer
P80/3/113.....	*Forced Landing*.....	Edited by Mothobi Mutloatse

No. 1099 23 May 1980

REJECTION OF FILM

The Publications Appeal Board under section 24 of the Publications Act, 1974—

(a) decided that the undermentioned film is undesirable within the meaning of section 47 (2) (a) of the said Act;

(b) rejected the film; and

(c) set aside the conditional approval of the film by a committee referred to in section 4 of the said Act.

No. 1099 23 Mei 1980

AFKEURING VAN ROLPRENT

Die Appèlraad oor Publikasies het kragtens artikel 24 van die Wet op Publikasies, 1974—

(a) beslis dat die ondergenoemde rolprent binne die bedoeling van artikel 47 (2) (a) van genoemde Wet ongewens is;

(b) die rolprent afgekeur; en

(c) die voorwaardelike goedkeuring van die rolprent deur 'n komitee bedoel in artikel 4 van genoemde Wet, ter syde gestel.

Entry No. Inskrywing No.	Film Rolprent	Representer Vertoëmaker
P80/3/31.....	*Come and have coffee with us*.....	CIC-Warner (Pty) Ltd/(Edms.) Bpk.

No. 1098 23 May 1980

PUBLICATIONS ACT, 1974

FILMS

The Publications Appeal Board under section 24 of the Publications Act, 1974, varied the conditional approval of the undermentioned films by a committee referred to in section 4 of the said Act by stipulating—

(a) that the said films shall not be exhibited to children in the age group of two to 18 years; and

(b) that certain excisions be made.

No. 1098 23 Mei 1980

WET OP PUBLIKASIES, 1974

ROLPRENTE

Die Appèlraad oor Publikasies het kragtens artikel 24 van die Wet op Publikasies, 1974, die voorwaardelike goedkeuring van die ondergenoemde rolprente deur 'n komitee bedoel in artikel 4 van genoemde Wet gewysig deur te bepaal—

(a) dat die ondergenoemde rolprente nie aan kinders in die ouderdomsgroep van twee tot 18 jaar vertoon mag word nie; en

(b) dat sekere weglatings aangebring moet word.

Entry No. Inskrywing No.	Film Rolprent	Representer Vertoëmaker
R80/3/21.....	*Carrie* (TV version/-weergawe).....	United Artists Corporation (Pty) Ltd/(Edms.) Bpk.
R80/3/29.....	*Norman is that you ?*.....	C.I.C.-Warner (Pty) Ltd/(Edms.) Bpk.

No. 1096 23 May 1980

PUBLICATIONS ACT, 1974

REPRESENTATIONS UNDER SECTION 24 (2) (b)

On 19 May 1980 the Minister of the Interior under section 24 (1) (b) of the Publications Act, 1974, directed the Publications Appeal Board to reconsider the approval of the undermentioned film by a committee referred to in section 4 of the said Act. The period within which persons referred to in section 24 (2) (b) of the said Act may make representations to the Publications Appeal Board, Private Bag X114, Pretoria, in respect of the said Act is hereby determined as 10 days from the date of this notice.

No. 1096 23 Mei 1980

WET OP PUBLIKASIES, 1974

VERTOË KRAGTENS ARTIKEL 24 (2) (b)

Die Minister van Binnelandse Sake het op 19 Mei 1980 kragtens artikel 24 (1) (b) van die Wet op Publikasies, 1974, die Appèlraad oor Publikasies gelas om die goedkeuring van die ondergenoemde rolprent deur 'n komitee bedoel in artikel 4 van genoemde Wet te heroorweeg. Die tydperk waarin persone bedoel in artikel 24 (2) (b) van die genoemde Wet vertoë tot die Appèlraad oor Publikasies, Privaatsak X114, Pretoria, ten opsigte van genoemde lasgewing kan rig, word hierby bepaal as 10 dae vanaf die datum van hierdie kennisgewing.

Entry No. Inskrywing No.	Film Rolprent	Submitter Voorlegger
R80/1/64.....	*Mad Max*.....	C.I.C.-Warner (Pty) Ltd/(Edms.) Bpk.

CONTENTS

No.		Page No.	Gazette No.
	PROCLAMATION		
91	Rent Control Act (80/1976): Declaration that the provisions of the Rent Control Act, 1976, will apply under certain circumstances to certain dwellings, garages and parking spaces, occupied or used for the first time after the 20th day of October 1949 and before the first day of June 1966	1	7040
	GOVERNMENT NOTICES		
	Interior, Department of the		
	Government Notices		
1092	Publications Act (42/1974): Undesirable publications or objects: List P80/29.....	2	7040
1093	do.: Correction notice.....	2	7040
1094	do.: do.....	3	7040
1095	do.: Undesirable periodic publications....	3	7040
1096	do.: Representations.....	4	7040
1097	do.: do.....	3	7040
1098	do.: Films.....	4	7040
1099	do.: Rejection of film.....	3	7040

INHOUD

No.		Bladsy No.	Staatskoerant No.
	PROKLAMASIE		
91	Wet op Huurbeheer (80/1976): Verklaring dat die bepalings van die Wet op Huurbeheer, 1976, van toepassing is onder sekere omstandighede op sekere wonings, motorhuise of motorstaanplekke wat vir die eerste keer na die 20ste dag van Oktober 1949 en voor die 1ste dag van Junie 1966 gebou, gekoop of gebruik is.....	1	7040
	GOEWERMENTSKENNISGEWINGS		
	Binnelandse Sake, Departement van		
	Goewermentskennisgewings		
1092	Wet op Publikasies (42/1974): Ongewenste publikasies of voorwerpe: Lys P80/29.....	2	7040
1093	do.: Verbeteringskennisgewing.....	2	7040
1094	do.: do.....	3	7040
1095	do.: Ongewenste periodieke publikasies...	3	7040
1096	do.: Vertoë.....	4	7040
1097	do.: do.....	3	7040
1098	do.: Rolprente.....	4	7040
1099	do.: Afkeuring van rolprent.....	3	7040

Printed by and obtainable from the Government Printer, Bosman Street, Private Bag X85, Pretoria, 0001

Gedruk deur en verkrygbaar by die Staatsdrukker, Bosmanstraat, Privaatsak X85, Pretoria, 0001

7040—1

7041
University of Fort Hare
Together in Excellence

REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

GOVERNMENT GAZETTE

STAATSKOERANT

VAN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

PRICE + 1c GST 20c PRYS + 1c AVB

Registered at the Post Office as a Newspaper ABROAD 30c BUITELANDS *As 'n Nuusblad by die Poskantoor Geregistreer*

POST FREE · POSVRY

Vol. 179] PRETORIA, 30 MAY MEI 1980 [No. 7041

PROCLAMATIONS

by the State President of the Republic of South Africa

No. 92, 1980

COMMISSION OF INQUIRY INTO MALPRACTICES RELATING TO THE AVOIDANCE AND EVASION OF THE REPUBLIC'S EXCHANGE CONTROL MEASURES

I hereby repeal—

(a) the Proclamation whereby the provisions of the Commissions Act, 1947 (Act 8 of 1947), have been applied to the Commission of Inquiry into Malpractices relating to the Avoidance and Evasion of the Republic's Exchange Control Measures and promulgated under Notice R. 297 in the *Government Gazette*, dated 7 November 1978; and

(b) the regulations made under section 1 of that Act with reference to the said Commission and published under Proclamation R. 297 of 7 November 1978 as amended by Proclamation R. 327 of 30 November 1978.

Given under my Hand and the Seal of the Republic of South Africa at Pretoria this Fifth day of May, One thousand Nine hundred and Eighty.

M. VILJOEN, State President.

By Order of the State President-in-Council:

O. P. F. HORWOOD.

No. 94, 1980

MATTER ENTRUSTED TO THE PROVINCE OF THE TRANSVAAL IN TERMS OF SECTION 11 OF THE FINANCIAL RELATIONS ACT, 1976 (ACT 65 OF 1976), AS AMENDED

Notice is hereby given under section 11 (2) of the Financial Relations Act, 1976 (Act 65 of 1976), that the matter referred to in item 2A of Schedule 2 of the

PROKLAMASIES

van die Staatspresident van die Republiek van Suid-Afrika

No. 92, 1980

KOMMISSIE VAN ONDERSOEK NA WANPRAKTYKE WAT DIE OMSEILING EN ONTDUIKING VAN DIE REPUBLIEK SE DEVIESEBEHEERMAATREËLS BEHELS

Hierby herroep ek—

(a) die Proklamasie waarby die bepalings van die Kommissiewet, 1947 (Wet 8 van 1947), van toepassing verklaar is op die Kommissie van Ondersoek na Wanpraktyke wat die Omseiling en Ontduiking van die Republiek se Deviesebeheermaatreëls behels en afgekondig in die *Staatskoerant* onder Kennisgewing R. 297 van 7 November 1978; en

(b) die regulasies uitgevaardig kragtens artikel 1 van genoemde Wet met betrekking tot genoemde Kommissie en afgekondig onder Proklamasie R. 297 van 7 November 1978 soos gewysig by Proklamasie R. 327 van 30 November 1978.

Gegee onder my Hand en die Seël van die Republiek van Suid-Afrika te Pretoria, op hede die Vyfde dag van Mei Eenduisend Negehonderd-en-tagtig.

M. VILJOEN, Staatspresident.

Op las van die Staatspresident-in-rade:

O. P. F. HORWOOD.

No. 94, 1980

AANGELEENTHEID AAN DIE PROVINSIE TRANSVAAL OPGEDRA INGEVOLGE ARTIKEL 11 VAN DIE WET OP FINANSIËLE VERHOUDINGS, 1976 (WET 65 VAN 1976), SOOS GEWYSIG

Kragtens artikel 11 (2) van die Wet op Finansiële Verhoudings, 1976 (Wet 65 van 1976), word hierby kennis gegee dat die aangeleentheid genoem in item 2A

aformentioned Act has been entrusted to the Province of the Transvaal with effect from the date of publication hereof.

Given under my Hand and the Seal of the Republic of South Africa at Pretoria this Twenty-third day of May, One thousand Nine hundred and Eighty.

M. VILJOEN, State President.

By Order of the State President-in-Council:

A. L. SCHLEBUSCH.

GOVERNMENT NOTICES

DEPARTMENT OF COMMERCE AND CONSUMER AFFAIRS

No. 1118 30 May 1980

TRANSFER OF CERTAIN POWERS, DUTIES AND FUNCTIONS CONFERRED UPON THE MINISTER OF JUSTICE TO THE MINISTER OF INDUSTRIES AND OF COMMERCE AND CONSUMER AFFAIRS

It is hereby notified that the State President has been pleased, under the powers vested in him by subsection (4) of section 10 of the Interpretation Act, 1957 (Act 33 of 1957), to approved that the powers conferred and duties imposed on, and the functions entrusted to the Minister of Justice in terms of the undermentioned act (and any other legal prescripts relating to his responsibility for the administration of the liquor-function) be assigned to the Minister of Industries and of Commerce and Consumer Affairs with effect from 1 June 1980:

The Liquor Act, 1977 (Act 87 of 1977).

20 May 1980.

DEPARTMENT OF COMMUNITY DEVELOPMENT

No. 1073 30 May 1980

CORRECTION NOTICE

It is hereby notified that the section of the Act referred to in the second paragraph of Government Notice 804, dated 18 April 1980 should be amended to 15 (5) (a).

No. 1100 30 May 1980

INTERPRETATION ACT, 1957

ASSIGNATION OF CERTAIN POWERS OF THE MINISTER OF AGRICULTURE AND FISHERIES AND THE MINISTER OF JUSTICE TO THE MINISTER OF COMMUNITY DEVELOPMENT

It is hereby notified that the State President has been pleased, with effect from 1 June 1980, to—

(a) assign to the Minister of Community Development the powers conferred, duties imposed on and functions entrusted to the Minister of Agriculture and Fisheries, in terms of the following Acts and provisions of Acts:

(1) Sundays River Settlements Administration Act, 1925 (Act 15 of 1925);

(2) Relief Settlements Act, 1926 (Act 6 of 1926);

van Bylae 2 by die voormelde Wet met ingang van die datum van publikasie hiervan aan die provinsie Transvaal opgedra is.

Gegee onder my Hand en die Seël van die Republiek van Suid-Afrika te Pretoria, op hede die Drie-en-twintigste dag van Mei Eenduisend Negehonderd-en-tagtig.

M. VILJOEN, Staatspresident.

Op las van die Staatspresident-in-rade:

A. L. SCHLEBUSCH.

GOEWERMENTSKENNISGEWINGS

DEPARTEMENT VAN HANDEL EN VERBRUIKERSAKE

No. 1118 30 Mei 1980

OORDRAG VAN BEPAALDE BEVOEGDHEDE, PLIGTE EN FUNKSIES VAN DIE MINISTER VAN JUSTISIE AAN DIE MINISTER VAN NYWERHEIDSWESE EN VAN HANDEL EN VERBRUIKERSAKE

Hierby word bekendgemaak dat dit die Staatspresident behaag het om, kragtens die bevoegdhede hom verleen by subartikel (4) van artikel 10 van die Interpretasiewet, 1957 (Wet 33 van 1957), sy goedkeuring daaraan te heg dat die bevoegdhede verleen, pligte opgelê en funksies toevertrou aan die Minister van Justisie ingevolge ondergenoemde wet (en enige ander wetsvoorskrifte wat verband hou met sy verantwoordelikheid vir die administrasie van die drank-funksie) met ingang van 1 Junie 1980 aan die Minister van Nywerheidswese en van Handel en Verbruikersake opgedra word:

Die Drankwet, 1977 (Wet 87 van 1977).

20 Mei 1980.

DEPARTEMENT VAN GEMEENSKAPSBOU

No. 1073 30 Mei 1980

VERBETERINGSKENNISGEWING

Dit word hierby bekendgemaak dat die artikel van die Wet waarna in die tweede paragraaf van Goewermentskennisgewing 804 van 18 April 1980 verwys word, gewysig moet word na 15 (5) (a).

No. 1100 30 Mei 1980

INTERPRETASIEWET, 1957

OORDRAG VAN BEPAALDE BEVOEGDHEDE VAN DIE MINISTER VAN LANDBOU EN VISSERYE EN VAN DIE MINISTER VAN JUSTISIE AAN DIE MINISTER VAN GEMEENSKAPSBOU

Hierby word bekendgemaak dat dit die Staatspresident behaag het om met ingang van 1 Junie 1980—

(a) die bevoegdhede verleen, pligte opgelê en funksies toevertrou aan die Minister van Landbou en Visserye ingevolge die volgende Wette en bepalings van Wette, aan die Minister van Gemeenskapsbou op te dra:

(1) Zondagsrivier Nederzetting Beheer Wet, 1925 (Wet 15 van 1925);

(2) Onderstands-Nedersettings-Wet, 1926 (Wet 6 van 1926);

(3) Winterton Irrigation Settlement (Local Board of Management) Act, 1926 (Act 16 of 1926);

(4) Carnarvon Outer Commonage Subdivision Act, 1926 (Act 17 of 1926);

(5) Land Survey Act, 1927 (Act 9 of 1927);

(6) Marburg Immigration Settlement (Local Board of Mangement) Act, 1927 (Act 43 of 1927);

(7) Van Wyk's Vlei Settlement (Local Board of Management) Act, 1929 (Act 10 of 1929);

(8) Ohrigstad Settlement Act, 1933 (Act 6 of 1933);

(9) Sea-shore Act, 1935 (Act 21 of 1935);

(10) Kopjes Irrigation Settlement Act, 1935 (Act 38 of 1935);

(11) Vyfhoek Management Act, 1935 (Act 39 of 1935);

(12) section 13 of the Development Trust and Land Act, 1936 (Act 18 of 1936);

(13) Cape Outspans Act, 1937 (Act 17 of 1937);

(14) Mapochs Gronden Amendment Act, 1937 (Act 19 of 1937);

(15) Unbeneficial Occupation of Farms Act, 1937 (Act 29 of 1937);

(16) Cannon Island Settlement Management Act, 1939 (Act 15 of 1939);

(17) Unbeneficial Occupation of Farms Amendment Act, 1939 (Act 35 of 1939);

(18) Klipdrift Settlement Act, 1947 (Act 23 of 1947);

(19) Spanskop Settlement Act, 1947 (Act 24 of 1947);

(20) Land Surveyors' Registration Act, 1950 (Act 14 of 1950);

(21) Cape Town Foreshore Act, 1950 (Act 26 of 1950);

(22) sections 22 and 78 of the Land Settlement Act, 1956 (Act 21 of 1956);

(23) Kimberley Leasehold Conversion to Freehold Act, 1961 (Act 40 of 1961);

(24) State Land Disposal Act, 1961 (Act 48 of 1961);

(25) Expropriation Act, 1965 (Act 55 of 1965);

(26) Land Tenure Act, 1966 (Act 32 of 1966), excluding section 6;

(27) section 13A of the Atomic Energy Act, 1967 (Act 90 of 1967);

(28) section 37 of the University of Fort Hare Act, 1969 (Act 40 of 1969);

(29) section 37 of the University of Zululand Act, 1969 (Act 43 of 1969);

(30) section 37 of the University of the North Act, 1969 (Act 47 of 1969);

(31) section 37 of the University of Durban-Westville Act, 1969 (Act 49 of 1969);

(32) section 37 of the University of the Western Cape Act, 1969 (Act 50 of 1969);

(33) section 18 of the Soil Conservation Act, 1969 (Act 76 of 1969);

(34) Paarl Mountain Act, 1970 (Act 83 of 1970);

(35) Marburg Immigration Settlement Regulation Act, 1971 (Act 50 of 1971);

(36) Land Titles (Division of George) Adjustment Act, 1972 (Act 34 of 1972);

(37) sections 34 of the General Law Amendment Act, 1972 (Act 102 of 1972);

(3) Wet op die Plaaslike Bestuursraad van die Winterton Besproeiingsnedersetting, 1926 (Wet 16 van 1926);

(4) Carnarvonse Buite-Dorpsveld Verdelingswet, 1926 (Wet 17 van 1926);

(5) Opmetingswet, 1927 (Wet 9 van 1927);

(6) Plaaslike Bestuursraad van die Immigrante-Nedersetting Marburg Wet, 1927 (Wet 43 van 1927);

(7) Vanwyksvlei Nedersetting (Plaaslike Bestuursraad) Wet, 1929 (Wet 10 van 1929);

(8) Ohrighstad-Nedersettingswet, 1933 (Wet 6 van 1933);

(9) Strandwet, 1935 (Wet 21 van 1935);

(10) Kopjes Besproeiingsnedersetting Wet, 1935 (Wet 38 van 1935);

(11) Vyfhoek Bestuurswet, 1935 (Wet 39 van 1935);

(12) artikel 13 van die Ontwikkelingstrust en Grond Wet, 1936 (Wet 18 van 1936);

(13) Wet op Kaapse Uitspannings, 1937 (Wet 17 van van 1937);

(14) Mapochsgronde-wysigingswet, 1937 (Wet 19 1937);

(15) Wet op Onvoordelige Okkupasie van Plase, 1937 (Wet 29 van 1937);

(16) Kanoneiland-nedersettingsbestuurswet, 1939 (Wet 15 van 1939);

(17) Wysigingswet op Onvoordelige Okkupasie van Plase, 1939 (Wet 35 van 1939);

(18) Wet op die Klipdrift-nedersetting, 1947 (Wet 23 van 1947);

(19) Wet op die Skanskop-nedersetting, 1947 (Wet 24 van 1947);

(20) Landmetersregistrasiewet, 1950 (Wet 14 van 1950);

(21) Wet op die Strandgebied, Kaapstad, 1950 (Wet 26 van 1950);

(22) artikels 22 en 78 van die Nedersettingswet, 1956 (Wet 21 van 1956);

(23) Wet op Omsetting van Huurbesit te Kimberley in Eiendom, 1961 (Wet 40 van 1961);

(24) Wet op die Beskikking oor Staatsgrond, 1961 (Wet 48 van 1961);

(25) Onteieningswet, 1965 (Wet 55 van 1965);

(26) Wet op Grondbesit, 1966 (Wet 32 van 1966), met uitsluiting van artikel 6;

(27) artikel 13A van die Wet op Atoomkrag, 1967 (Wet 90 van 1967);

(28) artikel 37 van die Wet op die Universiteit van Fort Hare, 1969 (Wet 40 van 1969);

(29) artikel 37 van die Wet op die Universiteit van Zoeloeland, 1969 (Wet 43 van 1969);

(30) artikel 37 van die Wet op die Universiteit van die Noorde, 1969 (Wet 47 van 1969);

(31) artikel 37 van die Wet op die Universiteit van Durban-Westville, 1969 (Wet 49 van 1969);

(32) artikel 37 van die Wet op die Universiteit van Wes-Kaapland, 1969 (Wet 50 van 1969);

(33) artikel 18 van die Grondbewaringswet, 1969 (Wet 76 van 1969);

(34) Paarlbergwet, 1970 (Wet 83 van 1970);

(35) Reëlingswet op die Immigrante-nedersetting Marburg, 1971 (Wet 50 van 1971);

(36) Wet op Reëling van Grondtitels (Afdeling George), 1972 (Wet 34 van 1972);

(37) artikel 34 van die Algemene Regswysigingswet, 1972 (Wet 102 van 1972);

University of Fort Hare
Together in Excellence

(38) Land Titles (Division of Oudtshoorn) Adjustment Act, 1973 (Act 32 of 1973);

(39) section 11 (1) (b), 16 and 17 of the Lake Areas Development Act, 1975 (Act 39 of 1975);

(40) Expropriation Act, 1975 (63 of 1975);

(41) sections 59, 60 (2) and 61 he Abattoir Industry Act, 1976 (Act 54 of 1976);

(42) section 3 of the National Parks Act, 1976 (Act 57 of 1976);

(43) Common Pasture Management Act, 1977 (Act 82 of 1977);

(44) section 4 of the Finance Act, 1978 (Act 94 of 1978); nd

(45) Land Titles Adjustment Act, 1979 (Act 68 of 1979); and

(b) assign to the Minister of Community Development the powers conferred, duties imposed on and functions entrusted to the Minister of Justice in terms of the following Acts:

(1) Deeds Registries Act, 1937 (Act 47 of 1937);

(2) Sectional Titles Act, 1971 (Act 66 of 1971).

No. 1105 30 May 1980

RENT CONTROL ACT, 1976

DISSOLUTION OF RENT BOARD

Under the powers vested in me by section 2 (2) of the Rent Control Act, 1976 (Act 80 of 1976), I, Stephanus Francois Kotzé, Deputy Minister of Community Development, hereby declare that the Rent Board of Standerton was dissolved with effect from 1 February 1980.

S. F. KOTZÉ, Deputy Minister of Community Development.

No. 1107 30 May 1980

It is hereby notified that the State President has been pleased, with effect from 1 June 1980, to direct, in terms of the powers conferred on him by section 1 of the Regulation of Functions of Officers in the Public Service Act, 1980 (Act 19 of 1980)—

(a) that the powers, duties or functions conferred or imposed upon or assigned to the Director-General of Surveys in terms of the Land Survey Act, 1927 (Act 9 of 1927), and any other acts and legal provisions relating to his responsibility for the administration of the surveying function, shall be conferred or imposed upon or assigned to an officer designated the Chief Director: Surveys; and

(b) that the following Act and legal provisions be adjusted by replacing the official designation Director-General of Surveys wherever it appears therein by the official designation Chief Director: Surveys, namely:

(i) The Land Survey Act, 1927 (Act 9 of 1927);

(ii) section 11 of the Land Surveyors' Registration Act, 1950 (Act 14 of 1950); and

(iii) section 16*bis* of the Universities Act, 1955 (Act 61 of 1955).

(38) Wet op Reëling van Grondtitels (Afdeling Oudtshoorn), 1973 (Wet 32 van 1973);

(39) artikels 11 (1) (b), 16 en 17 van die Meergebiede-ontwikkelingswet, 1975 (Wet 39 van 1975);

(40) Onteieningswet, 1975 (Wet 63 van 1975);

(41) artikels 59, 60 (2) en 61 van die Wet op die Abattoirbedryf, 1976 (Wet 54 van 1976);

(42) artikel 3 van die Wet op Nasionale Parke, 1976 (Wet 57 van 1976);

(43) Wet op die Beheer van Gemeenskaplike Weiveld, 1977 (Wet 82 van 1977);

(44) artikel 4 van die Finansiewet, 1978 (Wet 94 van 1978; en

(45) Wet op Reëling van Grondtitels, 1979 (Wet 68 van 1979); en

(b) die bevoegdhede verleen, pligte opgelê en funksies toevertrou aan die Minister van Justisie ingevolge die volgende Wette aan die Minister van Gemeenskapsbou op te dra:

(1) Registrasie van Aktes Wet, 1937 (Wet 47 van 1937); en

(2) Wet op Deeltitels, 1971 (Wet 66 van 1971).

No. 1105 30 Mei 1980

WET OP HUURBEHEER, 1976

ALGEHELE ONTBINDING VAN HUURRAAD

Kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel 2 (2) van die Wet op Huurbeheer, 1976 (Wet 80 van 1976), verklaar ek, Stephanus Francois Kotzé, Adjunkminister van Gemeenskapsbou, hiermee dat die Huurraad van Standerton vanaf 1 Februarie 1980 ontbind is.

S. F. KOTZÉ, Adjunk-minister van Gemeenskapsbou.

No. 1107 30 Mei 1980

Hierby word bekendgemaak dat dit die Staatspresident behaag het om kragtens die bevoegdheid hom verleen by artikel 1 van die Wet op die Reëling van Werksaamhede van Beamptes in die Staatsdiens, 1980 (Wet 19 van 1980), met ingang van 1 Junie 1980—

(a) te bepaal dat die bevoegdhede, pligte of funksies verleen, opgelê of toevertrou aan die Direkteur-generaal van opmetings ingevolge die Opmetingswet, 1927 (Wet 9 van 1927), en enige ander wette en wetsbepalings wat verband hou met sy verantwoordelikheid vir die administrasie van die opmetingsfunksie, aan 'n beampte in die Staatsdiens met die ampsbenaming Hoofdirekteur: Opmetings verleen, opgelê of toevertrou word; en

(b) die volgende Wet en wetsbepalings aan te pas deur die ampsbenaming Direkteur-generaal van Opmetings oral waar dit daarin voorkom, deur die ampsbenaming Hoofdirekteur: Opmetings te vervang, naamlik:

(i) Die Opmetingswet, 1927 (Wet 9 van 1927);

(ii) artikel 11 van die Landmetersregistrasiewet, 1950 (Wet 14 van 1950); en

(iii) artikel 16*bis* van die Wet op Universiteite, 1955 (Wet 61 van 1955).

University of Fort Hare Together in Excellence

DEPARTMENT OF CO-OPERATION AND DEVELOPMENT

No. 1102 30 May 1980

EXTENSION OF LEGISLATIVE POWERS OF LEGISLATIVE ASSEMBLIES

Under and by virtue of the powers vested in me by section 37A (2) of the Black States Constitution Act, 1971 (Act 21 of 1971), I, Pieter Gerhardus Jacobus Koornhof, Minister of Co-operation and Development, hereby determine that the provisions of items 2, 5, 21A, 21B, 28, 31K, 31P, 31R, 31S and 31T of Schedule 1 to the Black States Constitution Act, 1971 (Act 21 of 1971), as amended by Proclamation R. 150 of 1979, shall come into operation on the date of promulgation hereof in the area in respect of which the KwaNdebele Legislative Assembly was established by Proclamation R. 205 of 14 September 1979.

P. G. J. KOORNHOF, Minister of Co-operation and Development.

DEPARTEMENT VAN SAMEWERKING EN ONTWIKKELING

No. 1102 30 Mei 1980

UITBREIDING VAN WETGEWENDE BEVOEGDHEDE VAN WETGEWENDE VERGADERINGS

Kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel 37A (2) van die Grondwet van die Swart State, 1971 (Wet 21 van 1971), bepaal ek, Pieter Gerhardus Jacobus Koornhof, Minister van Samewerking en Ontwikkeling, hierby dat die bepalings van items 2, 5, 21A, 21B, 28, 31K, 31P, 31R, 31S en 31T van Bylae 1 van die Grondwet van die Swart State, 1971 (Wet 21 van 1971), soos gewysig by Proklamasie R. 150 van 1979, op die datum van afkondiging hiervan in werking tree in die gebied ten opsigte waarvan die KwaNdebele Wetgewende Vergadering by Proklamasie R. 205 van 14 September 1979 ingestel is.

P. G. J. KOORNHOF, Minister van Samewerking en Ontwikkeling.

DEPARTMENT OF FINANCE

No. 1103 30 May 1980

Notice is hereby given that the transfer books of the undermentioned local/internal registered stock will be closed from 15 June 1980, to 15 July 1980, both days inclusive, and that the interest due on 15 July 1980, will be paid to the stockholders registered at the date of closing of the transfer books:

6½ Per Cent Local Registered Stock, 1993.
Internal Registered Stock, 8¾ Per Cent, 1980.

DEPARTEMENT VAN FINANSIES

No. 1103 30 Mei 1980

Hiermee word bekendgemaak dat die oordragboeke van die ondergenoemde plaaslike/binnelandse geregistreerde effekte van 15 Junie 1980 tot en met 15 Julie 1980 gesluit sal wees en dat die rente betaalbaar op 15 Julie 1980 aan die effektebesitters wat op die datum van sluiting van die oordragboeke geregistreer is, betaal sal word:

6½ Persent Plaaslike Geregistreerde Effekte, 1993.
Binnelandse Geregistreerde Effekte, 8¾ Persent, 1980.

No. 1108 30 May 1980

COMMISSION OF INQUIRY INTO MALPRACTICES RELATING TO THE AVOIDANCE AND EVASION OF THE REPUBLIC'S EXCHANGE CONTROL MEASURES

It is hereby notified for general information that the State President has been pleased to issue the following notice:

NOTICE

BY THE STATE PRESIDENT OF THE REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

To:

MISTER HENDRIK JOHANNES DOUW VAN DER WALT, M.P. (CHAIRMAN).
THE HONOURABLE JAN CHRISTOFFEL GREYLING BOTHA, ADMINISTRATOR OF NATAL.
DOCTOR ZACHARIAS JOHANNES DE BEER, M.P.
MISTER KENT DIEDERICH DURR, M.P.
MISTER GERT JEREMIAS KOTZÉ, M.P.
ADVOCATE THOMAS LANGLEY, M.P.
MISTER HARRY HEINZ SCHWARZ, M.P.
MISTER WILLIAM MORRIS SUTTON, M.P.
DOCTOR LOUIS VAN DER WATT, M.P.
DOCTOR DENIS JOHN WORRALL, M.P.
THE HONOURABLE JAN ANTONIE VAN TONDER, COMMISSIONER-GENERAL OF THE SOUTH NDEBELE NATIONAL UNIT.
MISTER THEODORE ARONSON, M.P.

No. 1108 30 Mei 1980

KOMMISSIE VAN ONDERSOEK NA WANPRAKTYKE WAT DIE OMSEILING EN ONTDUIKING VAN DIE REPUBLIEK SE DEVIESEBEHEERMAATREËLS BEHELS

Hierby word vir algemene inligting bekendgemaak dat dit die Staatspresident behaag het om die volgende kennisgewing uit te vaardig:

KENNISGEWING

VAN DIE STAATSPRESIDENT VAN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

Aan:

MENEER HENDRIK JOHANNES DOUW VAN DER WALT, L.V. (VOORSITTER).
SY EDELE JAN CHRISTOFFEL GREYLING BOTHA, ADMINISTRATEUR VAN NATAL.
DOKTER ZACHARIAS JOHANNES DE BEER, L.V.
MENEER KENT DIEDERICH DURR, L.V.
MENEER GERT JEREMIAS KOTZÉ, L.V.
ADVOKAAT THOMAS LANGLEY, L.V.
MENEER HARRY HEINZ SCHWARZ, L.V.
MENEER WILLIAM MORRIS SUTTON, L.V.
DOKTOR LOUIS VAN DER WATT, L.V.
DOKTOR DENIS JOHN WORRALL, L.V.
SY EDELE JAN ANTONIE VAN TONDER, KOMMISSARIS-GENERAAL VAN DIE SUID NDEBELE-VOLKSEENHEID.
MENEER THEODORE ARONSON, L.V.

Greetings!

Whereas I deemed it expedient to appoint a Commission to inquire into and make recommendations on—

(a) malpractices relating to the avoidance and evasion of the Republic's exchange control measures;
(b) methods of combating such malpractices; and
(c) any exchange control, taxation and other implications which may result from the investigations referred to in (a) and (b);

And whereas I authorised and appointed you,

MISTER HENDRIK JOHANNES DOUW VAN DER WALT, M.P. (CHAIRMAN);
THE HONOURABLE JAN CHRISTOFFEL GREYLING BOTHA, ADMINISTRATOR OF NATAL;
DOCTOR ZACHARIAS JOHANNES DE BEER, M.P.;
MISTER KENT DIEDERICH DURR, M.P.;
MISTER GERT JEREMIAS KOTZÉ, M.P.;
ADVOCATE THOMAS LANGLEY, M.P.;
MISTER HARRY HEINZ SCHWARZ, M.P.;
MISTER WILLIAM MORRIS SUTTON, M.P.;
DOCTOR LOUIS VAN DER WATT, M.P.;
DOCTOR DENIS JOHN WORRALL, M.P.;
THE HONOURABLE JAN ANTONIE VAN TONDER, COMMISSIONER-GENERAL OF THE SOUTH NDEBELE NATIONAL UNIT;

as Chairman and members of the said Commission for that purpose under my Hand and the Seal of the Republic of South Africa at Pretoria on the Seventh day of November One thousand Nine hundred and Seventy-eight and you,

MISTER THEODORE ARONSON, M.P.,

as member of the said Commission under my Hand and the Seal of the Republic of South Africa at Cape Town on the Twenty-ninth day of March One thousand Nine hundred and Seventy-nine;

And whereas I deem it expedient that you cease your inquiry with reference to the above-mentioned matters;

Now, therefore, I hereby rescind my Commission of the above-mentioned dates to you and direct that you deliver forthwith all written representations, evidence (transcribed or otherwise), minutes, exhibits and other documents to the Secretary to the Treasury or person authorised thereto by him.

Given under my Hand and the Seal of the Republic of South Africa at Pretoria this Fifth day of May, One thousand Nine hundred and Eighty.

M. VILJOEN, State President.

By Order of the State President-in-Council:

O. P. F. HORWOOD.

Saluut!

Nademaal ek dit dienstig geag het om 'n Kommissie te benoem om ondersoek in te stel na en aanbevelings te doen oor—

(a) wanpraktyke wat die omseiling en ontduiking van die Republiek se deviesebeheermaatreëls behels;
(b) metodes om sodanige wanpraktyke te bekamp;
(c) enige deviesebeheer-, belasting- en ander implikasies wat mag voortspruit uit die ondersoeke waarna in (a) en (b) verwys word;

En nademaal ek u,

MENEER HENDRIK JOHANNES DOUW VAN DER WALT, L.V. (VOORSITTER);
SY EDELE JAN CHRISTOFFEL GREYLING BOTHA, ADMINISTRATEUR VAN NATAL;
DOKTER ZACHARIAS JOHANNES DE BEER, L.V.;
MENEER KENT DIEDERICH DURR, L.V.;
MENEER GERT JEREMIAS KOTZÉ, L.V.;
ADVOKAAT THOMAS LANGLEY, L.V.;
MENEER HARRY HEINZ SCHWARZ, L.V.;
MENEER WILLIAM MORRIS SUTTON, L.V.;
DOKTOR LOUIS VAN DER WATT, L.V.;
DOKTOR DENIS JOHN WORRALL, L.V.;
SY EDELE JAN ANTONIE VAN TONDER, KOMMISSARIS-GENERAAL VAN DIE SUID NDEBELE-VOLKSEENHEID;

onder my Hand en die Seël van die Republiek van Suid-Afrika gegee te Pretoria op die Sewende dag van November Eenduisend Negehonderd Agt-en-sewentig, en u,

MENEER THEODORE ARONSON, L.V.,

onder my Hand en die Seël van die Republiek van Suid-Afrika gegee te Kaapstad op die Nege-en-twintigste dag van Maart Eenduisend Negehonderd Nege-en-sewentig gemagtig en benoem het om as Voorsitter en lede van genoemde Kommissie vir daardie doel op te tree;

En nademaal ek dit dienstig ag dat u u ondersoek na bogenoemde aangeleenthede staak;

So is dit dat ek my Opdrag van bogenoemde datums aan u hierby intrek en gelas dat u onverwyld alle skriftelike vertoë, getuienis (getranskribeer al dan nie), oorkondes, bewysstukke en ander stukke van die Kommissie oorhandig aan die Sekretaris van die Tesourie of sy gevolmagtigde.

Gegee onder my Hand en die Seël van die Republiek van Suid-Afrika te Pretoria, op hede die Vyfde dag van Mei Eenduisend Negehonderd-en-tagtig.

M. VILJOEN, Staatspresident.

Op las van die Staatspresident-in-rade:

O. P. F. HORWOOD.

DEPARTMENT OF FOREIGN AFFAIRS AND INFORMATION

No. 1109 30 May 1980

RECOGNITION AS CONSUL-GENERAL

It is hereby notified that, with effect from 20 September 1979, recognition has been granted to Mr Alan Logan as Consul-General of the United States of America in Durban with the Province of Natal as his area of jurisdiction. Mr Logan is the successor to Mr James P. Farber.

[72/33/4 (32)]

DEPARTEMENT VAN BUITELANDSE SAKE EN INLIGTING

No. 1109 30 Mei 1980

ERKENNING AS KONSUL-GENERAAL

Hierby word bekendgemaak dat aan mnr. Alan Logan met ingang van 20 September 1979 erkenning verleen is as Konsul-generaal van die Verenigde State van Amerika in Durban met die provinsie Natal as sy regsgebied. Mnr. Logan is die opvolger van mnr. James P. Farber.

[72/33/4 (32)]

University of Fort Hare
Together in Excellence

No. 1110 30 May 1980

RECOGNITION AS HONORARY CONSULAR AGENT

It is hereby notified that, with effect from 1 May 1980, recognition has been granted to Mr David Gordon Panton as Honorary Consular Agent of France in Walvis Bay, with Walvis Bay as his area of jurisdiction. Mr Panton is the successor to Mr F. W. K. P. Albrecht.

[72/30/7 (30)]

No. 1111 30 May 1980

ESTABLISHMENT OF A CONSULATE-GENERAL OF THE REPUBLIC OF VENDA AND THE APPOINTMENT OF A CONSUL-GENERAL

It is hereby notified that, with effect from 1 October 1979, a Consulate-General of the Republic of Venda has been established in Johannesburg and recognition has been granted to Mr Alfred Wilfred Khangale as Consul-General, with the Republic of South Africa as his area of jurisdiction, in anticipation of the receipt of his Commission of Appointment.

[72/237/1 (32)]

DEPARTMENT OF INDUSTRIES

No. 1106 30 May 1980

IMPROVEMENT NOTICE.—LEVY ON COAL SOLD OR USED FOR INDUSTRIAL PURPOSES—FUEL RESEARCH INSTITUTE AND COAL ACT, 1963

The following correction to Government Notice 43 as published in *Government Gazette* 6800 of 4 January 1980 is hereby made known for general information:

(a) In the English Text:

Substitute the calendar year 1978 with the calendar year 1979.

DEPARTMENT OF THE INTERIOR

No. 1066 30 May 1980

ALIENS ACT, 1937

CHANGE OF SURNAME.—ISMAIL TO OMAR

The State President has been pleased, under the provisions of section 9 of the Aliens Act, 1937 (Act 1 of 1937), to authorise Dawood Ismail, his wife Janap, born Peters and his child Salim Omar, residing at 87 Ashburton Road, Riverlea, Johannesburg, to assume the surname of Omar.

No. 1067 30 May 1980

ALIENS ACT, 1937

CHANGE OF SURNAME.—FLECK TO FLACKS

The State President has been pleased, under the provisions of section 9 of the Aliens Act, 1937 (Act 1 of 1937), to authorise Mogamat Yusuf Fleck, his wife Amina, born Dollie and his children Sharien Flacks, Ebrahim Flacks, Shaid Flacks, Hisharm Flacks and Fayrouz Flacks, residing at 75 Parkdene Street, Ravensmead, to assume the surname of Flacks.

No. 1110 30 Mei 1980

ERKENNING AS EREKONSULÊRE AGENT

Hierby word bekendgemaak dat aan mnr. David Gordon Panton met ingang van 1 Mei 1980 erkenning verleen is as Erekonsulêre Agent van Frankryk in Walvisbaai met Walvisbaai as sy regsgebied. Mnr. Panton is die opvolger van mnr. F. W. K. P. Albrecht.

[72/30/7 (30)]

No. 1111 30 Mei 1980

STIGTING VAN 'N KONSULAAT-GENERAAL VAN DIE REPUBLIEK VAN VENDA EN DIE AANSTELLING VAN 'N KONSUL-GENERAAL

Hierby word bekendgemaak dat 'n Konsulaat-generaal van die Republiek van Venda met ingang van 1 Oktober 1979 in Johannesburg gestig is en dat aan mnr. Alfred Wilfred Khangale erkenning verleen is as Konsul-generaal met die Republiek van Suid-Afrika as sy regsgebied, in afwagting van die ontvangs van sy Benoemingsbrief.

[72/237/1 (32)]

DEPARTEMENT VAN NYWERHEIDSWESE

No. 1106 30 Mei 1980

VERBETERINGSKENNISGEWING. — HEFFING OP STEENKOOL VERKOOP OF VIR NYWERHEIDSDOELEINDES GEBRUIK — WET OP DIE BRANDSTOFNAVORSINGSINSTITUUT EN STEENKOOL, 1963

Die volgende verbetering aan Goewermentskennisgewing 43 soos gepubliseer in *Staatskoerant* 6800 van 4 Januarie 1980 word hiermee vir algemene inligting bekendgemaak:

(a) In die Engelse Teks:

Vervang die kalenderjaar 1978 met die kalenderjaar 1979.

DEPARTEMENT VAN BINNELANDSE SAKE

No. 1066 30 Mei 1980

WET OP VREEMDELINGE, 1937

VANSVERANDERING.—ISMAIL IN OMAR

Dit het die Staatspresident behaag om, kragtens die bepalings van artikel 9 van die Wet op Vreemdelinge, 1937 (Wet 1 van 1937), Dawood Ismail, sy vrou Janap, gebore Peters en sy kind Salim Omar, woonagtig te Ashburtonweg 87, Riverlea, Johannesburg, te magtig om die van Omar aan te neem.

No. 1067 30 Mei 1980

WET OP VREEMDELINGE, 1937

VANSVERANDERING.—FLECK IN FLACKS

Dit het die Staatspresident behaag om, kragtens die bepalings van artikel 9 van die Wet op Vreemdelinge, 1937 (Wet 1 van 1937), Mogamat Yusuf Fleck, sy vrou Amina, gebore Dollie en sy kinders Sharien Flacks, Ebrahim Flacks, Shaid Flacks, Hisharm Flacks en Fayrouz Flacks, woonagtig te Parkdenestraat 75, Ravensmead, te magtig om die van Flacks aan te neem.

No. 1068 30 May 1980

ALIENS ACT, 1937

CHANGE OF SURNAME.—EVIAN TO HELLMANN

The State President has been pleased, under the provisions of section 9 of the Aliens Act, 1937 (Act 1 of 1937), to authorise Allon Darren Evian, residing at 23 The Glen Road, Bramley Manor, Johannesburg, to assume the surname of Hellmann.

No. 1069 30 May 1980

ALIENS ACT, 1937

CHANGE OF SURNAME.—MPANGASE TO ZACA

The State President has been pleased, under the provisions of section 9 of the Aliens Act, 1937 (Act 1 of 1937), to authorise Manqubu Simon Mpangase, his wife Rose Ntomfuthi, born Funeke and his children Muzikayifani Mich, Mamo Linah, Sipo Petros, Phumele Delisile, Mgidi, Thombiseni and Khangezil, residing at Weston Agricultural College, Mooi River, to assume the surname of Zaca.

No. 1070 30 May 1980

ALIENS ACT, 1937

CHANGE OF SURNAME.—WINER TO WILLIAMS

The State President has been pleased, under the provisions of section 9 of the Aliens Act, 1937 (Act 1 of 1937), to authorise Gary Desmond Winer, residing at 24 Camforth, School Road, Bluff, Durban, to assume the surname of Williams.

DEPARTMENT OF MINERAL AND ENERGY AFFAIRS

No. 1054 30 May 1980

RESERVATION OF LAND FOR PURPOSES OF A TOWNSHIP

The State President has, in terms of section 184 of the Mining Rights Act, 1967 (Act 20 of 1967), reserved for purposes of a township a portion of proclaimed land, approximately 5,0219 hectares in extent, situate on the farm Turffontein 96 IR, District of Johannesburg, Mining District of Johannesburg, Province of the Transvaal, registered in the name of The Cementation Co. (Africa) Ltd and as shown on a sketch plan, copies of which have been filed in the Mining Titles Office, Johannesburg, and in the office of the Mining Commissioner, Johannesburg, under RMT No. R22/78.

(19/5/1/981)

No. 1055 30 May 1980

EXEMPTION OF CERTAIN LAND FROM THE PROVISIONS OF CHAPTER X AND SECTION 139 (1) OF THE MINING RIGHTS ACT, 1967 (ACT 20 OF 1967)

The Minister of Mineral and Energy Affairs of the Republic of South Africa has, in terms of the powers vested in him by section 158 (1) of the Mining Rights Act, 1967 (Act 20 of 1967), exempted certain land held under mining title on the farm Fregul 443, Administrative District of Odendaalsrus, Mining District of the

No. 1068 30 Mei 1980

WET OP VREEMDELINGE, 1937

VANSVERANDERING.—EVIAN IN HELLMANN

Dit het die Staatspresident behaag om, kragtens die bepalings van artikel 9 van die Wet op Vreemdelinge, 1937 (Wet 1 van 1937), Allon Darren Evian, woonagtig te The Glenweg 23, Bramley Manor, Johannesburg, te magtig om die van Hellmann aan te neem.

No. 1069 30 Mei 1980

WET OP VREEMDELINGE, 1937

VANSVERANDERING.—MPANGASE IN ZACA

Dit het die Staatspresident behaag om, kragtens die bepalings van artikel 9 van die Wet op Vreemdelinge, 1937 (Wet 1 van 1937), Manqubu Simon Mpangase, sy vrou Rose Ntomfuthi, gebore Funeke en sy kinders Muzikayifani Mich, Mamo Linah, Sipo Petros, Phumele Delisile, Mgidi, Thombiseni en Khangezil, woonagtig te Weston Landboukollege Mooirivier, te magtig om die van Zaca aan te neem.

No. 1070 30 Mei 1980

WET OP VREEMDELINGE, 1937

VANSVERANDERING.—WINER IN WILLIAMS

Dit het die Staatspresident behaag om, kragtens die bepalings van artikel 9 van die Wet op Vreemdelinge, 1937 (Wet 1 van 1937), Gary Desmond Winer, woonagtig te Camforth 24, Schoolweg, Bluff, Durban, te magtig om die van Williams aan te neem.

DEPARTEMENT VAN MINERAAL- EN ENERGIESAKE

No. 1054 30 Mei 1980

UITHOU VAN GROND VIR DIE DOEL VAN 'N DORP

Die Staatspresident het 'n stuk geproklameerde grond, ongeveer 5,0219 hektaar groot, geleë op die plaas Turffontein 96 IR, distrik Johannesburg, myndistrik Johannesburg, provinsie Transvaal, geregistreer op naam van The Cementation Co. (Africa) Ltd, en soos aangetoon op 'n sketskaart waarvan afdrukke onder RMT No. R22/78 in die Mynbriewekantoor, Johannesburg, en in die kantoor van die Mynkommissaris, Johannesburg, bewaar word, kragtens artikel 184 van die Wet op Mynregte, 1967 (Wet 20 van 1967), vir die doel van 'n dorp uitgehou.

(19/5/1/981)

No. 1055 30 Mei 1980

UITSLUITING VAN SEKERE GROND VAN DIE TOEPASSING VAN DIE BEPALINGS VAN HOOFSTUK X EN ARTIKEL 139 (1) VAN DIE WET OP MYNREGTE, 1967 (WET 20 VAN 1967)

Die Minister van Mineraal- en Energiesake van die Republiek van Suid-Afrika het kragtens die bevoegdheid aan hom verleen by artikel 158 (1) van die Wet op Mynregte, 1967 (Wet 20 van 1967), sekere grond kragtens myntitel gehou, op die plaas Fregul 443, administratiewe distrik Odendaalsrus, myndistrik

Orange Free State, Province of the Orange Free State, as shown on a sketch plan, copies of which are filed in the Mining Titles Office, Johannesburg, and in the office of the Mining Commissioner, O.F.S., Welkom, under RMT No. R11/80, from the provisions of Chapter X and section 139 (1) of the said Act, with effect from the date of publication hereof in the *Gazette*.

(19/13/1/262)

No. 1089 30 May 1980

DECLARATION OF CONTROLLED MINE AND RISK WORK

The Minister of Mineral and Energy Affairs has, in terms of section 10 of the Occupational Diseases in Mines and Works Act, 1973 (Act 78 of 1973), declared the following mine to be a controlled mine, with effect from 1 July 1980:

The mine known as Saldanha Quarry (Pty) Ltd, on the farm Besaansklip 970, Remainder of Portion 2 of the farm De Yzervarkensrug CQ530 (No. 127), situate in the Magisterial District of Vredenburg, Cape Province, which is at present being worked by Saldanha Quarry (Pty) Ltd, P.O. Box 200, Vredenburg, 7380.

The following work at the said mine has been declared risk work by the Minister, in terms of section 13 of the said Act, with effect from the same date (i.e. 1 July 1980):

1. *Excavations:*

In any underground or open working.

2. *On the surface:*

(a) Where moving, transferring or handling of stone, rock, ore or minerals takes place;

(b) where crushing, screening or classification of stone, rock, ore or minerals takes place, except where this is carried out under water;

(c) on waste dumps, piles or ore piles, other than where the waste or ore has been or is being deposited in the form of slime, including the place where such dumps or piles have already been deposited;

(d) in drill sharpening shops or any other place where drills are sharpened in a building;

(e) where crushed samples are graded in a dry state; and

(f) at any rock-drilling work.

No. 1090 30 May 1980

DECLARATION OF CONTROLLED MINES AND RISK WORK

The Minister of Mineral and Energy Affairs has, in terms of section 10 of the Occupational Diseases in Mines and Works Act, 1973 (Act 78 of 1973), declared the following mines to be controlled mines with effect from 1 July 1980:

(a) The mine known as Duvha Opencast Services (Pty) Ltd, on the farms Boschmanskrans 22 IS, Driefontein 338 JS and Vlaklaagte 21 IS, situate in the Magisterial District of Middelburg, and the farm Wolvekrans 17 IS, situate in the Magisterial District of Witbank, Province of the Transvaal, which is at present being worked by Duvha Opencast Services (Pty) Ltd, Private Bag 7217, Witbank, 1035;

Oranje-Vrystaat, provinsie die Oranje-Vrystaat, soos getoon op 'n sketskaart waarvan afdrukke in die Mynbriewekantoor, Johannesburg, en in die kantoor van die Mynkommissaris, O.V.S., Welkom, onder RMT No. 11/80 bewaar word, van die toepassing van die bepalings van Hoofstuk X en artikel 139 (1) van gemelde Wet uitgesluit, met ingang van die datum van publikasie hiervan in die *Staatskoerant*.

(19/13/1/262)

No. 1089 30 Mei 1980

VERKLARING TOT BEHEERDE MYN EN RISIKOWERK

Die Minister van Mineraal- en Energiesake het kragtens artikel 10 van die Wet op Bedryfsiektes in Myne en Bedrywe, 1973 (Wet 78 van 1973), die volgende myn met ingang van 1 Julie 1980 tot 'n beheerde myn verklaar:

" 'decompression stop' means a pause, calculated with the aid of decompression tables approved by the Chief Inspector, which must be observed at a specific depth below the surface of the water during the diver's ascent from the underwater working place in order to release excess nitrogen or other inert gases absorbed by his body;";

(f) by the deletion of the definition of "diving school";

(g) by the substitution for the definition of "diving work" of the following definition:

" 'diving work' means any building work performed underwater by any person for which he receives remuneration and includes any building work performed underwater for financial gain by any person who requires the assistance of another person or persons, either underwater or from the surface of the water, but excludes the harvesting of any form of sea life;";

(h) by the insertion of the following definition after the definition of "in-date-diver":

" 'learner diver' means any person registered as a learner diver in terms of these regulations;";

(i) by the substitution for the definition of "life line" of the following definition:

" 'life line' means a rope of at least 38 mm in circumference and with a minimum breaking strength of 5 kN, one end of which is fastened at the control point on the surface of the water and the other end around the diver's waist during a diving operation;"; and

(j) by the substitution for the definition of "stand-by-diver" of the following definition:

" 'stand-by-diver' means an in-date-diver, other than a learner diver, who is fully qualified to dive to the maximum depth required by the particular diving operation with the aid of the diving equipment in use;".

3. The following regulation is hereby substituted for regulation F2 of the Regulations:

"F2. *Diver training*

(1) (a) A learner diver shall be considered to be in training until he is registered as a diver in terms of regulation F3 (3).

(b) No learner diver shall be instructed in or undergo training in the performance of diving work or diving operations except with an organisation approved by the Chief Inspector for diver training.

(c) The Chief Inspector may allow an approved organisation for diving training to make use of the facilities of another approved organisation for diving training for the training of a learner diver.

(2) During the first 30 hours of his training in underwater diving operations a learner diver shall be accompanied by, or shall perform such operations under the personal supervision of, a diving instructor, and thereafter the learner diver shall be accompanied by a diver, who shall not be a learner diver, during diving operations: Provided that if the diving instructor is satisfied that the learner diver is sufficiently experienced, the

(e) deur die woordbepaling "dekompressiestop" deur die volgende woordbepaling te vervang:

" 'dekompressiestop' 'n pouse soos bepaal met behulp van dekompressietabelle wat deur die Hoofinspekteur goedgekeur is, wat gedurende die duiker se opstyging vanaf die onderwaterwerkplek op 'n bepaalde diepte onder die wateroppervlak nagekom moet word om sodoende oormatige stikstof of and inerte gasse vry te laat wat deur sy liggaam opgeneem is;";

(f) deur die woordbepaling "duikskool" te skrap;

(g) deur die woordbepaling "duikwerk" deur die volgende woordbepaling te vervang:

" 'duikwerk' enige bouwerk wat onder water deur enige persoon verrig word waarvoor hy beloning ontvang en sluit dit enige onderwaterbouwerk in wat vir vergoeding verrig word deur enige persoon wat die hulp van 'n ander persoon of persone nodig het, hetsy onder water of vanaf die oppervlak van die water, maar nie die insameling van enige vorm van seelewe nie;";

(h) deur die volgende woordbepaling ná die woordbepaling "kammietou" in te voeg:

" 'leerlingduiker' enige persoon wat as 'n leerlingduiker ingevolge hierdie regulasies geregistreer is;";

(i) deur die woordbepaling "veiligheidstou" deur die volgende woordbepaling te vervang:

" 'veiligheidstou' 'n tou, minstens 38 mm in omtrek en met 'n minimum breeksterkte van 5 kN, waarvan die een punt by die beheerpunt op die wateroppervlak en die ander punt om die duiker se middellyf vasgemaak is gedurende 'n duikoperasie;"; en

(j) deur die woordbepaling "gereedheidsduiker" deur die volgende woordbepaling te vervang:

" 'gereedheidsduiker' 'n op-datum-duiker, uitgesonderd 'n leerlingduiker, wat ten volle gekwalifiseer is om met behulp van die toerusting in gebruik, tot die maksimum diepte wat vir die besondere duikoperasie vereis word, te kan duik;".

3. Regulasie F2 van die Regulasies word hierby deur die volgende regulasie vervang:

"F2. *Duikopleiding*

(1) (a) 'n Leerlingduiker word geag onder opleiding te wees totdat hy as 'n duiker geregistreer word ingevolge regulasie F3 (3).

(b) Geen leerlingduiker mag onderrig word of opleiding ondergaan in die verrigting van duikwerk of die uitvoering van duikoperasies nie anders as deur 'n organisasie wat vir duikopleiding deur die Hoofinspekteur goedgekeur is.

(c) Die Hoofinspekteur kan 'n goedgekeurde organisasie vir duikopleiding toelaat om van die fasiliteite van 'n ander goedgekeurde organisasie vir duikopleiding gebruik te maak vir die opleiding van 'n leerlingduiker.

(2) Gedurende die eerste 30 uur van sy opleiding in onderwaterduikoperasies moet 'n leerlingduiker vergesel wees deur of sodanige duikoperasies uitvoer onder die persoonlike toesig van 'n duikinstrukteur, en daarna moet die leerlingduiker tydens duikoperasies vergesel wees deur 'n duiker, wat nie 'n leerlingduiker mag wees nie: Met dien verstande dat indien die duikinstrukteur oortuig is dat die leerlingduiker oor genoegsame ondervinding beskik, die leerlingduiker toegelaat

learner diver may be permitted to undertake diving operations unaccompanied to a diving depth of not more than 20 m, on condition that such unaccompanied diving operations are performed under the personal and immediate supervision of a diving supervisor from the surface.

(3) Any organisation which has at its disposal such staff, plant, equipment and other facilities as will enable it to offer a curriculum of instruction and training for learner divers in accordance with the syllabus for examination purposes approved by the Chief Inspector, may apply in writing to the Chief Inspector for approval to train learner divers.

(4) If the Chief Inspector is satisfied that the applicant is in a position to train learner divers, or that it can make satisfactory arrangements for the training of learner divers in those aspects of the approved syllabus for examination purposes for which it does not have the required facilities, the Chief Inspector may approved the organisation and its curriculum for diver training, subject to such conditions as he may impose.

(5) No person shall be trained as a diver unless he has been registered as a learner diver, and the organisation approved for diver training shall ensure that learner divers are given instruction in the necessary theory and statutory regulations and are given practical training in the performance of diving work in accordance with the approved curriculum.

(6) (a) If an organisation approved for diver training ceases to comply with the conditions imposed by the Chief Inspector in terms of subregulation (4), the training of learner divers by such organisation shall be discontinued forthwith and the Chief Inspector shall be advised accordingly by the organisation.

(b) The said training shall only be resumed when the organisation in question again complies with the conditions imposed.

(c) The Chief Inspector may order an organisation to stop the training of learner divers if it is found that the conditions of approval are not being complied with by such organisation.

(7) If an organisation which has been approved for diver training in terms of subregulation (4) is convicted for contravening any provision of the regulations with respect to the training of learner divers the Chief Inspector may withdraw his approval and the organisation shall cease to train learner divers from the date of such withdrawal until such time as the Chief Inspector reinstates the organisation for diver training.

(8) Any organisation approved by the Chief Inspector prior to 1 June 1980 to train learner divers shall submit a new application to train learner divers in terms of subregulation (3).".

4. The following regulation is hereby substituted for regulation F3 of the Regulations:

"F3. *Requirements for registration as learner diver, diver or diving instructor*

(1) No person, other than a diver, shall perform diving work or participate in any diving operation and no person shall require or permit any person, other than a diver, to perform diving work or to participate in any diving operation.

(2) Any person who produces satisfactory proof to the Chief Inspector that—

(a) he has attained the age of at least 18 years;

(b) he is of good character and conduct;

mag word om duikoperasies sonder begeleiding tot op 'n duikdiepte van nie meer nie as 20 m uit te voer, op voorwaarde dat sodanige onbegeleide duikoperasies uitgevoer word onder die persoonlike en direkte toesig van 'n duikopsigter vanaf die oppervlak.

(3) Enige organisasie wat die nodige personeel, masjinerie, toerusting en ander fasiliteite tot sy beskikking het wat hom in staat sal stel om 'n leerplan van onderrig en opleiding vir leerlingduikers ooreenkomstig die sillabus vir eksamendoeleindes wat deur die Hoofinspekteur goedgekeur is, aan te bied, kan by die Hoofinspekteur skriftelik aansoek doen om goedkeuring om leerling duikers op te lei.

(4) Indien die Hoofinspekteur oortuig is dat die applikant in staat is om leerlingduikers op te lei, of dat hy geskikte reëlings kan tref vir die opleiding van leerlingduikers in daardie aspekte van die goedgekeurde eksamensillabus waarvoor hy nie oor die nodige fasiliteite beskik nie, kan die Hoofinspekteur die leerplan en die organisasie goedkeur vir duikopleiding, onderworpe aan sodanige voorwaardes as wat hy stel.

(5) Geen persoon mag as 'n duiker opgelei word nie tensy hy as 'n leerlingduiker geregistreer is, en die organisasie wat vir duikopleiding goedgekeur is, moet toesien dat leerlingduikers onderrig ontvang in die nodige teorie en statutêre regulasies en praktiese opleiding ontvang in die verrigting van duikwerk, in ooreenstemming met die goedgekeurde leerplan.

(6) (a) Indien 'n organisasie wat vir duikopleiding goedgekeur is, ophou om te voldoen aan die voorwaardes wat deur die Hoofinspekteur kragtens subregulasie (4) gestel is, moet die opleiding van leerlingduikers deur sodanige organisasie onmiddellik gestaak word, en die Hoofinspekteur moet dienooreenkomstig deur die organisasie ingelig word.

(b) Gemelde opleiding word hervat slegs wanneer die betrokke organisasie weer voldoen aan die voorwaardes gestel.

(c) Die Ho[illegible]ekteur kan 'n organisasie beveel om die opl[illegible]van leerlingduikers te staak indien daar gevind word dat die voorwaardes van goedkeuring nie deur sodanige organisasie nagekom word nie.

(7) Indien 'n organisasie wat kragtens subregulasie (4) vir duikopleiding goedgekeur is, skuldig bevind bevind word aan 'n oortreding van enige bepaling van die regulasies met betrekking tot die opleiding van leerlingduikers, kan die Hoofinspekteur sy goedkeuring terugtrek, en die organisasie moet die opleiding van leerlingduikers staak met ingang van die datum van sodanige terugtrekking tot sodanige tyd as waarop die Hoofinspekteur die organisasie weer goedkeur vir duikopleiding.

(8) Enige organisasie wat voor 1 Junie 1980 deur die Hoofinspekteur goedgekeur is om leerlingduikers op te lei, moet opnuut ingevolge subregulasie (3) aansoek doen om leerlingduikers op te lei.".

4. Regulasie F3 van die Regulasies word hierby deur die volgende regulasie vervang:

"F3. *Vereistes vir registrasie as leerlingduiker, duiker of duikinstrukteur*

(1) Niemand behalwe 'n duiker mag duikwerk verrig of aan enige duikoperasie deelneem nie en niemand mag 'n ander persoon as 'n duiker verplig of toelaat om duikwerk te verrig of aan enige duikoperasie deel te neem nie.

(2) Enige persoon wat aan die Hoofinspekteur bevredigende bewys lewer dat—

(a) hy die ouderdom van minstens 18 jaar bereik het;

(b) hy van goeie karakter en gedrag is;

(c) he is in possession of a valid certificate of fitness in which he is certified fit to perform diving work or to participate in diving operations; and

(d) if he is a minor, he has the written consent of his parent or guardian to register as a learner diver;

may be accepted by the Chief Inspector for diver training and the Chief Inspector shall grant him registration as a learner diver and furnish him with a certificate of registration in the form of Annexure F28 (a), which shall be valid for one year: Provided that the Chief Inspector, on the recommendation of the Board, may from time to time renew such certificate for a further period of one year: Provided further that certificates issued prior to 1 June 1980 shall remain valid for one year from that date.

(3) Any person who produces satisfactory proof to the Chief Inspector that—

(a) he has attained the age of at least 18 years;

(b) he is of good character and conduct;

(c) he has received underwater training of not less than 100 hours in diving work or diving operations with an organisation approved for diver training in terms of regulation F2 (4) and that he has passed the prescribed examination for divers; and

(d) he is in possession of a valid certificate of fitnes in which he is certified fit to perform diving work or to participate in diving operations;

shall, on the recommendation of the Board, be registered as a diver by the Chief Inspector and the Chief Inspector shall furnish him with a certificate of registration in the form of Annexure F28 (a).

(4) Any person who produces satisfactory proof to the Chief Inspector that he has had sufficient experience in diving work or diving operations, may be exempted by the Chief Inspector from the requirements of subregulation (3) (c): Provided that the Chief Inspector may require such person to undergo a practical or an oral or both a practical and an oral examination to be conducted by the Board.

(5) Any person who produces satisfactory proof to the Chief Inspector that—

(a) he has attained the age of at least 21 years;

(b) he is of good conduct and character;

(c) he is an in-date-diver;

(d) he has had at least two years' practical experience as an in-date-diver, excluding experience as a learner diver, and one year's experience as a registered diving supervisor;

(e) he has complied with the requirements of the syllabus prescribed by the Chief Inspector for diving instructors; and

(f) he has passed the prescribed examination for diving instructor;

shall, on the recommendation of the Board, be registered as a diving instructor by the Chief Inspector and the Chief Inspector shall furnish him with a certificate of registration in the form of Annexure F28 (a).

(6) Any person who produces satisfactory proof to the Chief Inspector that he has had sufficient experience in diving work or diving operations, may be exempted by the Chief Inspector from the requirements of subregulation (5) (e) and (f): Provided that the Chief

(c) hy in staat is van 'n geldige geskiktheidsertifikaat waarin hy as geskik gesertifiseer word om duikwerk te verrig of om aan duikoperasies deel te neem; en

(d) indien hy minderjarig is, hy die skriftelike toestemming van sy ouer of voog het om as leerlingduiker geregistreer te word,

kan deur die Hoofinspekteur vir duikopleiding aanvaar word en die Hoofinspekteur moet aan hom registrasie as 'n leerlingduiker toestaan en hom van 'n registrasiesertifikaat in die vorm van Aanhangsel F28 (a) voorsien, wat vir een jaar geldig is: Met dien verstande dat die Hoofinspekteur, op aanbeveling van die Raad, sodanige sertifikaat van tyd tot tyd kan hernieu vir 'n verdere tydperk van een jaar: Met dien verstande voorts dat sertifikate wat uitgereik is voor 1 Junie 1980, geldig bly vir een jaar vanaf gemelde datum.

(3) Enige persoon wat aan die Hoofinspekteur bevredigende bewys lewer dat—

(a) hy die ouderdom van minstens 18 jaar bereik het;

(b) hy van goeie karakter en gedrag is;

(c) hy nie minder nie as 100 uur onderwateropleiding in duikwerk of duikoperasies ontvang het by 'n organisasie wat ingevolge regulasie F2 (4) goedgekeur is, en dat hy in die voorgeskrewe eksamen vir duikers geslaag het; en

(d) hy in besit is van 'n geldige geskiktheidsertifikaat waarin hy as geskik gesertifiseer word om duikwerk te verrig of om aan duikoperasies deel te neem,

moet, op aanbeveling van die Raad, deur die Hoofinspekteur as 'n duiker geregistreer word en die Hoofinspekteur moet hom van 'n registrasiesertifikaat in die vorm van Aanhangsel F28 (a) voorsien.

(4) Enige persoon wat aan die Hoofinspekteur bevredigende bewys lewer dat hy oor voldoende ondervinding in duikwerk of duikoperasies beskik, kan deur die Hoofinspekteur van die vereistes van subregulasie (3) (c) vrygestel word: Met dien verstande dat die Hoofinspekteur kan vereis dat sodanige persoon 'n praktiese of 'n mondelinge of sowel 'n praktiese as 'n mondelinge eksamen aflê, wat deur die Raad afgeneem word.

(5) Enige persoon wat aan die Hoofinspekteur bevredigende bewys lewer dat—

(a) hy die ouderdom van minstens 21 jaar bereik het;

(b) hy van goeie karakter en gedrag is;

(c) hy 'n op-datum-duiker is;

(d) hy minstens twee jaar praktiese ondervinding as 'n op-datum-duiker, uitgesonderd ondervinding as 'n leerlingduiker, en een jaar ondervinding as 'n geregistreerde duikopsigter opgedoen het;

(e) hy voldoen het aan die vereistes van die leerplan wat deur die Hoofinspekteur vir duikinstrukteurs voorgeskryf is; en

(f) hy in die voorgeskrewe eksamen vir duikinstrukteurs geslaag het,

moet, op aanbeveling van die Raad, deur die Hoofinspekteur as duikinstrukteur geregistreer word en die Hoofinspekteur moet hom van 'n registrasiesertifikaat in die vorm van Aanhangsel F28 (a) voorsien.

(6) Enige persoon wat aan die Hoofinspekteur bevredigende bewys lewer dat hy oor voldoende ondervinding in duikwerk of duikoperasies beskik, kan deur die Hoofinspekteur van die vereistes van subregulasie (5) (e) en (f) vrygestel word: Met dien verstande dat

Inspector may require such person to undergo a practical or an oral or both practical and oral examination to be conducted by the Board.".

5. The following regulation is hereby substituted for regulation F4 of the Regulations:

"F4. *Requirements for registration as a diving supervisor*

(1) (a) No person other than a diving supervisor shall exercise control over diving work or diving operations and no person shall require or permit any person other than a diving supervisor to exercise such control: Provided that a builder may appoint, in writing, a diving instructor to act as a diving supervisor—

(i) where this is necessitated by circumstances beyond the builder's control;
(ii) during the diving supervisor's absence on leave or sick leave;
(iii) for the period between the termination of service of one diving supervisor and the assumption of duty by another; or
(iv) for any other reason which is acceptable to the Chief Inspector.

(b) A diving instructor who is appointed to act as a diving supervisor shall have the same powers, duties and responsibilities as a diving supervisor.

(2) Any person who produces satisfactory proof to the Chief Inspector that—

(a) he has attained the age of at least 20 years;
(b) he is of good conduct and character;
(c) he has complied with the requirements of the syllabus prescribed by the Chief Inspector for diving supervisors;
(d) he has had at least two years' practical experience as an in-date-diver, excluding experience as a learner diver, after having passed the prescribed examination for divers; and
(e) he has passed the prescribed examination for diving supervisors;

shall, on the recommendation of the Board, be registered as a diving supervisor by the Chief Inspector and the Chief Inspector shall provide him with a certificate of registration in the form of Annexure F28 (a).

(3) Any person who produces satisfactory proof to the Chief Inspector that he has had sufficient experience in the control of diving work or diving operations, may be exempted by the Chief Inspector from the provisions of subregulation (2) (c) and (d): Provided that the Chief Inspector may require such person to provide proof of his experience by means of a practical or an oral or both practical and oral examination to be conducted by the Board.".

6. The following regulation is hereby inserted in the Regulations after regulation F4:

"F4A. *Certificates of registration with limited scope*

If upon application the Board is not satisfied as to compliance by the applicant with any of the requirements referred to in regulations F3 and F4 or to the scope of the training of the applicant the Chief Inspector may, on recommendation of the Board, issue a certificate of registration as a diver, diving instructor or diving supervisor, as the case may be, subject to such conditions or restrictions relating to the execution of his duties by the holder of such certificate as may be specified in the said certificate.".

die Hoofinspekteur kan vereis dat sodanige persoon 'n praktiese of 'n mondelinge of sowel 'n praktiese as 'n mondelinge eksamen aflê, wat deur die Raad afgeneem word.".

5. Regulasie F4 van die Regulasies word hierby deur die volgende regulasie vervang:

"F4. *Vereistes vir registrasie as duikopsigter*

(1) (a) Niemand behalwe 'n duikopsigter mag oor duikwerk of duikoperasies beheer uitoefen nie en niemand mag 'n ander persoon as 'n duikopsigter verplig of toelaat om sodanige beheer uit te oefen nie: Met dien verstande dat 'n boumeester skriftelik 'n duikinstrukteur kan aanstel om as duikopsigter waar te neem—

(i) waar dit genoodsaak word deur omstandighede buite die boumeester se beheer;
(ii) tydens die duikopsigter se afwesigheid met verlof of siekteverlof;
(iii) vir die tydperk tussen die diensbeëindiging van een duikopsigter en diensaanvaarding deur 'n ander; of
(iv) om enige ander rede wat vir die Hoofinspekteur aanvaarbaar is.

(b) 'n Duikinstrukteur wat aangestel word om as duikopsigter waar te neem, het dieselfde magte, pligte en verantwoordelikhede as 'n duikopsigter.

(2) Enige persoon wat aan die Hoofinspekteur bevredigende bewys lewer dat—

(a) hy die ouderdom van minstens 20 jaar bereik het;
(b) hy van goeie karakter en gedrag is;
(c) hy voldoen het aan die vereistes van die leerplan wat deur die Hoofinspekteur vir duikopsigters voorgeskryf is;
(d) hy minstens twee jaar praktiese ondervinding as 'n op-datum-duiker, uitgesonderd ondervinding as 'n leerlingduiker, opgedoen het nadat hy in die voorgeskrewe eksamen vir duikers geslaag het; en
(e) hy in die voorgeskrewe eksamen vir duikopsigters geslaag het,

moet, op aanbeveling van die Raad, deur die Hoofinspekteur as duikopsigter geregistreer word en die Hoofinspekteur moet hom van 'n registrasiesertifikaat in die vorm van Aanhangsel F28 (a) voorsien.

(3) Enige persoon wat aan die Hoofinspekteur bevredigende bewys lewer dat hy oor voldoende ondervinding in die beheer van duikwerk of duikoperasies beskik, kan deur die Hoofinspekteur van die vereistes van subregulasie (2) (c) en (d) vrygestel word: Met dien verstande dat die Hoofinspekteur kan vereis dat sodanige persoon bewys van sy ondervinding lewer deur die aflê van 'n praktiese of 'n mondelinge of sowel 'n praktiese as 'n mondelinge eksamen, wat deur die Raad afgeneem word.".

6. Die volgende regulasie word hierby in die Regulasies ingevoeg ná regulasie F4:

"F4A. *Registrasiesertifikate met beperkte bestek*

Indien die Raad by ontvangs van 'n aansoek nie tevrede is met die nakoming deur die applikant van enige van die vereistes in regulasies F3 en F4 genoem, of met die omvang van die opleiding van die applikant nie, kan die Hoofinspekteur, op aanbeveling van die Raad, 'n sertifikaat van registrasie as 'n duiker, duikinstrukteur of duikopsigter, na gelang van die geval, uitreik onderworpe aan sodanige voorwaardes of beperkings in verband met die uitvoering van sy pligte deur die houer van sodanige sertifikaat as wat in gemelde sertifikaat gespesifiseer word.".

7. Regulation F6 of the Regulations is hereby amended by the substitution for the expression "F3 or F4" of the expression "F3, F4 or F4A".

8. Regulation F7 (1) of the Regulations is hereby amended by the substitution for the expression "F3 or F4" of the expression "F3, F4 or F4A".

9. Regulation F8 (1) of the Regulations is hereby amended by the substitution for the expression "F3 or F4" of the expression "F3, F4 or F4A".

10. Regulation F9 (1) of the Regulations is hereby amended by the substitution for the expression "Minister" of the expression "Chief Inspector".

11. Regulation F11 of the Regulations is hereby amended—

(a) by the substitution for subregulation (1) of the following subregulation:

"(1) (a) The builder shall appoint, in writing, a diving supervisor to exercise effective control over all diving operations.

(b) The diving supervisor so appointed shall—

(i) at all times be available to deal with emergencies; and

(ii) not take part in any diving operation while he is supervising other divers but may act as stand-by diver in terms of subregulation (2) (b) (i): Provided that the diving supervisor may undertake diving operations for purposes of inspection and planning on condition that a diver, excluding a learner diver, acts as stand-by diver;";

(b) by the substitution for paragraph (f) of subregulation (2) of the following paragraph:

"(f) no diver undertakes any diving operation—

(i) (aa) in the case of a learner diver, beyond the limits prescribed in regulation F2 (2); and

(bb) in the case of any other diver, in contravention of the restrictions imposed on him as entered into his certificate of registration as provided for in regulation F4A;

(ii) if he is not fully conversant with the operation of machinery or the use of tools and equipment which he may be required to operate or use in the performance of diving work;";

(c) by the substitution for paragraph (j) of subregulation (2) of the following paragraph:

"(j) a diver who intends to perform diving work or to participate in a diving operation, is provided with all the necessary and correct diving equipment and that no self-contained breathing apparatus which operates on a closed or semi-closed system is used;";

(d) by the substitution for subparagraph (i) of paragraph (n) of subregulation (2) of the following subparagraph:

"(i) when diving is done with the aid of self-contained breathing apparatus the duration of the diving operation together with the time necessary for decompressing during decompression stops, does not exceed the endurance of the equipment in use and that in calculating the endurance of the equipment, the consumption rate of air in relation to the work rate is taken into consideration and the emergency reserve supply of any cylinder is excluded from the calculation;"; and

7. Regulasie F6 van die Regulasies word hierby gewysig deur die uitdrukking "F3 of F4" deur die uitdrukking "F3, F4 of F4A" te vervang.

8. Regulasie F7 (1) van die Regulasies word hierby gewysig deur die uitdrukking "F3 of F4" deur die uitdrukking "F3, F4 of F4A" te vervang.

9. Regulasie F8 (1) van die Regulasies word hierby gewysig deur die uitdrukking "F3 of F4" deur die uitdrukking "F3, F4 of F4A" te vervang.

10. Regulasie F9 (1) van die Regulasies word hierby gewysig deur die uitdrukking "Minister" deur die uitdrukking "Hoofinspekteur" te vervang.

11. Regulasie F11 van die Regulasies word hierby gewysig—

(a) deur subregulasie (1) deur die volgende subregulasie te vervang:

"(1) (a) Die boumeester moet skriftelik 'n duikopsigter aanstel om doeltreffende beheer oor alle duikoperasies uit te oefen.

(b) Die duikopsigter aldus aangestel—

(i) moet te alle tye beskikbaar wees vir noodgevalle; en

(ii) mag aan geen duikoperasie deelneem terwyl hy oor ander duikers toesig hou nie maar kan as gereedheidsduiker ingevolge subregulasie (2) (b) (i) optree: Met dien verstande dat die duikopsigter duikoperasies kan onderneem vir inspeksie- en beplanningsdoeleindes op voorwaarde dat 'n duiker, uitgesonderd 'n leerlingduiker, optree as gereedheidsduiker;";

(b) deur paragraaf (f) van subregulasie (2) deur die volgende paragraaf te vervang:

"(f) geen duiker enige duikoperasie onderneem nie—

(i) (aa) in die geval van 'n leerlingduiker, buite die perke voorgeskryf in regulasie F2 (2); en

(bb) in die geval van enige ander duiker, in stryd met die beperkings wat hom opgelê is soos aangeteken in sy registrasiesertifikaat voorgeskryf in regulasie F4A;

(ii) as hy nie ten volle vertroud is met die bediening van masjinerie of die gebruik van die gereedskap en toerusting wat hy moet bedien of gebruik in die uitvoering van duikwerk nie;";

(c) deur paragraaf (j) van subregulasie (2) deur die volgende paragraaf te vervang:

"(j) 'n duiker wat voorneme is om duikwerk te verrig of om aan 'n duikoperasie deel te neem, van al die nodige en regte duiktoerusting voorsien is en dat geen selfonderhoudende asemhalingsapparaat wat op 'n geslote of halfgeslote stelsel werk, gebruik word nie;";

(d) deur subparagraaf (i) van paragraaf (n) van subregulasie (2) deur die volgende subparagraaf te vervang:

"(i) wanneer daar met behulp van selfonderhoudende asemhalingsapparaat geduik word, die duur van die duikoperasie tesame met die tyd benodig vir dekompressie gedurende dekompressiestoppe nie, die houvermoë van die toerusting in gebruik oorskry nie, en dat by die berekening van die houvermoë van die toerusting die verbruikstempo van lug in verhouding tot die werktempo in berekening gebring word en die noodreserwevoorraad van enige silinder buite rekening gelaat word;"; en

University of Fort Hare
Together in Excellence

(e) by the substitution for the word "demand" in paragraph (ii) of paragraph (n) of subregulation (2) of the word "supply".

12. The following regulation is hereby inserted in the Regulations after regulation F11:

"F11A. *Duties of a builder*

Every builder shall—

(a) take all reasonable measures to enforce the requirements of these regulations and to ensure that they are observed by every person taking part in any diving operation in connection with the performance of diving work;

(b) provide for the safety of persons and enforce discipline at the place where diving operations are performed;

(c) cause all plant, material, equipment and other things necessary for compliance with the requirements of these regulations to be provided, used and maintained in good order and repair; and

(d) cause every inexperienced person who is required or permitted to operate machinery or to use tools and equipment in the performance of diving work which may cause injury or create any danger whatsoever to be made fully conversant with the operation or use thereof and the precautionary measures to be taken and to be observed with respect to the dangers attached thereto.".

13. Regulation F12 of the Regulations is hereby amended—

(a) by the deletion of the words "of not less than half an hour each" in paragraph (e) of subregulation (1); and

(b) by the substitution for subregulation (4) of the following subregulation:

"(4) Every diver shall be in possession of a diver's log-book in the form of Annexure F29 which may be obtained free of charge from the Chief Inspector and at the end of every day or of every shift he shall enter in the log-book full particulars of the day's or shift's diving operations performed by him, sign the entry and have it countersigned by the supervisor.".

14. The following regulation is hereby substituted for regulation F13:

"F13. *Diver and other person under contract*

If a diver or other person is not a regular employee of a builder who undertakes diving work or diving operations, but is placed under contract with such builder by his regular employer to perform diving work, he shall for the duration of the contract be regarded as a regular employee of that builder and shall be subject to the general supervision and control of the diving supervisor of that builder.".

15. Regulation F14 of the Regulations is hereby amended—

(a) by the substitution for the words preceding paragraph (a) of the following words:

"The builder shall ensure that at least one person not taking part in actual diving is available where diving work or diving operations are in progress and such person shall—"; and

(b) by the insertion of the word "also" after the word "shall" in paragraph (a).

(a) deur die woord "oppervlakaanvraagtoerusting" deur die woord "oppervlaktoevoertoerusting" in subparagraaf (ii) van paragraaf (n) van subregulasie (2) te vervang.

12. Die volgende regulasie word hierby in die Regulasies ingevoeg ná regulasie F11:

"F11A. *Pligte van 'n boumeester*

Elke boumeester—

(a) moet alle redelike maatreëls tref om die vereistes van hierdie regulasies toe te pas en om te verseker dat dit nagekom word deur elke persoon wat deelneem aan enige duikoperasie in verband met die verrigting van duikwerk;

(b) moet voorsorg tref vir die veiligheid van persone en moet dissipline afdwing op die plek waar duikoperasies uitgevoer word;

(c) moet sorg dat alle masjinerie, materiaal, toerusting en ander dinge wat nodig is vir die nakoming van die vereistes van hierdie regulasies, verskaf, gebruik en in goeie toestand gehou word; en

(d) moet sorg dat elke onervare persoon van wie vereis word of wat toegelaat word om masjinerie te bedien of om gereedskap en toerusting te gebruik in die verrigting van duikwerk wat beserings kan veroorsaak of enige gevaar hoegenaamd kan skep, ten volle vertroud raak met die bediening of gebruik daarvan en met die voorsorgmaatreëls wat getref en nagekom moet word ten opsigte van die gevare daaraan verbonde.".

13. Regulasie F12 van die Regulasies word hierby gewysig—

(a) deur die woorde "van minstens 'n halfuur elk" in subparagraaf (e) van subregulasie (1) te skrap; en

(b) deur subregulasie (4) deur die volgende subregulasie te vervang:

"(4) Elke duiker moet in besit wees van 'n duikerslogboek in die vorm van Aanhangsel F29, wat hy kosteloos van die Hoofinspekteur kan verkry, en hy moet aan die einde van elke dag of elke skof volle besonderhede van die dag of skof se duikoperasies wat deur hom uitgevoer is, in die logboek aanteken, die inskrywing onderteken en dit deur die duikopsigter laat mede-onderteken.".

14. Regulasie F13 van die Regulasies word hierby deur die volgende regulasie vervang:

"F13. *Duiker en ander persoon onder kontrak*

Indien 'n duiker of ander persoon nie 'n gereelde werknemer is van 'n boumeester wat duikwerk of duikoperasies onderneem nie, maar deur sy gereelde werkgewer by sodanige boumeester onder kontrak geplaas word om duikwerk te verrig, word hy vir die duur van die kontrak geag 'n gereelde werknemer van daardie boumeester te wees en is hy aan die algemene toesig en beheer van daardie boumeester se duikopsigter onderworpe.".

15. Regulasie F14 van die Regulasies word hierby gewysig—

(a) deur die woorde wat paragraaf (a) voorafgaan deur die volgende woorde te vervang:

"Die boumeester moet toesien dat minstens een persoon wat nie aan werklike duikwerk deelneem nie, beskikbaar is waar duikwerk verrig of duikoperasies uitgevoer word en sodanige persoon moet—"; en

(b) deur die woord "ook" in te voeg ná die woord "en" waar dit vir die eerste keer in paragraaf (a) voorkom.

16. Regulation F16 of the Regulations is hereby amended—

(a) by the substitution for paragraph (c) of subregulation (3) of the following paragraph:

"(c) shall be so designed that a patient can be transferred from a portable compression chamber to the master compression chamber without loss of pressure.";

(b) by the substitution for paragraphs (d) and (e) of subregulation (7) of the following paragraphs:

"(d) provided with inlet valves and other fittings for the main chamber and the fore-chamber which shall permit of quickly raising the pressure in the main chamber and the fore-chamber from atmospheric pressure to the pressure required by the decompression tables for decompression;

(e) provided with outlet valves and other fittings for the main chamber and the fore-chamber which shall permit of quickly reducing the pressure in the main chamber and the fore-chamber from the pressure required by the decompression tables for decompression to atmospheric pressure;"; and

(c) by the substitution for paragraphs (b), (h) and (i) of subregulation (8) of the following paragraphs:

"(b) shall be so designed and constructed that a patient can be transferred from the portable compression chamber to the master compression chamber without loss of pressure;";

"(h) shall be provided with an inlet valve and other fittings which shall permit of quickly raising the pressure in the chamber from atmospheric pressure to the pressure required by the decompression tables for decompression;";

"(i) shall be provided with an outlet valve and other fittings which shall permit of quickly reducing the pressure in the chamber from the pressure required by the decompression tables for decompression to atmospheric pressure;".

17. Regulation F17 of the Regulations is hereby amended by the addition of the following subregulation:

"(3) A complete copy of the decompression tables applicable to the diving operations being performed together with the relevant explanatory procedure shall be available for the information of all concerned on the site where diving work is being performed: Provided that abstracts from the decompression tables may be made available for this purpose on condition that the builder shall produce the appropriate identifiable decompression tables when required to do so by an inspector.".

18. The following regulation is hereby inserted in the Regulations after regulation F17:

"F17A. *Respirable gases for diving operations*

No person shall permit or require any diver to, and no diver shall, use compressed natural air for any diving operation where the diving depth exceeds 50 m: Provided that the gas mixture used for decompression in a compression chamber shall be the same as that which was used during the diving operation.".

19. The following regulation is hereby substituted for regulation F19:

16. Regulasie F16 van die Regulasies word hierby gewysig—

(a) deur paragraaf (c) van subregulasie (3) deur die volgende paragraaf te vervang:

"(c) só ontwerp wees dat 'n pasiënt van 'n vervoerbare kompressiekluis na die hoofkompressiekluis oorgeplaas kan word sonder drukverlies.";

(b) deur paragrawe (d) en (e) van subregulasie (7) deur die volgende paragrawe te vervang:

"(d) toegerus wees met inlaatkleppe en ander toebehore vir die hoof- en voorkamer, ten einde die druk in die hoof- en voorkamer vinnig te kan verhoog van atmosferiese druk tot die druk vir dekompressie vereis deur die dekompressietabelle;

(e) toegerus wees met uitlaatkleppe en ander toebehore vir die hoof- en voorkamer, ten einde die druk in die hoof- en voorkamer vinnig te kan verminder van die druk vir dekompressie vereis deur die dekompressietabelle, tot atmosferiese druk;"; en

(c) deur paragrawe (b), (h) en (i) van subregulasie (8) deur die volgende paragrawe te vervang:

"(b) so ontwerp en vervaardig wees dat 'n pasiënt van die vervoerbare kompressiekluis na die hoofkompressiekluis oorgeplaas kan word sonder drukverlies;";

"(h) toegerus wees met 'n inlaatklep en ander toebehore ten einde die druk in die kluis vinnig te kan verhoog vanaf atmosferiese druk tot die druk vir dekompressie vereis deur die dekompressietabelle;";

"(i) toegerus wees met 'n uitlaatklep en ander toebehore ten einde die druk in die kluis vinnig te verminder van die druk vir dekompressie vereis deur die dekompressietabelle, tot atmosferiese druk;".

17. Regulasie F17 van die Regulasies word hierby gewysig deur die volgende subregulasie by te voeg:

"(3) 'n Volledige afskrif van die dekompressietabelle van toepassing op die duikoperasies wat uitgevoer word, tesame met die toepaslike prosedureverduidelikings, moet beskikbaar wees ter inligting van alle betrokkenes op die plek waar duikwerk verrig word: Met dien verstande dat uittreksels van die dekompressietabelle vir hierdie doel beskikbaar gestel kan word op voorwaarde dat die boumeester die toepaslike identifiseerbare dekompressietabelle moet voorlê wanneer dit deur 'n inspekteur vereis word.".

18. Die volgende regulasie word hierby in die Regulasies ingevoeg ná regulasie F17:

"F17A. *Inasembare gasse vir duikoperasies*

Geen persoon mag toelaat of vereis dat enige duiker en geen duiker mag saamgeperste natuurlike lug gebruik vir enige duikoperasie waar die duikdiepte 50 m oorskry nie: Met dien verstande dat die gasmengsel vir dekompressie in 'n dekompressiekluis gebruik, dieselfde moet wees as dié wat gedurende die duikoperasie gebruik is.".

19. Regulasie F19 van die Regulasies word hierby deur die volgende regulasie vervang:

University of Fort Hare
Together in Excellence

"F19. *Portable containers for the supply of air to divers*

The provisions of the regulations regarding portable gas containers shall *mutatis mutandis* apply in respect of portable containers used for the supply of compressed respirable gas to divers.".

20. The following regulation is hereby substituted for regulation F20:

"F20. *Advisory Board and Board of Examiners*

(1) (a) An Advisory Board and Board of Examiners for advising on diving work and for examining divers, diving instructors and diving supervisors shall be established by the Chief Inspector.

(b) The Chief Inspector shall select and appoint the members of the Board who shall hold office for a term of three years: Provided that the Chief Inspector may discharge a member at any time and appoint a new member who shall hold office for the unexpired portion of the period of office of the member in whose place he is so appointed.

(2) The Board shall be constituted as follows:

(a) Two inspectors, one of whom shall preside as Chairman;
(b) two registered diving instructors;
(c) one registered diving supervisor;
(d) one medical practitioner appointed in terms of regulation F9; and
(e) one person with a sound knowledge of diving work who is not connected with any organisation which has been approved for diver training:

Provided that the Chief Inspector shall constitute the Board in such a way that a broad spectrum of diving interests is represented.

(3) The Board shall—

(a) prepare the examination papers in respect of all the examinations provided for in this chapter of the regulations and conduct the examinations;

(b) of its own accord, or when requested thereto by the Chief Inspector, make recommendations to the Chief Inspector and submit to him reports in connection with divers, diving supervisors or any other person directly concerned with diving operations, the syllabuses for examinations and the instructions and rules for the conduct thereof, the granting of registration certificates to divers and diving supervisors, appeals against decisions of the Board, the suitability of candidates for examinations, organisations for diver training and any other matter provided for in this chapter of the regulations or any other matter related thereto.

(4) (a) A quorum of the Board shall, for the purpose of examinations, consist of the Chairman, one registered diving instructor or supervisor and one other member.

(b) Should any difference of opinion arise in respect of any matter connected with the examination of a candidate, the matter shall be decided by a majority of votes of the members of the Board present at the meeting concerned and in the case of an equality of votes, the Chairman shall have a casting vote in addition to a deliberative vote.

(5) A candidate may appeal against any decision of the Board to the Chief Inspector who may then refer the matter back to the Board for a further report. The decision of the Chief Inspector shall be final and binding.".

"F19. *Draagbare houers vir die verskaffing van lug aan duikers*

Die bepalings van die regulasies betreffende draagbare gashouers is *mutatis mutandis* van toepassing ten opsigte van draagbare houers wat vir die verskaffing van saamgeperste inasembare gas aan duikers gebruik word.".

20. Regulasie F20 van die Regulasies word hierby deur die volgende regulasie vervang:

"F20. *Advies- en Eksamenraad*

(1) (a) 'n Advies- en Eksamenraad om advies in verband met duikwerk te gee en om die eksaminering van duikers, duikinstrukteurs en duikopsigters te behartig, moet deur die Hoofinspekteur ingestel word.

(b) Die Hoofinspekteur moet die lede van die Raad, wat 'n dienstermyn van drie jaar het, aanwys en aanstel: Met dien verstande dat die Hoofinspekteur 'n lid te eniger tyd mag ontslaan en 'n nuwe lid aanstel, wat sy amp sal beklee vir die onverstreke gedeelte van die ampstermyn van die lid in wie se plek hy aldus aangestel word.

(2) Die Raad word soos volg saamgestel:

(a) Twee inspekteurs, van wie een as Voorsitter moet optree;
(b) twee geregistreerde duikinstrukteurs;
(c) een geregistreerde duikopsigter;
(d) een geneeskundige praktisyn wat ingevolge regulasie F9 aangestel is; en
(e) een persoon met 'n grondige kennis van duikwerk, wat nie verbonde is nie aan enige organisasie wat vir duikopleiding goedgekeur is:

Met dien verstande dat die Hoofinspekteur die Raad op so 'n wyse moet saamstel dat 'n breë spektrum van duikbelange verteenwoordig word.

(3) Die Raad—

(a) moet die vraestelle opstel vir alle eksamens waarvoor in hierdie hoofstuk van die regulasies voorsiening gemaak word, en die eksamens afneem;

(b) moet uit eie beweging, of wanneer deur die Hoofinspekteur daartoe versoek, aan die Hoofinspekteur aanbevelings doen en verslae verstrek in verband met duikers, duikopsigters of enige ander persoon wat regstreeks by duikoperasies betrokke is, die leerplanne vir en die voorskrifte en reëls vir die afneem van eksamens, die toekenning van registrasiesertifikate aan duikers en duikopsigters, appèlle teen beslissings van die Raad, die geskiktheid van kandidate vir eksamens, organisasies vir duikopleiding en enige ander aangeleentheid waarvoor in hierdie hoofstuk van die regulasies voorsiening gemaak word of wat daarmee in verband staan.

(4) (a) Vir eksamendoeleindes bestaan 'n kworum van die Raad uit die Voorsitter, een geregistreerde duikinstrukteur of -opsigter en een ander lid.

(b) Indien daar 'n verskil van mening oor enige saak in verband met die eksaminering van 'n kandidaat ontstaan, word die saak beslis volgens die meerderheidstem van die lede van die Raad wat by die betrokke vergadering teenwoordig is, en by 'n staking van stemme het die Voorsitter, benewens 'n beraadslagende stem, ook 'n beslissende stem.

(5) 'n Kandidaat kan teen enige beslissing van die Raad na die Hoofinspekteur appelleer, wat dan die saak vir 'n verdere verslag na die Raad kan terug verwys. Die Hoofinspekteur se beslissing is finaal en bindend.".

21. Regulation F21 of the Regulations is hereby amended by the substitution for the expression "Board of Examiners" wherever it appears of the expression "Advisory Board and Board of Examiners".

22. Regulation F22 (1) of the Regulations is hereby amended by the substitution for the expression "Board of Examiners" wherever it appears of the expression "Advisory Board and Board of Examiners".

23. The following regulation is hereby inserted in the Regulations after regulation F22:

"F22A. *Notification of diving work*

(1) Every builder performing diving work, or who intends to perform diving work, shall furnish the Divisional Inspector in whose area the builder's established registered office is situated with the following information in writing:

(a) Name of builder;
(b) name or style under which the business is carried on;
(c) business address of the head office; and
(d) business address of branch offices.

(2) When a builder intends to perform diving work at diving depths exceeding 30 m and over periods in excess of 14 days, the builder shall, depending upon the place where the diving work is to be performed, furnish the Divisional Inspector concerned in writing with the following information:

(a) Location of the site of the diving operations;
(b) date of commencement and approximate date of completion of the work;
(c) maximum depth at which work will be performed;
(d) type of diving equipment that wil be used;
(e) type of respirable air to be supplied;
(f) location of diving supervisor;
(g) number of divers; and
(h) names of learner divers.".

24. The annexure in Addendum I hereof is hereby substituted for Annexure F28 (a), F28 (b), F28 (c) and F28 (d) of the Regulations.

25. The annexure in Addendum II hereof is hereby substituted for Annexure F29 of the Regulations.

ADDENDUM I

ANNEXURE F28 (a)

FACTORIES, MACHINERY AND BUILDING WORK ACT 1941

CERTIFICATE OF REGISTRATION FOR DIVING WORK

Certificate of registration No.....
It is hereby certified that.....
.....
(full name)

whose photograph, identity number and signature appear hereon, has in terms of regulation F....., made under the Factories, Machinery and Building Work Act, 1941, been registered as a.....

Date.....

.....
Chief Inspector of Factories

(Page 2)
Restrictions

.....
.....
.....

(Page 3)
Restrictions

.....
.....
.....

21. Regulasie F21 van die Regulasies word hierby gewysig deur die uitdrukking "Eksamenraad", waar dit ook al voorkom, deur die uitdrukking "Advies- en Eksamenraad" te vervang.

22. Regulasie F22 (1) van die Regulasies word hierby gewysig deur die uitdrukking "Eksamenraad", waar dit ook al voorkom, deur die uitdrukking "Advies- en Eksamenraad" te vervang.

23. Die volgende regulasie word hierby in die Regulasies ingevoeg ná regulasie F22.

(iii) in cases where a marriage is contracted and/or a driver's licence is obtained, the original marriage certificate and/or driver's licence if it has not been affixed in your identity document.

A. ■ 1. Identity number ☐☐☐☐☐☐ ☐☐☐☐ ☐☐ ☐

■ 2. Surname .....

3. First name(s) (in full) .....

Year Month Day

4. Date of birth ☐☐☐☐ / ☐☐ / ☐☐

■ 5. Do your present residential and/or postal address differ from those appearing on the form "Registered Address" in your identity document? YES ☐ NO ☐ (Mark appropriate square.)

If so, furnish the particulars by completing section B of this application form.

■ 6. I hereby apply for the reissue of an identity document for the reason(s) stated below (mark appropriate square with an X):

(a) ☐ My identity document has been lost or stolen.

Was the matter reported to the Police? YES ☐ NO ☐ (Mark appropriate square.)

If so: At which police station? ..... When? .....
Number of case? .....

(b) ☐ My identity document has been damaged.
(c) ☐ I have contracted a marriage.
(d) ☐ I have obtained a driver's licence.
(e) ☐ My driver's licence(s) has have/been permanently suspended/cancelled.
(f) ☐ The suspension of my driver's licence(s) expired on ..... *and* a further 3 years have elapsed since this date.

(*N.B.*—In terms of the Road Traffic Ordinances an endorsement suspending a licence may be removed only after 3 years from the date on which the suspension terminates.)

(g) ☐ My licence(s) to possess a fire-arm(s) has/have been cancelled.

(h) ☐ For Department use only.

7. In all cases except 6 (c) and (d) a revenue stamp to the value of R2,00 must be affixed in the square opposite and cancelled. Revenue stamp

8. Supply the following particulars regarding your present marriage and *all* your valid driver's licences:

(a) MARRIAGE

Full first name(s) of your husband/wife .....

■ His/her identity number ☐☐☐☐☐☐ ☐☐☐☐ ☐☐ ☐

■ Wife's—maiden name .....
former married surname(s) .....
Place ..... Date ..... of marriage.
Name and denomination of church or rank (e.g. magistrate) of marriage officer .....

(b) DRIVER'S LICENCE(S):

	1	2	3
Class of vehicle(s) for which issued			
Date of issue			
Registration authority by whom issued			

Was your driver's licence(s) issued subject to a restriction (e.g. drive with artificial limb)? YES ☐ NO ☐ (Mark appropriate square)

If so, give particulars .....

Is your driver's licence(s) currently—

(i) suspended/withdrawn? YES ☐ NO ☐ (Mark appropriate square.)

If so, when? ..... and for how long? .....

OR

(ii) cancelled? YES ☐ NO ☐ (Mark appropriate square.)

If so, when? .....

FOR OFFICIAL USE

■ Number of new identity documents re-issued in respect of driver's licences ..... (00–99)

	Licence code		Restriction code				Date issued										
							Day			Month			Year				
■									—			—					•
■									—			—					•
■									—			—					•
■									—			—					•
■									—			—					

9. *If your identity document is not enclosed*, the reason must be stated briefly below and this application must be sworn to/affirmed in the presence of a justice of the peace, commissioner of oaths or a police officer as indicated below, before it is signed.....

.....

.....
Date

.....
Signature

I certify that before administering the prescribed oath/affirmation, I asked the deponent the following questions and wrote down his/her answer in his/her presence:

Do you know and understand the contents of the above declaration? Answer .....
Do you have any objection to taking the prescribed oath? Answer.....
Do you consider the prescribed oath to be binding on your conscience? Answer.....

I certify that the deponent has acknowledged that he/she knows and understands the contents of this declaration, which was sworn to/affirmed before me and the deponent's signature/thumbprint/mark was placed thereon in my presence.

.....
*Justice of the Peace/Commissioner of Oaths/Police Officer

*Name in full (print).....
*Business address (print).....
.....
*Designation..... Area for which appointed.....
*Office (Rank—if appointed ex officio).....

University of Fort Hare
Together in Excellence

B. PARTICULARS OF RESIDENTIAL AND POSTAL ADDRESS

FOR OFFICIAL USE

	Prov.		ED			PD				BL			
■		—				—				—			

N.B.—(i) FULL-TIME STUDENTS AND SCHOLARS must supply as their RESIDENTIAL ADDRESS the address where they reside for study purposes, e.g. hostel, etc.

(ii) NATIONAL SERVICEMEN AND POLICE RECRUITS must not supply the addresses where they reside for their service /training, but only the permanent residential and postal address at which they resided immediately prior to commencing such training.

1. ■ My permanent residential address as from (state date) Year ____ Month ____ Day ____ is as follows:

■ .....
■ .....
■ .....
■ .....
■ .....

If—

(a) resident on subdivided farm/plot, state name and number of original farm/plot.....
(b) a full-time STUDENT/SCHOLAR, state name of study institution and where situated.....
(c) a NATIONAL SERVICEMAN/POLICE RECRUIT, state name of Defence Force section/Police college to which allocated
.....

2. (a) Postal address: Complete only if postal and residential addresses are NOT the same.

■ .....

(b) Telephone number: Home..... Work.....

FOR OFFICIAL USE

H.U.	
NAS	
LIAS	

Input voucher

B-I 10

AANSOEK OM DIE HERUITREIKING VAN 'N IDENTITEITSDOKUMENT (B-1 2)

L.W.—Hierdie aansoek moet tesame met die volgende dokumente by die naaste streekkantoor van die Departement van Binnelandse Sake ingedien word of aan genoemde streekkantoor of aan die Sekretaris van Binnelandse Sake, Privaatsak X114, Pretoria, 0001, versend word:

(i) U huidige identiteitsdokument;
(ii) twee onlangse identiese foto's van uself met u identiteitsnommer, van en voorname agterop elke foto geskryf; en
(iii) in gevalle waar 'n huwelik aangegaan is en/of 'n bestuurderslisensie verkry is, die oorspronklike huweliksertifikaat en/of bestuurderslisensie indien dit nie in u identiteitsdokument ingeplak is nie.

A. ■ 1. Identiteitsnommer ☐☐☐☐☐☐ ☐☐☐☐ ☐☐ ☐

■ 2. Van.....

3. Voorname (voluit).....

Jaar Maand Dag

4. Geboortedatum ☐ / ☐ / ☐

■ 5. Verskil u huidige woon- en/of posadres van dié wat op die vorm "Geregistreerde Adres" in u identiteitsdokument aangedui is/was? JA ☐ NEE ☐ (Merk toepaslike blokkie.)

Indien wel, verstrek die besonderhede deur gedeelte B van hierdie aansoekvorm in te vul.

■ 6. Ek doen hierby aansoek om die heruitreiking van 'n identiteitsdokument om die rede(s) hieronder aangedui [merk toepaslike blokkie(s) met X]:

(a) ☐ My identiteitsdokument is verlore of gesteel.

Is die saak by die Polisie aangemeld? JA ☐ NEE ☐ (Merk toepaslike blokkie.)

Indien wel: By watter polisiestasie?.....Wanneer?.....
Wat is die saaknommer?.....

(b) ☐ My identiteitsdokument is beskadig.
(c) ☐ Ek het 'n huwelik aangegaan.
(d) ☐ Ek het 'n bestuurderslisensie verkry.
(e) ☐ My bestuurderslisensie(s) is permanent ingetrek/gekanselleer.
(f) ☐ Die opskorting van my bestuurderslisensie(s) het op.....verstryk *en* 'n verdere 3 jaar het vanaf hierdie datum verloop.

(*L.W.*—Ingevolge die Ordonnansies op Padverkeer mag die opskortingsendossement verwyder word slegs ná verloop van 3 jaar vanaf die datum waarop die opskorting verstryk.)

(g) ☐ My lisensie(s) om 'n vuurwapen(s) te besit is gekanselleer.
(h) ☐ Slegs vir Departementele gebruik.

7. In alle gevalle behalwe item 6 (c) en (d) moet 'n inkomsteseël ter waarde van R2,00 in die blok hierteenoor aangebring en gerojeer word. Inkomsteseël

8. Verstrek die volgende besonderhede aangaande u huidige huwelik en *al* u geldige bestuurderslisensies:

(a) HUWELIK:

Volle voorname van u man/vrou.....

■ Sy/haar identiteitsnommer ☐☐☐☐☐☐ ☐☐☐☐ ☐☐ ☐

■ Eggenote se—noolensvan.....
vorige getroude van(ne).....
Plek..... Datum..... van huwelik.
Naam en kerkverband of amp (bv. landdros) van huweliksbevestiger.....
.....

(b) BESTUURDERSLISENSIE(S):

	1	2	3
Klas voertuig(e) waarvoor uitgereik.....			
Datum van uitreiking.....			
Lisensie-owerheid wat dit uitgereik het.....			

Is u bestuurderslisensie(s) onderhewig aan 'n beperking uitgereik (bv. bestuur met kunsmatige ledemaat)? JA ☐ NEE ☐ (Merk toepaslike blokkie.)

Indien wel, gee besonderhede.....
.....

Is u bestuurderslisensie(s) teenswoordig—

(i) opgeskort/ingetrek? JA ☐ NEE ☐ (Merk toepaslike blokkie.)

Indien wel, op watter datum..... en vir watter tydperk.....
OF

(ii) gekanselleer? JA ☐ NEE ☐ (Merk toepaslike blokkie.)

Indien wel, op watter datum?.....

VIR AMPTELIKE GEBRUIK

■ Getal heruitreikings van 'n nuwe identiteitsdokument ten opsigte van bestuurderslisensies ..... (00–99)

	Lisensiekode		Beperkingskode				Datum uitgereik										
							Dag			Maand			Jaar				
■									—			—					•
■									—			—					•
■									—			—					•
■									—			—					•
■									—			—					

9. *Indien u identiteitsdokument nie aangeheg is nie*, moet die rede daarvoor kortliks hieronder verstrek word en hierdie aansoek in teenwoordigheid van 'n vrederegter, kommissaris van ede of polisiebeampte soos hieronder aangedui, beëdig/bevestig word alvorens dit onderteken word .....

.....

.....
Datum

.....
Handtekening

Ek sertifiseer dat voordat ek die voorgeskrewe eed/bevestiging afgeneem het, ek die volgende vrae aan die verklaarder gestel het en sy/haar antwoord in sy/haar teenwoordigheid neergeskryf het:

Is u vertroud met die inhoud van bostaande verklaring en begryp u dit? Antwoord .....
Het u enige beswaar teen die aflê van die voorgeskrewe eed? Antwoord .....
Beskou u die voorgeskrewe eed as bindend vir u gewete? Antwoord .....

Ek sertifiseer dat die verklaarder erken dat hy/sy vertroud is met die inhoud van die verklaring en dit begryp. Hierdie verklaring is beëdig/bevestig voor my en die verklaarder se handtekening/duimafdruk/merk is in my teenwoordigheid daarop aangebring.

.....
*Vrederegter/Kommissaris van Ede/Polisiebeampte

*Volle naam (drukletters) .....
*Besigheidsadres (drukletters) .....
.....
*Ampstitel ..... Gebied waarvoor aangestel .....
*Amp (Rang—indien ampshalwe aangestel) .....

B. BESONDERHEDE VAN WOON- EN POSADRES

VIR AMPTELIKE GEBRUIK

	Prov.	KA	SD	BL
■		—	—	—

L.W.—(i) VOLTYDSE STUDENTE EN SKOLIERE moet die adresse waar hulle vir studiedoeleindes woon, bv. dié van koshuise, ens., as hulle WOONADRES verstrek.

(ii) NASIONALE DIENSPLIGTIGES EN POLISIEKWEKELINGE moet nie adresse waar hulle vir hul diensplig/opleiding inwoon, aangee nie maar slegs die vaste woon- en posadres waar hulle woonagtig was onmiddellik voordat daar met sodanige opleiding begin is.

Jaar — Maand — Dag

1. ■ My vaste woonadres vanaf (meld datum) [ ] — [ ] — [ ] is soos volg:

■ .....
■ .....
■ .....
■ .....
■ .....

Indien—

(a) woonagtig op onderverdeelde plaas/kleinhoewe, meld naam en nommer van oorspronklike plaas/kleinhoewe .....
(b) 'n voltydse STUDENT/SKOLIER, meld naam van opvoedkundige inrigting en waar geleë .....
(c) 'n NASIONALE DIENSPLIGTIGE/POLISIEKWEKELING, meld naam van weermagsdeel/polisiekollege waarby ingedeel .....

2. (a) Posadres: Vul net in as pos- en woonadres NIE dieselfde is NIE.

■ .....

(b) Telefoonnommer: Huis ..... Werk .....

VIR AMPTELIKE GEBRUIK

	H.U	
	NAS	
	LIAS	
		Invoerbewys

University of Fort Hare
Together in Excellence

Buy National Savings Certificates

Koop Nasionale Spaarsertifikate

AGROANIMALIA

This publication is a continuation of the South African Journal of Agricultural Science Vol. 1 to 11, 1958-1968 and deals with Animal Production and Technology, Livestock Management and Ecology, Physiology, Genetics and Breeding, Dairy Science and Nutrition. Four parts of the journal are published annually.

Contributions of scientific merit on agricultural research are invited for publication in this journal. Directions for the preparation of such contributions are obtainable from the Director, Agricultural Information, Private Bag X144, Pretoria, to whom all communications in connection with the journal should be addressed.

The journal is obtainable from the above-mentioned address at R1,50 per copy or R6 per annum, post free (Other countries R1,75 per copy or R7 per annum).

Sales tax must accompany all inland orders.

AGROANIMALIA

Hierdie publikasie is 'n voortsetting van die Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Landbouwetenskap Jaargang 1 tot 11, 1958-1968 en bevat artikels oor Diereproduksie en -tegnologie, Diereversorging en -ekologie, Fisiologie, Genetika en Teelt, Suiwelkunde en Voeding. Vier dele van die tydskrif word per jaar gepubliseer.

Verdienstelike landboukundige bydraes van oorspronklike wetenskaplike navorsing word vir plasing in hierdie tydskrif verwelkom. Voorskrifte vir die opstel van sulke bydraes is verkrygbaar van die Direkteur, Landbou-inligting, Privaatsak X144, Pretoria, aan wie ook alle navrae in verband met die tydskrif gerig moet word.

Die tydskrif is verkrygbaar van bogenoemde adres teen R1,50 per eksemplaar of R6 per jaar, posvry (Buitelands R1,75 per eksemplaar of R7 per jaar).

Verkoopbelasting moet by alle binnelandse bestellings ingesluit word.

MEMOIRS OF THE BOTANICAL SURVEY OF SOUTH AFRICA

The memoirs are individual treatises usually of an ecological nature, but sometimes taxonomic or concerned with economic botany. Thirty-nine numbers have been published, some of which are out of print.

Obtainable from the Director, Division of Agricultural Information, Private Bag X144, Pretoria.

Sales tax must accompany inland orders.

MEMOIRS VAN DIE BOTANIESE OPNAME VAN SUID-AFRIKA

Die memoirs is individuele verhandelings, gewoonlik ekologies van aard, maar soms handel dit oor taksonomiese of ekonomiese-plantkundige onderwerpe. Nege-en-dertig nommers is reeds gepubliseer waarvan sommige uit druk is.

Verkrygbaar van die Direkteur, Afdeling Landbou-inligting, Privaatsak X144, Pretoria.

Verkoopbelasting moet by binnelandse bestellings ingesluit word.

CONTENTS

No.		Page No.	Gazette No.
	PROCLAMATION		
R. 93	Population Registration Amendment Act (35/1980): Coming into operation.....	1	7047
	GOVERNMENT NOTICE		
	Interior, Department of the		
	Government Notice		
R. 1114	Population Registration Act (30/1950): Amendment of Regulations.....	1	7047

INHOUD

No.		Bladsy No.	Staatskoerant No.
	PROKLAMASIE		
R. 93	Wysigingswet op Bevolkingsregistrasie (35/1980): Inwerkingtreding.....	1	7047
	GOEWERMENTSKENNISGEWING		
	Binnelandse Sake, Departement van		
	Goewermentskennisgewing		
R. 1114	Bevolkingsregistrasiewet (30/1950): Wysiging van Regulasies.....	1	7047

University of Pretoria
Together in Excellence

7048

University of Perpetual
Together in Excellence

REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

GOVERNMENT GAZETTE

STAATSKOERANT

VAN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

Together in Excellence

Registered at the Post Office as a Newspaper *As 'n Nuusblad by die Poskantoor Geregistreer*

PRICE + 1c GST 20c PRYS + 1c AVB
ABROAD 30c BUITELANDS
POST FREE · POSVRY

VOL. 179] CAPE TOWN, 28 MAY 1980 KAAPSTAD, 28 MEI 1980 [No. 7048

DEPARTMENT OF THE PRIME MINISTER

No. 1116. 28 May 1980.

It is hereby notified that the State President has assented to the following Act which is hereby published for general information:—

No. 69 of 1980: State Trust Board Amendment Act, 1980.

DEPARTEMENT VAN DIE EERSTE MINISTER

No. 1116. 28 Mei 1980.

Hierby word bekend gemaak dat die Staatspresident sy goedkeuring geheg het aan die onderstaande Wet wat hierby ter algemene inligting gepubliseer word:—

No. 69 van 1980: Wysigingswet op die Staatstrustraad, 1980.

ALGEMENE VERDUIDELIKENDE NOTA:

Woorde met 'n volstreep daaronder, dui invoegings in bestaande verordenings aan.

WET

Tot wysiging van die Wet op die Staatstrustraad, 1979, ten einde die bepaling dat die voorsitter van die Staatstrustraad 'n heeltydse lid van daardie raad moet wees, te skrap; die registrasie van die oordrag van geaffekteerde aandele aan daardie raad meer in besonderhede te reël; voorsiening te maak vir die tersydestelling van sodanige registrasie; daardie raad te magtig om met die oog op die bereiking van sy oogmerke sekere ondersoeke in te stel; te bepaal dat alle siviele gedinge teen daardie raad voor 1 Maart 1981 ingestel moet word en dat kennis vooraf aan daardie raad gegee moet word van die instelling van sodanige gedinge; en die lede van daardie raad en sekere beamptes te vrywaar teen aanspreeklikheid vir handelinge wat te goeder trou kragtens die bepalings van daardie Wet verrig is; en om vir bykomstige aangeleenthede voorsiening te maak.

(*Afrikaanse teks deur die Staatspresident geteken.*)
(*Goedgekeur op 23 Mei 1980.*)

DAAR WORD BEPAAL deur die Staatspresident, die Senaat en die Volksraad van die Republiek van Suid-Afrika, soos volg:—

Wysiging van artikel 2 van Wet 88 van 1979

1. Artikel 2 van die Wet op die Staatstrustraad, 1979 (hieronder die Hoofwet genoem), word hierby gewysig deur subartikel (3) te skrap.

Wysiging van artikel 6 van Wet 88 van 1979

2. Artikel 6 van die Hoofwet word hierby gewysig deur paragraaf *(c)* van subartikel (2) deur die volgende paragraaf te vervang:

„*(c)* (i) Die sekretaris van 'n maatskappy moet by die voorlegging aan hom van 'n sertifikaat deur die raad uitgereik met die strekking dat bepaalde aandele in daardie maatskappy geaffekteerde aandele is, in die lederegister van daardie maatskappy die oordrag van daardie aandele aan die raad ooreenkomstig artikel 133 van die Maatskappywet, 1973 (Wet No. 61 van 1973), registreer asof daardie sertifikaat 'n gepaste oordragakte, soos in daardie artikel bedoel, van daardie aandele is, en moet aan die persoon in wie se naam daardie aandele geregistreer is, skriftelik kennis gee van sodanige registrasie, en by sodanige registrasie word die raad, behoudens die bepalings van subparagrawe (ii) en (iii), 'n lid van daardie maatskappy en is hy, as die houer van daardie aandele, bevoeg en verplig om alle bevoegdhede uit te oefen en alle pligte te verrig wat ingevolge daardie Wet aan so 'n houer verleen of opgelê word.

(ii) Enigiemand wat hom veronreg ag deur die registrasie van die oordrag van aandele ingevolge subparagraaf (i) kan binne 'n tydperk van 30 dae

GENERAL EXPLANATORY NOTE:

Words underlined with solid line indicate insertions in existing enactments

ACT

To amend the State Trust Board Act, 1979, so as to delete the provision that the chairman of the State Trust Board shall be a full-time member of that board; to regulate in greater detail the registration of the transfer of affected shares to that board; to provide for the setting aside of such registration; to empower that board to conduct certain enquiries with a view to the achievement of its objects; to provide that all civil actions against that board shall be instituted before 1 March 1981 and that prior notice shall be given to that board of the institution of such actions; and to indemnify the members of that board and certain officers against liability for acts performed in good faith under the provisions of that Act; and to provide for incidental matters.

University of Fort Hare
Together in Excellence

(Afrikaans text signed by the State President.)
(Assented to 23 May 1980.)

BE IT ENACTED by the State President, the Senate and the House of Assembly of the Republic of South Africa, as follows:—

Amendment of section 2 of Act 88 of 1979.

1. Section 2 of the State Trust Board Act, 1979 (hereinafter referred to as the principal Act), is hereby amended by the deletion of subsection (3).

Amendment of section 6 of Act 88 of 1979.

2. Section 6 of the principal Act is hereby amended by the substitution for paragraph *(c)* of subsection (2) of the following paragraph:

"*(c)* (i) The secretary of a company shall upon the production to him of a certificate issued by the board to the effect that particular shares in that company are affected shares, register in the register of members of that company the transfer to the board of those shares in accordance with section 133 of the Companies Act, 1973 (Act No. 61 of 1973), as if that certificate were a proper instrument of transfer, as contemplated in that section, of those shares, and shall give to the person in whose name such shares have been registered written notice of such registration, and upon such registration the board shall, subject to the provisions of subparagraphs (ii) and (iii), become a member of that company and shall, as the holder of such shares, be entitled and obliged to exercise all powers and to carry out all duties conferred or imposed upon such holder by that Act.

(ii) Any person who feels aggrieved at the registration of the transfer of shares in terms of subparagraph (i) may within a period of 30 days from the date of

vanaf die datum van daardie registrasie, by die Transvaalse Provinsiale Afdeling van die Hooggeregshof aansoek doen om die tersydestelling van die registrasie, en daardie Afdeling kan die bevel uitreik wat hy in die omstandighede billik ag.

(iii) Die raad is nie bevoeg om gedurende die tydperk in subparagraaf (ii) vermeld of, indien 'n aansoek in daardie subparagraaf vermeld, gedoen is, totdat daardie aansoek finaal afgehandel is, enige aandele waarvan die oordrag ingevolge hierdie paragraaf geregistreer is, oor te dra nie.".

Invoeging van artikel 6A in Wet 88 van 1979

3. Die volgende artikel word hierby in die Hoofwet na artikel 6 ingevoeg:

"Ondersoek deur raad

6A. (1) *(a)* Die raad kan met die oog op die bereiking van sy oogmerk in artikel 4 vermeld die ondersoek wat hy nodig ag, instel, en die raad kan iemand wat na sy oordeel inligting kan verstrek wat die raad in staat sou kon stel om daardie oogmerk te bereik, dagvaar om voor hom te verskyn en getuienis af te lê of om 'n boek, geskrif of saak wat in sy besit of bewaring of onder sy beheer is en wat na die oordeel van die raad op die onderwerp van die ondersoek betrekking het, voor te lê, en die raad kan iemand wat aldus gedagvaar is, ondervra en 'n boek, geskrif of saak aldus voorgelê, ondersoek en vir 'n redelike tyd hou.

(b) In verband met die ondervraging van iemand kragtens hierdie artikel gedagvaar of die voorlegging deur so iemand van 'n boek, geskrif of saak, is die regsreëls met betrekking tot privilegie wat geld in die geval van 'n persoon wat gedagvaar is om voor 'n geregshof getuienis af te lê of om 'n boek, geskrif of saak voor te lê, van toepassing: Met dien verstande dat so iemand nie kan weier om 'n vraag gedurende sodanige ondervraging aan hom gestel, te beantwoord nie op grond daarvan dat die antwoord die strekking kan hê om hom te inkrimineer.

(2) 'n Dagvaarding ingevolge subartikel (1) is in die vorm wat die voorsitter van die raad bepaal, word deur die voorsitter onderteken en word op dieselfde wyse beteken as 'n dagvaarding van 'n getuie in 'n strafgeding in die Hooggeregshof.

(3) *(a)* Wanneer die raad dit nodig ag, kan hy iemand wat kragtens hierdie artikel gedagvaar is, gelas om sy getuienis onder eed of na die doen van 'n bevestiging af te lê.

(b) Die persoon wat by 'n ondersoek gehou ingevolge hierdie artikel voorsit, kan aan iemand wat aldus gedagvaar is die eed oplê of van hom 'n bevestiging aanneem.

(4) Iemand wat kragtens hierdie artikel gedagvaar is, is geregtig om deur 'n advokaat of prokureur bygestaan te word wanneer hy ondervra word.

(5) Die voorsitter van die raad of die persoon wat by so 'n ondersoek voorsit, kan enige persoon aanwys om getuienis aan die raad voor te lê, om iemand wat as getuie gedagvaar is, te ondervra en om 'n betoog betreffende die onderwerp van die ondersoek te lewer.

(6) Enige getuienis of betoog by 'n ondersoek ingevolge hierdie artikel word in die openbaar aangehoor: Met dien verstande dat die persoon wat by die ondersoek voorsit, kan gelas dat sodanige getuienis of betoog agter geslote deure aangehoor moet word indien hy van oordeel is dat die openbaarmaking daarvan die raad by die verrigting van sy werksaamhede kan belemmer of die behoorlike verrigting van daardie werksaamhede nadelig kan raak of die veiligheid van die Staat in gevaar kan stel.

University of Pretoria
Together in Excellence

that registration apply to the Transvaal Provincial Division of the Supreme Court for the setting aside of the registration, and that Division may make such order as in the circumstances it may deem just

(iii) During the period referred to in subparagraph (ii) or, if an application mentioned in that subparagraph has been made, until such application has been finally disposed of, the board shall not be entitled to transfer any shares the transfer of which has been registered in terms of this paragraph.".

Insertion of section 6A in Act 88 of 1979.

3. The following section is hereby inserted in the principal Act after section 6:

"Enquiry by board.

6A. (1) *(a)* The board may with a view to achieving its object referred to in section 4 conduct such enquiry as it may deem fit, and the board may summon any person who in its opinion may be able to give information which could enable the board to achieve that object, to appear before it and to give evidence or to produce any book, writing or matter which is in his possession or custody or under his control and which in the opinion of the board is relevant to the subject matter of the enquiry, and the board may examine any person so summoned and inspect and retain for a reasonable period any book, writing or matter so produced.

(b) In connection with the examination of any person summoned under this section or the production by such person of any book, writing or matter, the law relating to privilege as applicable to a person subpoenaed to give evidence or to produce any book, writing or matter before a court of law shall apply: Provided that such person may not refuse to answer any question put to him during such examination on the ground that the answer may tend to incriminate him.

(2) Any summons in terms of subsection (1) shall be in the form determined by the chairman of the board, shall be signed by the chairman and shall be served in the same manner as a subpoena of a witness in criminal proceedings in the Supreme Court.

(3) *(a)* Whenever the board deems it necessary it may direct any person summoned under this section to give his evidence on oath or after having made an affirmation.

(b) The person presiding at an enquiry conducted in terms of this section may administer the oath to or accept an affirmation from any person so summoned.

(4) Any person summoned under this section shall be entitled to be assisted by an advocate or attorney when he is examined.

(5) The chairman of the board or the person presiding at such enquiry, may designate any person to present evidence to the board, to examine any person summoned as a witness and to present an argument regarding the subject matter of the enquiry.

(6) Any evidence or argument at an enquiry in terms of this section shall be heard in public: Provided that the person presiding at the enquiry may direct that such evidence or argument shall be heard *in camera* if he is of the opinion that the publication thereof may obstruct the board in the performance of its functions or may prejudicially affect the proper performance of such functions or may endanger the safety of the State.

(7) Iemand wat kragtens hierdie artikel gedagvaar is, is geregtig om uit die Inligtingstrustrekening as getuiegeld 'n bedrag te ontvang wat gelyk is aan die bedrag wat hy as getuiegeld sou ontvang het as hy gedagvaar was om 'n strafgeding in die Hooggeregshof, gehou op die plek vermeld in die dagvaarding wat aan hom beteken is, by te woon.

(8) Iemand wat—

(a) gedagvaar is om voor die raad te verskyn om getuienis af te lê of 'n boek, geskrif of saak voor te lê en wat sonder voldoende rede (waarvan die bewyslas op hom rus) versuim om op die tyd en plek in die dagvaarding aangegee, te verskyn, of om aanwesig te bly totdat die ondersoek voltooi is of totdat die persoon wat by die ondersoek voorsit hom verlof gegee het om afwesig te wees, of na verskyning weier om as getuie die eed af te lê of 'n bevestiging te doen nadat die persoon wat aldus voorsit dit van hom vereis het of, na eedaflegging of bevestiging, weier om elke wettig aan hom gestelde vraag ten volle en op bevredigende wyse te beantwoord, of versuim om 'n boek, geskrif of saak voor te lê wat in sy besit of bewaring of onder sy beheer is en tot voorlegging waarvan hy gedagvaar is;

(b) nadat hy die eed afgelê of 'n bevestiging gedoen het, omtrent enige onderwerp valse getuienis voor die raad aflê met die wete dat daardie getuienis vals is of terwyl hy nie weet of glo dat dit juis is nie,

is aan 'n misdryf skuldig en by skuldigbevinding strafbaar met 'n boete van hoogstens R2 000 of met gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens twaalf maande of met daardie boete sowel as daardie gevangenisstraf.".

University of Fort Hare
Together in Excellence

Wysiging van artikel 7 van Wet 88 van 1979.

4. Artikel 7 van die Hoofwet word hierby gewysig deur die volgende subartikel by te voeg:

„(6) Enige siviele geding teen die raad wat voortvloei uit verpligtinge van die Staat wat geskep is of voortspruit soos in artikel 6 (1) bedoel, moet ingestel word voor 1 Maart 1981, en skriftelike kennis van enige sodanige geding, en van die oorsaak daarvan, moet aan die raad gegee word minstens een maand voor die instelling daarvan.".

Invoeging van artikel 10A in Wet 88 van 1979.

5. (1) Die volgende artikel word hierby in die Hoofwet na artikel 10 ingevoeg:

„Vrywaring.

10A. 'n Lid van die raad of enige beampte in artikel 9 vermeld, is nie aanspreeklik ten opsigte van enigiets wat te goeder trou kragtens hierdie Wet gedoen is nie.".

(2) Subartikel (1) word geag op 19 Junie 1979 in werking te getree het.

Kort titel.

6. Hierdie Wet heet die Wysigingswet op die Staatstrustraad, 1980.

(7) Any person summoned under this section shall be entitled to receive as witness fees from the Information Trust Account an amount equal to the amount which he would have received as witness fees if he had been summoned to attend at criminal proceedings in the Supreme Court, held at the place mentioned in the summons served upon him.

(8) Any person who—

(a) having been summoned to appear before the board to give evidence or to produce any book, writing or matter, without sufficient cause (the onus of proof whereof shall rest upon him) fails to attend at the time and place specified in the summons, or to remain in attendance until the conclusion of the inquiry or until he is excused by the person presiding at the enquiry from further attendance, or having attended, refuses to be sworn or to make affirmation as a witness after he has been required by the person so presiding to do so, or having been sworn or having made an affirmation, fails to answer fully and satisfactorily any question lawfully put to him, or fails to produce any book, writing or matter in his possession or custody or under his control which he has been summoned to produce;

(b) having been sworn or having made affirmation, gives false evidence before the board on any matter, knowing such evidence to be false or not knowing or believing it to be true,

shall be guilty of an offence and liable on conviction to a fine not exceeding R2 000 or to imprisonment for a period not exceeding twelve months or to both such fine and such imprisonment.".

University of Fort Hare
Together in Excellence

Amendment of section 7 of Act 88 of 1979.

4. Section 7 of the principal Act is hereby amended by the addition of the following subsection:

"(6) Any civil action against the board arising from liabilities of the State which were created or arose as contemplated in section 6 (1) shall be instituted before 1 March 1981, and written notice of any action as well as its cause shall be given to the board not less than one month before the institution thereof.".

Insertion of section 10A in Act 88 of 1979.

5. (1) The following section is hereby inserted in the principal Act after section 10:

"Indemnity

10A. A member of the board or any officer referred to in section 9 shall not be liable in respect of anything done *bona fide* under this Act.".

(2) Subsection (1) shall be deemed to have come into operation on 19 June 1979

Short title.

6. This Act shall be called the State Trust Board Amendment Act, 1980.

7049
University of Fort Hare
Together in Excellence

REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

GOVERNMENT GAZETTE

STAATSKOERANT

VAN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

Registered at the Post Office as a Newspaper — *As 'n Nuusblad by die Poskantoor Geregistreer*

PRICE + 1c GST 20c PRYS + 1c AVB
ABROAD 30c BUITELANDS
POST FREE · POSVRY

VOL. 179] CAPE TOWN, 28 MAY 1980 KAAPSTAD, 28 MEI 1980 [No. 7049

University of Fort Hare
Together in Excellence

DEPARTMENT OF THE PRIME MINISTER

No. 1117. 28 May 1980.

It is hereby notified that the State President has assented to the following Act which is hereby published for general information:—

No. 70 of 1980: Republic of South Africa Constitution Amendment Act, 1980.

DEPARTEMENT VAN DIE EERSTE MINISTER

No. 1117. 28 Mei 1980.

Hierby word bekend gemaak dat die Staatspresident sy goedkeuring geheg het aan die onderstaande Wet wat hierby ter algemene inligting gepubliseer word:—

No. 70 van 1980: Wysigingswet op die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1980.

Wet No. 70, 1980 WYSIGINGSWET OP DIE GRONDWET VAN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA, 1980

ALGEMENE VERDUIDELIKENDE NOTA:

[ ] Woorde in vet druk tussen vierkantige hake dui skrappings uit bestaande verordenings aan.

Woorde met 'n volstreep daaronder, dui invoegings in bestaande verordenings aan.

WET

Tot wysiging van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1961, ten einde die tydperk waartydens 'n Minister sy amp mag beklee sonder dat hy lid van die Senaat of die Volksraad is, te verleng; en aan 'n Minister wat nie so 'n lid is nie, sekere bevoegdhede te verleen; en om vir bykomstige aangeleenthede voorsiening te maak.

(Engelse teks deur die Staatspresident geteken.)
(Goedgekeur op 23 Mei 1980.)

DAAR WORD BEPAAL deur die Staatspresident, die Senaat en die Volksraad van die Republiek van Suid-Afrika, soos volg:—

University of Fort Hare

Wysiging van artikel 20 van Wet 32 van 1961, soos gewysig deur artikel 2 van Wet 9 van 1967.

1. Artikel 20 van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1961 (hieronder die Hoofwet genoem), word hierby gewysig deur subartikel (3) deur die volgende subartikel te vervang:

„(3) 'n Minister beklee nie sy amp langer as **[drie]** twaalf maande sonder dat hy lid van die Senaat of die Volksraad is of word nie, en iemand wat 'n Minister was sonder dat hy lid van die Senaat of die Volksraad was, word nie weer as Minister aangestel sonder dat hy so 'n lid is nie.".

Wysiging van artikel 54 van Wet 32 van 1961.

2. Artikel 54 van die Hoofwet word hierby gewysig deur die volgende subartikel by te voeg:

„(5) 'n Minister wat nie lid van die Senaat of die Volksraad is nie, het die reg om in die Senaat en in die Volksraad sitting te neem en te praat, maar mag nie in die Senaat of die Volksraad stem nie.".

Wysiging van artikel 1 van Wet 91 van 1963, soos gewysig deur artikel 13 van Wet 33 van 1974.

3. Artikel 1 van die Wet op die Bevoegdhede en Voorregte van die Parlement, 1963, word hierby gewysig deur die omskrywing van „lid" deur die volgende omskrywing te vervang:

„'lid' 'n lid van die Senaat of die Volksraad en ook 'n Minister wat nie so 'n lid is nie;".

Kort titel.

4. Hierdie Wet heet die Wysigingswet op die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1980.

REPUBLIC OF SOUTH AFRICA CONSTITUTION AMENDMENT ACT, 1980 **Act No. 70, 1980**

GENERAL EXPLANATORY NOTE:

[ ] Words in bold type in square brackets indicate omissions from existing enactments.

Words underlined with solid line indicate insertions in existing enactments.

ACT

To amend the Republic of South Africa Constitution Act, 1961, to extend the period during which a Minister may hold office without being a member of the Senate or the House of Assembly; and to confer certain powers upon a Minister who is not such a member; and to provide for matters connected therewith.

(English text signed by the State President.)
(Assented to 23 May 1980.)

BE IT ENACTED by the State President, the Senate and the House of Assembly of the Republic of South Africa, as follows:—

University of Fort Hare

Amendment of section 20 of Act 32 of 1961, as amended by section 2 of Act 9 of 1967.

1. Section 20 of the Republic of South Africa Constitution Act, 1961 (hereinafter referred to as the principal Act), is hereby amended by the substitution for subsection (3) of the following subsection:

"(3) No Minister shall hold office for a longer period than **[three]** twelve months unless he is or becomes a member of the Senate or the House of Assembly, and a person who was a Minister without being a member of the Senate or the House of Assembly shall not again be appointed as a Minister unless he is such a member.".

Amendment of section 54 of Act 32 of 1961.

2. Section 54 of the principal Act is hereby amended by the addition of the following subsection:

"(5) A Minister who is not a member of the Senate or the House of Assembly shall have the right to sit and to speak in the Senate and in the House of Assembly, but shall not vote in the Senate or the House of Assembly.".

Amendment of section 1 of Act 91 of 1963, as amended by section 13 of Act 33 of 1974.

3. Section 1 of the Powers and Privileges of Parliament Act, 1963, is hereby amended by the substitution for the definition of "member" of the following definition:

"'member' means a member of the Senate or the House of Assembly and includes a Minister who is not such a member;".

Short title.

4. This Act shall be called the Republic of South Africa Constitution Amendment Act, 1980.

7050

REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

GOVERNMENT GAZETTE

STAATSKOERANT

VAN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

REGULATION GAZETTE No. 3012 PRICE + 1c GST 20c PRYS + 1c AVB REGULASIEKOERANT No. 3012

Registered at the Post Office as a Newspaper ABROAD 30c BUITELANDS *As 'n Nuusblad by die Poskantoor Geregistreer*

POST FREE · POSVRY

VOL. 179] PRETORIA, 26 MAY MEI 1980 [No. 7050

PROCLAMATION

by the State President of the Republic of South Africa

No. R. 95, 1980

COMMISSION OF INQUIRY INTO SUBSISTENCE AND TRAVELLING ALLOWANCES OF JUDGES AND JUDGES' CLERKS

Under the powers vested in me by section 1 of the Commissions Act, 1947 (Act 8 of 1947), I hereby declare that the provisions of that Act, with the exception of the provisions of section 4 thereof, shall apply to the Commission of Inquiry into Subsistence and Travelling Allowances of Judges and Judges' Clerks appointed by me on the 26th day of May 1980, and I hereby make the regulations contained in the Schedule with reference to the said Commission.

Given under my Hand and the Seal of the Republic of South Africa at Cape Town this Twenty-sixth day of May, One thousand Nine hundred and Eighty.

M. VILJOEN, State President.

By Order of the State President-in-Council:

A. L. SCHLEBUSCH.

SCHEDULE

REGULATIONS

1. In these regulations, unless the context otherwise indicates—

"Chairman" means the Chairman of the Commission;

"Commission" means the Commission of Inquiry into Subsistence and Travelling Allowances of Judges and Judges' Clerks;

"document" includes any book, pamphlet, record, list, circular, plan, placard, poster, publication, drawing, photograph or picture;

"inquiry" means the inquiry being conducted by the Commission;

"member" means a member of the Commission;

PROKLAMASIE

van die Staatspresident van die Republiek van Suid-Afrika

No. R. 95, 1980

KOMMISSIE VAN ONDERSOEK NA REIS- EN VERBLYFTOELAES VAN REGTERS EN REGTERSKLERKE

Kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel 1 van die Kommissiewet, 1947 (Wet 8 van 1947), verklaar ek hierby dat die bepalings van daardie Wet, met uitsondering van die bepalings van artikel 4 daarvan, van toepassing is op die Kommissie van Ondersoek na Reis- en Verblyftoelaes van Regters en Regtersklerke wat ek op die 26ste dag van Mei 1980 aangestel het en vaardig ek hierby die regulasies in die Bylae vervat met betrekking tot die genoemde Kommissie uit.

Gegee onder my Hand en die Seël van die Republiek van Suid-Afrika te Kaapstad, op hede die Ses-en-twintigste dag van Mei Eenduisend Negehonderd-en-tagtig.

M. VILJOEN, Staatspresident.

Op las van die Staatspresident-in-rade:

A. L. SCHLEBUSCH.

BYLAE

REGULASIES

1. In hierdie regulasies, tensy uit die samehang anders blyk, beteken—

"beampte" iemand wat in die voltydse diens van die Staat is en wat aangestel of aangewys is om die Kommissie by die uitvoering van sy werksaamhede behulpsaam te wees;

"dokument" ook 'n boek, pamflet, aantekening, lys, omsendbrief, plan, plakkaat, aanplakbiljet, publikasie, tekening, foto of prent;

"Kommissie" die Kommissie van Ondersoek na Reis- en Verblyftoelaes van Regters en Regtersklerke;

"lid" 'n lid van die Kommissie;

"officer" means a person in the full-time service of the State who has been appointed or designated to assist the Commission in the performance of its functions;

"premises" includes any land, building, structure, part of a building or structure, vehicle, conveyance, vessel or aircraft.

2. The proceedings of the Commission shall be recorded in the manner determined by the Chairman.

3. (1) Any person appointed or designated to take down or record the proceedings of the Commission in shorthand or by mechanical means or to transcribe such proceedings which have been so taken down or recorded shall at the outset take an oath or make an affirmation in the following form:

I, A.B., declare under oath/affirm and declare—

(a) that I shall faithfully and to the best of my ability take down record the proceedings of the Commission of Inquiry into Subsistence and Travelling Allowances of Judges and Judges' Clerks in shorthand/by mechanical means as directed by the Chairman;

(b) that I shall transcribe fully and to the best of my ability any shorthand notes/mechanical record of the proceedings of the said Commission made by me or by any other person.

(2) No shorthand notes or mechanical record of the proceedings of the Commission shall be transcribed except by order of the Chairman.

4. An officer designated thereto by the Chairman may be present at the hearing of evidence at the inquiry and adduce evidence and arguments relating to the inquiry.

5. The Chairman or an officer generally or specially authorised thereto by the Chairman shall administer an oath or affirmation to any witness appearing before the Commission.

6. Any witness appearing before the Commission may only be cross-examined by a person if the Chairman permits such cross-examination by such person because the Chairman deems it necessary in the interests of the functions of the Commission.

7. (a) Evidence shall be heard *in camera* unless otherwise directed by the Chairman.

(b) If any person who gave or is giving evidence before the Commission or has been summoned so to give evidence so requests the Commission, no person shall publish in any manner whatsoever the name or address of such person or any information likely to reveal his identity.

8. Any witness appearing before the Commission may, in the discretion of the Chairman and in such manner as may be determined by him, be assisted by an advocate or an attorney.

9. The Chairman, any member, or any officer may, for the purposes of the inquiry of the Commission, at all reasonable times enter and inspect any premises and demand and seize any document on or kept on such premises.

10. Every person employed in carrying out the functions of the Commission, including any person appointed or designated to transcribe proceedings of the Commission taken down in shorthand or recorded by mechanical means; shall assist in preserving secrecy in regard to any matter or information that may come to his knowledge in the performance of his duties in connection with the said functions, except in so far as the

"ondersoek" die ondersoek wat deur die Kommissie ingestel word;

"perseel" ook grond of 'n gebou, bouwerk, gedeelte van 'n gebou of bouwerk, voertuig, vervoermiddel, vaartuig of lugvaartuig;

"Voorsitter" die voorsitter van die Kommissie.

2. Die verrigtinge van die Kommissie moet op die wyse wat die Voorsitter bepaal, genotuleer word.

3. (1) Iemand wat aangestel of aangewys is om die verrigtinge van die Kommissie in snelskrif aan te teken of op meganiese wyse op te neem of om sodanige verrigtinge wat aldus aangeteken of opgeneem is, te transkribeer, moet vooraf 'n eed of bevestiging in die volgende vorm aflê:

Ek, A.B., verklaar onder eed/bevestig en verklaar—

(a) dat ek getrou en na my beste vermoë die verrigtinge van die Kommissie van Ondersoek na Reis- en Verblyftoelaes van Regters en Regtersklerke in snelskrif sal aanteken/op meganiese wyse sal opneem soos deur die Voorsitter gelas;

(b) dat ek enige snelskrifaantekeninge/meganiese opname van die verrigtinge van genoemde Kommissie deur my of iemand anders gemaak, volledig en na my beste vermoë sal transkribeer.

(2) Geen snelskrifaantekeninge of meganiese opname van die verrigtinge van die Kommissie mag getranskribeer word nie behalwe op las van die Voorsitter.

4. 'n Beampte deur die Voorsitter daartoe aangewys, kan by die aanhoor van getuienis by die ondersoek aanwesig wees en getuienis en argumente wat op die ondersoek betrekking het, aanvoer.

5. Die Voorsitter of 'n beampte deur die Voorsitter in die algemeen of spesiaal daartoe gemagtig, moet 'n getuie wat voor die Kommissie verskyn, 'n eed oplê of van hom 'n bevestiging afneem.

6. 'n Getuie wat voor die Kommissie verskyn, kan slegs deur 'n persoon in kruisverhoor geneem word indien die Voorsitter die kruisverhoor deur daardie persoon toelaat omdat die Voorsitter dit in die belang van die werksaamhede van die Kommissie nodig ag.

7. (a) Getuienis word *in camera* aangehoor tensy die Voorsitter anders gelas.

(b) Indien 'n persoon wat getuienis voor die Kommissie afgelê het of aflê of wat opgeroep is om aldus getuienis af te lê, die Kommissie aldus versoek, mag niemand die naam of adres van sodanige persoon of enige inligting wat waarskynlik sy identiteit sal openbaar, op enige wyse hoegenaamd bekend maak nie.

8. 'n Getuie wat voor die Kommissie verskyn, kan na goeddunke van die Voorsitter en op die wyse wat hy bepaal, deur 'n advokaat of prokureur bygestaan word.

9. Die Voorsitter, 'n lid of 'n beampte kan vir doeleindes van die Kommissie se ondersoek te alle redelike tye enige perseel betree en besigtig en enige dokument wat op sodanige perseel is of bewaar word, opeis en in beslag neem.

10. Elke persoon wat diens doen by die uitvoering van die Kommissie se werksaamhede, met inbegrip van iemand wat aangestel of aangewys is om verrigtinge van die Kommissie wat in snelskrif aangeteken is of op meganiese wyse opgeneem is, te transkribeer, moet ten aansien van enige aangeleentheid of inligting waarvan hy by die vervulling van sy pligte in verband met bedoelde werksaamhede te wete kom, geheimhouding help bewaar, behalwe vir sover bekendmaking van

publication of such matter or information shall be necessary for the purposes of the report of the Commission, and every such person, except the Chairman, a member or any officer, shall before performing any duty with the Commission take and subscribe before the Chairman, any member or any officer an oath of fidelity or secrecy in the following form:

I, A.B., declare under oath affirm and declare that, except in so far as it shall be necessary in the performance of my duties in connection with the functions of the Commission of Inquiry into Subsistence and Travelling Allowances of Judges and Judges' Clerks or in terms of an order of a competent court, I shall not communicate to any person any matter or information which may come to my knowledge, in connection with the inquiry of the said Commission, or suffer or permit any person to have access to any records of the Commission, including any note, record or transcription of the proceedings of the said Commission in my possession or custody or in the possession or custody of the said Commission or of any officer.

11. No person shall publish in any manner whatsoever or communicate to any other person any proceedings of the Commission or any information furnished to the Commission or any part of any such proceedings or information, or suffer or permit any other person to have access to any records in the possession or custody of the Commission or any officer or any person referred to in regulation 3 (1), except in the performance of his duties in connection with the functions of the Commission or by order of a competent court.

12. No person shall, except in so far as shall be necessary in the execution of the terms of reference of the Commission, publish or furnish to any other person the report of the Commission or a copy or part thereof unless and until the State President has released the report for publication or until the report has been laid on the Tables of the Senate and the House of Assembly.

13. No person shall insult, disparage or belittle the Commission or a member of the Commission or prejudice, influence or anticipate the proceedings or findings of the Commission.

14. Any person who—

(a) contravenes the provisions of regulations 7 (b), 11 or 12;

(b) wilfully hinders, resists or obstructs the Chairman, any member or any officer in the exercise of any power referred to in regulation 9; or

(c) contravenes the provisions of regulation 13,

shall be guilty of an offence and on conviction liable—

(i) in the case of an offence referred to in paragraph (a) or (b) to a fine not exceeding R200 or imprisonment for a period not exceeding six months; and

(ii) in the case of an offence referred to in paragraph (c) to a fine not exceeding R1 000 or imprisonment for a period not exceeding one year.

